Varsity Special

# Die Matie

Varsity Special

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XLII Nr. 8

VRYDAG, 8 AUGUSTUS 1986

# Rugby-fees môre

Deur
CHRIS THERON
Sportredakteur

DIT is Intervarsity tyd. Díe tyd van die jaar wat die Maties en Ikeys mekaar aanvat. Dit is 'n genotvolle en plesierige tyd. 'n Tyd om 'n slag weer student in die oud-modiese sin van die woord te wees. Want Intervarsity is Tradisie.

Dit is egter ook die tyd van die jaar wat almal voorspellings verwag. En dit maak dat tydens Intervarsity alle mense wat ander tye voorspellings waag skielik verdwyn of dan sulke vae uitlatings maak dat dit byna enige situasie sal pas.

Maar ek wil baie graag 'n voorspelling hê wat spesifiek sê wat gaan gebeur.

Só: die Maties gaan 17-12 wen, dit gaan 'n mooi weers dag wees en Clark Ellis gaan 'n skitterlopie aan die gang sit wat op 'n drie onder die pale gaan uitloop.

Dis net jammer dat niemand my ernstig sal opneem nie. Selfs die mees ongeletterde mens in rugby weet dat Intervarsity al die bestanddele van 'n groot internasionale toets het.

Dis spangees, pawiljoengeraas, en konsentrasie by uitstek. Volgens Dawie Snyman, afrigter van Stellenbosch se eerstespan, is die sterre van Intervarsity daardie spelers wat later verder in rugby sal presteer, ongeag in watter span hulle ook al op die dag speel.

Die Maties het nou die kans om aan al die mense, wat glo dat Stellenbosch sy rugbytalent verloor het, juis die teendeel te bewys. Die nederlae, wat Stellenbosch die afgelope jaar by sulke opmerklike tye, gely het, maak dat baie mense die universiteit se baasskap in rugby sterk in twyfel trek.

Môre gaan die span op die veld nie om noodwendig die teendeel te bewys nie, maar noodwendig om die Ikeys aan te durf. Hulle is 'n span, wat nog nie teen 'n ander span in die Groot Uitdaagbeker verloor het nie.

Rugby sonder foute is altyd die groot ideaal, maar foutlose rugby het die moontlikheid om baie stagnant voor te kom. Wat die skares soek is opwindende rugby.

Hoe die spelers die druk wat op hulle geplaas word, hanteer gaan bepaal in watter mate die toeskouers rugby gaan sien.

Môre is die dag vir uitblinkers. Die atmosfeer is reeds geskep. Die spanne is gereed. Dis net die wag.

Kanse gaan daar wees. Die dag het die moontlikheid om 'n rugby-fees te word. Elke speler is môre van belang. Soos Dawie Snyman sê is dit nie die sterkste skakel in hulle span, wat die wedstryd gaan wen nie, maar hoe die swakste skakel vertoon.

Alhoewel baie mense seker met reg voel dat die gees agter Intervarsity deur die jare verander het, is een ding seker. Dít is die manier waarop die twee spanne mekaar op die rugbyveld benader.

Nog altyd is onvoorspelbaarheid in beide die spel en uitslag van die wedstryd 'n kenmerkende eienskap van hierdie geleentheid. Tog sal mens moet verwag dat albei spanne gaan speel om te wen. Vir die Ikeys beteken dit kanse waag, en moontlik foute maak. Vir Stellenbosch kan dit moontlik beteken om voor te kom en dan daar te bly.

Môre gaan die spelers getoets word, en na môre sal die voorspellers verduidelik waarom die uitslag só was en dat hulle dit eintlik verwag het.



Schalk Burger, kaptein van die Maties, en die Maties se sjampanjenooi, Lizma van Zyl, drink hier op Saterdag se Intervarsity teen die Ikeys op Nuweland.

## 'Matie' en 'Ikey' was skelname

BEIDE terme "Matie" en "Ikey" het as skelname ontstaan, maar hulle is gou as ername deur beide Universiteite gebruik.

In 1913 verwys Stellenbosse kwartaalblaaie na "Matie" as 'n erenaam, die gebruik van die woord dateer dus voor hierdie jaar.

Daar word twee moontlike verklarings vir die ontstaan van hierdie naam gegee:

Die een teorie beweer die naam is 'n verkorting van die woord tamatie. Hiervolgens is na die Stellenbossers eers spottenderwys as "Tamaties" verwys.

Dit was omdat hulle die kenmerkende gestreepte rooi kleurbaadjies gedra het. Tamatie is later na Matie verkort.

Die ander verkaring verwys daarna dat die meeste van Stellenbosch se studente Afrikaners was, wat van die platteland gekom het. Die verklaring beweer dat in die plattelandse atmosfeer op Stellenbosch na ouer persone as "oom" en "tannie" verwys is, en jou vriend as "maat" aangespreek is.

Die Kaapse spotter het hierdie naam aangegryp om na die "plat" en "onverfynde" studente op Stellenbosch te verwys.

Volgens advokaat Jacs Marais, wat in 1917 'n eerstejaar op Stellenbosch, was het die naam "Ikey" toe nog nie bestaan nie.

Die term moes tussen 1918 en 1920 ontstaan het, want in 1921 het die Studenteraad van Kaapstad na Stellenbosch gekom om amptelik hulle misnoeë oor die "beledigende" en "onregverdige" benaming uit te spreek.

Gedurende hierdie jare is singsongs elke middag in die saal van die Ou Hoofgebou geoefen. Een van die liedjies was "Die Stellenbosse Faam", waarvan die tweede reël "Die Kaapse *outjies* het van ons al menig maal pak gekry" gelui het.

Daar is onder leiding van Pine Pienaar en met begeleiding van Jurgens Smith lekker oor die "Kaapse outjies" gesing.

Totdat Pine die middag van die verhoog afgekondig het dat "outjies" met "Ikeys" vervang word. Die voorstel het gou byval gevind en die naam het sy debuut op Nuweland gemaak.

Toe die lied vir die derde keer gesing is, het drie van die Kaapse manne beswaar op die Matie-pawiljoen kom maak. Dit was nutteloos en slegs 'n bewys van die raakskoot wat met die nuwe naam getref is.


Jaques du Plessis, vleuel


Leon van Wyk, heelagter


Niël Burger, vleuel


Attie Slabber, slot


Jan Terblanche, flank


Guy Kebble, stut


Tiaan Strauss

## Message from UCT

**Hello all Maties,
Intervarsity this year is going to be HUGE, EXPLOSIVE and MEGA-exciting! Why? Because the IKEYS SINGERS and the IKEYS DOWN-DOWNERS and the IKEYS RUGBY-PLAYERS are going to THRASH you!**

**YES! We are going to take you on with full force.**

**This year, let's keep the spirit going, and while we do, let's not lose perspective. Let's remember that as we may sing and go crazy, there are some situations in this country where some people are not given the opportunity, for varied "reasons", to even choose to be part of any campus activities.**

**Yeah SACS!
Ann Coltham
Intervarsity Chair at UCT - 1986.**

# Maties die gunste

**Deur Anton Nel**

MATIES kan waarskynlik as die gunstelinge beskou word om die Ikeys te klop wanneer die twee Universiteitspanne mekaar Saterdag op Nuweland pak.

Dit is nou te sê as daar op die provinsiale verteenwoordiging gegaan word. Die Maties sal egter baie lig moet loop vir die Ikeys, op hierdie stadium nog onoorwonne in die WP se senior klubliga om die Groot Uitdaagbeker.

Teen die tyd besef selfs die rugby-leke dat die gees waarin die twee universiteite mekaar jaar na jaar vat, bitter min met die klaarblyklike naam-oorwig aan wattter kant ook al verband hou.

Dit is geen gewone kragmeting nie. Dis Intervarsity en derhalwe 'n amperse alternatief vir mense-oorlog.

Die Ikeys sal die herinneringe aan al die vorige nederlae graag wil uitwis en watter beter geleentheid kan hulle vra as juis Saterdag op hulle tuisveld nie.

Net omdat die Maties die Maties is en hulle die meesterbrein van die suksesvole WP-afrigter, Dawie Snyman, agter hulle het, is hulle die gunstelinge. Maar die Ikeys het logies gesien altyd 'n gelyke wenkans.

Die Matie-vyftiental boesem egter op die stadium groter vertroue in. Hulle beskik oor vyf vaste voorspelers wat hulle genoeg balbesit kan besorg om die agterspelers na hartelus te laat hardloop.

Die lostrio is een van die beste in die land, met name soos Schalk Burger, Tiaan Strauss en Jan Terblanche. Hulle is op die oomblik onstuitbaar en sal sekerlik vir die grootste deel van die Ikey-kopseer verantwoordelik wees.

Schalk Burger, wat die Maties aanvoer is, een van die mees ervare spelers op die veld en staan voor in die ry om die WP-leise oor te neem.

Stellenbosch se lostrio sal Sater dag hulle hande vol hê met di Ikey driekwarte, wat daarvoor be kend is dat hulle graag met di bal wil hardloop. Spelers aa Ikey-kant wat dopgehou mo word is Neill Edwards en Andre Kirsten.

Clark Ellis is egter die gevaar likste in die agterlyn. Hy is vir s vlymskerp breke sowel as sy aan valle uit gebroke spel bekend Stellenbosch se skakelpaar kan ' rol speel in die toepassing va druk op die tuisspan se agterly deur saam met die losvoorspeler aanhoudend die ander skakelpaar lastig te val.

Die Matie-agterlyn het genoeg vaart en slaankrag tot by s vleuels om die Ikeys se verded ging behoorlik te toets en spel oo die voordeellyn te rek.

'n Seker manier om dit te be werkstellig is om die bal so gou a

# STATISTIEK

| Jaar | Maties | Ikeys | Verskil |
|---|---|---|---|
| 1943 | 3 | 3 | [illegible] |
| 1944 | 0 | 0 | [illegible] |
| 1945 | 3 | 11 | [illegible] |
| 1946 | 0 | 11 | [illegible] |
| 1947 | [illegible] | [illegible] | [illegible] |
| 1948 | [illegible] | [illegible] | [illegible] |
| 1949 | [illegible] | [illegible] | 1 |
| 1950 | [illegible] | 5 | [illegible] |
| 1951 | 0 | 0 | 0 |
| 1952 | 8 | 24 | 16 |
| 1953 | 3 | 3 | 0 |
| 1954 | 10 | 14 | 4 |
| 1955 | 19 | 3 | 16 |
| 1956 | 5 | 8 | 3 |
| 1957 | 9 | 0 | 9 |
| 1958 | 19 | 6 | 13 |
| 1959 | 9 | 0 | 9 |
| 1960 | 11 | 3 | 8 |
| 1961 | 6 | 9 | 3 |
| 1962 | 3 | 3 | 0 |
| 1963 | 3 | 3 | 0 |
| 1964 * | 22 | 16 | 6 |
| 1965 | 3 | 3 | 0 |
| 1966 | 6 | 3 | 3 |
| 1967 | 13 | 0 | 13 |
| 1968 | 0 | 0 | 0 |
| 1969 | 20 | 15 | 5 |
| 1970 | 12 | 3 | 9 |
| [illegible] | 19 | 9 | 10 |
| [illegible] | 31 | 16 | 15 |
| [illegible] | 3 | 10 | 7 |
| 1977 | 48 | 9 | 39 |
| [illegible] | 15 | 13 | 2 |
| [illegible] | 15 | 3 | 12 |
| [illegible] | 13 | 8 | 5 |
| [illegible] | 32 | 13 | 19 |
| 1982 | 19 | 15 | 4 |
| 1983 | 28 | 9 | 19 |
| 1984 | 22 | [illegible] | [illegible] |
| 1985 | [illegible] | 12 | 20 |

# Tiaan Strauss – 'n sleu


Tiaan Strauss, die Matie flank, het vinnig sy pad oop tot provinsiale kleure gespeel.

L

AS mens hom tus vriende of by een gewilde uithangple Stellenbosch sien, dit moeilik glo d vriendelike en g boereklong wat so aard voorkom reed 'n kort tydjie so b spek en agting va nige hardebaard afgedwing het. manne soos Japie sels of Wahl Ba sal hulle dit kan b

Christiaan P Strauss, die puik flank van die WP, ter 'n snaakse pad om te kom waar h dag is. Op skoo Tiaan meestal sen speel, alhoewel sy toe reeds van sy p aal bewus was, ho gespoor het om fl speel. Daar was eg senters nie en Tiaa noodgedwonge sy p daardie posisie vo In dieselfde jaar gekies om NWK teenwoordig by di venweek vir Hoërsk

Op Stellenbosc

Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XLII Nr. 8

VRYDAG, 8 AUGUSTUS 1986

## Politieke storm dreig op kampus

Deur CHRIS BARNARD

POLITIEKE verskille op kampus het vandeesweek opnuut na vore getree deurdat die uitslag van die monstervergadering in die Studentehof beveg gaan word, en die nuwe grondwet waarvolgens studente direk die Studenteraad sal verkies, is op 'n stormagtige vergadering van die Studenteparlement goedgekeur. Volgens betroubare bronne het 'n "meer verligte groep" ook beheer oor die Ruiterwag, 'n "junior Broederbond" met invloed in die studentepolitiek, verkry.

Die Konserwatiewe Party-studentetak het bekend gemaak dat hulle die geldigheid van die monstervergadering in die Studentehof gaan betwis, omdat alle studente nie toegang tot die monstervergadering kon verkry nie, **berig Barrie Terblanché**.

### Mosie

Oopstelling van koshuise is nou amptelike beleid van die studenteunie ná meer as duisend studente verlede week op 'n monstervergadering 'n mosie waarin die oopstelling van koshuise bepleit word, met 'n meerderheid van 'n enkele stem aanvaar het.

Nadat daar twee keer oor die oopstel van koshuise gestem is, was die uitslag gelykop, met 543 studente ten gunste van oop koshuise en 543 daarteen. Me. Mardia van der Walt, onder-voorsitter van die Studenteraad en voorsitter van die monstervergadering ten tyde van die mosie, het in 'n beslissende stem oop koshuise gesteun.

Mnr. Wessels het gesê hy betreur die feit dat die mening nie deur 'n referendum getoets is nie. "Die uitsluiting van studente het veroorsaak dat die monster glad nie verteenwoordigend van die studente-unie is nie," het hy gesê.

Volgens mnr. Phillip Verster, voorsitter van die Studenteraad, is dit jammer dat sommige studente nie die vergadering kon bywoon nie.

Hy het gesê geen ander lokaal was vir die vergadering beskikbaar nie. Volgens brandregulasies word slegs 1143 mense in die Stadsaal toegelaat. Mnr. Nicolas Myburgh het geê geen student wat na 'n monstervergadering wil gaan, behoort toegang geweier te word nie.

"Die uitsluiting van sommige studente negeer die idee van 'n monstervergadering as 'n verteenwoordigende toets van studentemenings.

### Stemming

Die Studenteparlement het die nuwe grondwet waarvolgens die SR voortaan direk deur die studente-unie verkies sal word, goedgekeur, ten spyte van pogings deur twee SP-lede om die vereiste kworum te breek.

Mnre. Emile Wessels en Nickie Smit het uit die vergadering gestap, maar het na 'n tyd weer teruggekom. Volgens hulle is die korrekte prosedure vir die stemming nie gevolg nie. Hulle beoog om die uitslag van die stemming in die Studentehof te betwis, **berig Lynette Gerber**.

Volgens inligting wat DIE MATIE ontvang het, het 'n meer verligte groep die beheer van die Ruiterwag, 'n geheime organisasie vir jong Afrikanermans, oorgeneem.

Die bronne het gesê die vorige voorsitter van die Ruiterwag op Stellenbosch, mnr. Barnard Beukman, is Maandag in 'n mosie van wantroue, wat op administratiewe gronde ingestel is, verslaan.

Die bronne kan weens hul posisie binne die Ruiterwag ná die skeuring nie bevestig wie die nuwe leier is nie.

Mnr. Beukman het ontken dat hy vanjaar in enige bestuursposisie van enige politieke groep betrokke was. Volgens hom is die inligting "onwaarhede en moontlike halwe waarhede".

### Ruiterwag

Die bronne beweer dat mnr. Phillip Verster, voorsitter van die Studenteraad, agter die verligte groep se beheeroorname van die Ruiterwag is. "Ek is nie lid van die Ruiterwag nie, dus vind ek hierdie voortdurende verdagmakery sinneloos. My politieke standpunte en lyn stel ek onomwonde, en geen organisasie sal aan my voorskryf nie. Indien daar 'n sogenaamde bewindsoorname in die Ruiterwag was, is dit gesien in konteks van landsgebeure 'n positiewe gebeurtenis."

Volgens die bronne heers daar sedert die beoogde besoek van agt Maties aan die ANC einde verlede jaar verskille tussen die meer verligte en konserwatiewe faksies binne die Ruiterwag.

### Verligtes

Die faksies het ook oor heraffiliasie by die Afrikaanse Studentebond, waaroor die kampus vroeër vanjaar in 'n referendum nee gestem het, verskil. Mnr. Beukman het heraffiliasie voorgestaan, en die konserwatiewe groep binne die Ruiterwag was volgens bronne betrokke by die opstel van pamflette.

Die ope brief van 21 kampusleiers gerig aan die Staatspresident, mnr. P.W. Botha, die leier van die ANC, mnr. Oliver Tambo en kaptein Mangosuthu Buthelezi, hoofminister van kwaZulu – waarin onder meer vir die wettiging van die ANC en die vrylating van Nelson Mandela gevra is – het ook die onmin vergroot.

Die monstervergadering het volgens die bronne die groeiende onmin tussen die regse en verligte faksies op die spits gedryf.



PHILLIP VERSTER, voorsitter van die Studenteraad.

## Direkte SR-verkiesing ná drama goedgekeur

DIE nuwe grondwet vir die studente-unie is Dinsdagaand deur die SP aanvaar ten spyte van mnr. Emile Wessels, KP-voorsitter en SP-lid vir Aristea, se beswaar dat die stemming ongeldig en onwettig is.

Mnre. Wessels en Nickie Smit, buitengewone SP-lid, het uit protes die vergadering verlaat.

Mnr. Wessels het Maandag in 'n brief aan mnr. Faffie Jansen, SP-sekretaris, daarop gewys dat elke SP-lid 'n prosedure soortgelyk aan 'n verkiesing in sy kiesafdeling moet volg. Anders soudie stemming onwettig wees. Hierdie prosedure is egter nie gevolg nie, aangesien mnr. Jansen in 'n brief aan die SP-lede gesê het PSO-lede hoef slegs met hulle HK te skakel. Mnr. Wessels grond sy beswaar daarop dat die studente-unie nie effektief geraadpleeg is nie.

In die PSO-kiesafdelings, wat die grootste gedeelte van die studente-unie uitmaak, sou die reël van vergaderings en 'n formele stemming volgens mnr. Jansen prakties nie suksesvol gewees het nie.

Dit is op grond hiervan dat hy HK-skakeling voorgestel het. Hy erken egter dat dit nie – soos vereis word – soortgelyk aan verkiesingsprosedure is nie.

Mnr. Phillip Verster, SR-voorsitter, voel dat die studente-unie verlede semester reeds in DIE MATIE om deelname aan die grondwetlike veranderings gevra is, en dat hulle bydraes kon lewer deur met hulle HK- en SP-lede te skakel.

Die SP-lede is egter volgens mnr. Verster die mees bevoeg om oor die toekoms van die stelsel te besluit.

In antwoord op die beswaar van mnre. Smit en Wessels sê mnr. Verster dat inligting wel aan al die lede van die studente-unie beskikbaar was.

Of die SP-lede reg opgetree het met die stemming in hulle kiesafdelings sal die Studentehof moet beslis.

Mnr. Wessels het uit protes die vergadering verlaat aangesien hy nie deel wou hê aan die "onwettige prosedure" nie.

Volgens hom is dit nie genoeg dat die studente-unie inspraak het in die opstel van die nuwe grondwet nie, maar kan hulle nie die reg aan deelname by die finale aanvaarding ontsê word nie.

Mnr. Smit het die vergadering saam met mnr. Wessels verlaat omdat hy voel dat dit sinneloos sou wees om oor so 'n belangrike saak te stem as mnr. Verster daarvan oortuig is dat die SP onbekwaam en nie effektief is nie.

Die afgelope twee vergaderings was daar nie 'n kworum teenwoordig nie.

Mnre. Wessels en Smit het na hulle uitgestap het weer by die vergadering aangesluit omdat hulle verdere sake wou bespreek. Direk na die stemming – 44 vir en 2 teen die mosie, terwyl 5 mense buite stemming gebly het – het ander SP-lede die vergadering verlaat en kon niks verder bespreek word nie.

"Die SP is uit onbekwame lede saamgestel," en dit spreek volgens mnr. Verster duidelik uit mnr. Wessels en Smit se optrede.

Hy het verder gesê die SP trek die verkeerde tipe mense en dat mnr. Wessels een van hulle is.

Volgens mnre. Wessels en Smit is mnr. Verster negatief ingestel is teenoor die SP en volgens mnr. Smit het hy gereeld in " heethoofdige uitskelsessies" uitgebars.

Mnr. Wessels het mnr. Verster se optredevergelyk met die van 'n laerskooldirigent wat skree:'Julle moet nou sing, of!' . Die SP het volgens mnr. Wessels met lewendige debat weggespring, maar mnr. Verster het bygedra tot die SP se keldering.

Beide mnre. Wessels en Smit verwag 'n verskoning van mnr. Verster en gaan die saak in die Studentehof verder voer.

## Kunsfakulteit verbeter ná student se floute

UITSUIGWAAIERS gaan in 'n lokaal in die kunsfakulteit aangebring word nadat 'n student einde verlede semester deur giftige dampe oorval en in die hospitaal opgeneem moes word, het kol. Ivan Bester, hoof van Riskobestuur, bekend gemaak.

Me. Mignon Deacon, 'n student in haar derde jaar, het gedurende die eksamen in die sifdrukateljee weens blootstelling aan gasdampe ineengesak.

Volgens haar het die kunsstudente reeds vir 'n paar maande vóór die voorval hoofpyne en ander newe-effekte van gasdampe ondervind terwyl hulle in die ateljee gewerk het.

Klaarblyklik is daar slegs twee weke voor die voorval 'n voorstelbrief vanaf die kunsdepartement aan die owerhede gestuur om die ventilasiestelsel te verbeter.

Die probleem is vererger toe Kampusbeheer om sekuriteitsredes die vensters verander het dat dit slegs 'n klein entjie kon oopmaak. Me. Deacon en ander studente moes noodgedwonge aanhou om daar te werk aangesien hulle hul prakties moes inhandig

Me. Deacon het die ateljee verlaat en na 'n kamer langsaan gegaan toe sy sleg begin voel het. Sy het spiersametrekkings gekry en het gesukkel om asem te haal. Me. Anette Orth en haar suster, me. Chantal Deacon, wat ook kuns studeer, het haar na die hospitaal geneem.

Volgens kol. Ivan Bester, hoof van Risikobestuur, het die studente onder die toesig van mnr. G. Botha, 'n deeltydse dosent, in die sifdrukateljee gewerk.

Gewoonlik gebruik die studente terpentyn om hulle apparaat mee skoon te maak. Me. Deacon het 'n ander skoonmaakmiddel, "autotype screenstripper", gebruik. Dit word nie deur die kunsfakulteit voorsien en gebruik nie omdat dit te duur en gevaarlik is.

Volgens kol. Bester is soortgelyke uitsuigstelsels reeds in die ander afdelings van die kunsdeparteweliersafdeling, soos die etswerkswinkel en die grafiese afdeling aangebring. Die sifdrukateljee was volgens hom die enigste lokaal in die kunsfaskulteit waar dié fasiliteite nog ontbreek het.

"Aangesien die universiteit nou ook onder die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid val, is dit wetlik verpligtend dat personeel, studente en ander betrokkenes onveilige toestande sal aanmeld sodat die nodige stappe betyds geneem kan word om die veiligheid van alle betrokkenes te verseker," het hy gesê.

# ‘Struktuur’ by Neelsie probleem, sê SR-lid

Deur CORNIS VAN DER LUGT

EFFEKTIEWER diens in die Neelsie sal gepaard moet gaan met strukturele veranderings, sê me. Margot Locherenberg, SR- lid vir LSS.

Gedurende die vakansie is die kitsarea in die Gat gedupliseer nadat twee studente, mnre. Derek Beukes en Philip Steynberg met 'n petisie onder studente wou begin oor die geriewe in die Neelsie.

Volgens haar sien sy die huidige veranderings as voorlopig en sal eers daarby “berus”.



Derek Beukes

Sy het egter daarop gewys dat die “struktuur” van die Neelsie nie diegroot getal studente wat skielik na die sentrum gestroom het, kon hanteer nie.“Die SR hou die situasie in die Neelsie gedurig dop,” het sy bygevoeg.

Volgens mnr. J.W.F. Treurnicht, bestuurder van die LSS word daar voortdurend beplanning gedoen om toestande te verbeter, maar weens finansiële probleme kon groot struktuele veranderinge nog nie aan die gebou aangebring word nie. Volgens hom is klagtes oor die diens te wyte aan “onvoorsiene omstandighede” soos kasregisters wat breek.

“Ek voel dat daar behoefte is aan 'n duidelik opgestelde rooster wat die spesifieke dienstye van personeellede in die Neelsie van uur tot uur stipuleer. Dit sal voorkom dat studente soms op spitstye slegs een persoon by 'n kasregister aantref en doeltreffendheid sal verhoog word,” het me. Locherenberg gesê. Sy is egter van mening dat effektiewer diens gepaard sal moet gaan met struktuele veranderinge aan die Neelsie.

Mnr. Treurnicht het bevestigdat die personeel wel oor 'n werksrooster beskik. Die toetrede van koshuisstudente tot die kredietstelsel het 'n groter aanvraag laat ontstaan wat moes bevredig word. Die nuwe kitsarea het hierdie aanvraag bevredig.

Me. M.C. Marais, voedseldiensbestuurder van die studentesentrum het gesê dat foute wel ontstaan weens die feilbaarheid van masjiene en druk op die personeel, maar dat hulle altyd effektiwiteit nastreef.

Me. J. Nel, 'n toesighoudster by die kombius, meen dat die personeel onder omstandighede hul beste gee en dat daar personeellede is wat besonder harde werk verrig en nie kritiek verdien nie.

Volgens me. Locherenberg debatteer die SR lank reeds oor die betrokke probleem en word die situasie voortdurend dopgehou

Mnre. Steynberg en Beukes het verlede semester 'n vergadering met die vise-rektor, Prof. Roux de Villiers, en ander amptenare gehou waartydens besware aangaande diens in die Neelsie geopper is. Kort hierna is die huidige veranderinge deur mnr. Treurnicht aangekondig.

# Ou Hoofgebou word ‘nuut’ ná duur restourasie



RESTOURASIE van sowat R800 000 aan die Ou Hoofgebou nader tans voltooiing en behoort teen November gereed te wees vir die viering van die gebou se honderdste bestaansjaar.

Volgens prof. F. Smuts, professor in Latyn, sal nuwe banke en oudiovisuele toerusting in die twee groot lesingsale installeer word.

Die banke in die Latynklas waarop die name van bekende oud-studente gekrap is, bly egter dieselfde “vanweë die groot historiese waarde daarvan”.

Geen verandering word aan die gebou se uiterlike aangebring nie.

Prof. Smuts het daarop gewys dat plaveisel voo die gebou gelê, straatlam pe aangebring en di paadjies en tuine netjies gemaak gaan word.

Die koste vir die resto rasie word deur die Sta gedra.


# OUDEKRAAL

**BIRDSTRAAT 33 TEL. 72642**

*ONS HET JULLE NODIG OM ONS SPYSKAART TE PROBEER*




**SPECIALS:** *Oudekraal Bekrek Burger*......R2,95
*Hoender a la King*......R3,95
*Steak Platter*......R5,50
*Oudekraal Slaai*......R2,95
*Oudekraal Veg Platter*......R2,50
*Oudekraal Pizzas*......R4,95
*asook visgeregte, die beste biefstukke in Stellenbosch en so aan, en so aan . . .*

**VOORSPOED MET DIE INTERVARSITY MATIES – MAAK HULLE SAT!**

# Clegg – African rhythm remains

**ANNEMARIE VAN WYK talked to Johnny Clegg about Savuka's past, present and future.**

AVW: In which way do Savuka and Juluka differ?

JC: We do a lot of songs that I wrote. Juluka had mainly two guitars and a keyboard on stage. Savuka has two keyboards, a lead guitar and bass guitar, which accounts for a broader texture of sound than Juluka produced.

AVW: Some critics say that your music has become more "westernised". Do you agree?

JC: No, I don't think so. The African rhythm is still there. Synthesisers are not widely used in Africa, although a lot of African bands have started to use them.

AVW: Would you say that without Sipho Mchunu's influence your music has taken a different direction?

JC: I'll tell you what people should do. They should wait for the Johnny Clegg and Savuka album to be released. The "Third World Child" album is more westernised, because when I did that album Sipho wasn't entirely certain whether he was going to leave the band or not. The producer of my album advised me not to use the African influence, because Juluka might be getting back together again. During that period there were songs that I wanted to write and subjects that I wanted to deal with, so I released the album, and it is doing well. It is on it's way to becoming a golden record.

AVW: Are you aiming to reach a wider market with Savuka than you did with Juluka?



JC: I wish I could get the market that Juluka had. Juluka had a very wide market. We played in townships, universities and commercial shows in city halls throughout the country. We also had great success overseas.

AVW: Could you compare Juluka's success overseas with Savuka's success overseas earlier this year?

JC: I think we had a quicker success than with Juluka. With Juluka it took us four years to break into the international market. This band is three months old. In two months we played in two countries overseas and we'll probably be doing a tour of West Africa again in October or early next year. We'll also do a tour of France. To be more specific, we'll be touring Senegal, Guinea Bissau and the Ivory Coast.

AVW: How do overseas audiences compare with South African audiences?

JC: Although they're a lot more critical overseas, they're a lot more receptive. They give your music a chance, but they also give it a hard look. Back home we tend to have a condescending attitude to our music. However, I still believe that there's a lot of future for South African music. What I am saying is that the man on the street, who isn't in any way involved in the arts, responds to the Top Twenty on the different radio stations, which is all international music. We are fighting this now and trying to get a movement together. South African artists will actually lobby for support on the radio stations.

AVW: Do you think that as the political situation in South Africa becomes more tense, your music is becoming more politically orientated?

JC: Yes, definitely. I wrote a song about Nelson Mandela, but it also has references to other people involved politically, people who have died in detention, like Steve Biko and Neil Aggett.

AVW: Do you have any special message for Stellenbosch students?

JC: Yes. Juluka was refused permission to play here in 1983. We were told that they, I think it was the SRC, didn't like the way in which we were "mixing our cultures". We actually wanted very much to come and play here, so we are very happy that we could so now, and that we were so well received.



Johnny Clegg se onuitputbare energie het duidelik uit sy dansroetines geblyk.

# Savuka superprofessioneel en propvol energie

OMTRENT 1500 studente het Saterdagaand in die Gat byeengekom vir Johnny Clegg en Savuka se eerste konsert op Stellenbosch.

Toe Clegg en Savuka op die verhoog verskyn, het die skare in afwagting vorentoe gestorm. Dit is onmoontlik om nie deur hulle ongelooflike energie geraak te word nie.

Baie van die ou Juluka het nog geblyk in liedjies soos "Impi" en "Scatterlings of Africa", wat die hoogtepunt van die aand was. Maar hier was 'n meer gesofistikeerde, meer afgeronde Clegg, tesame met 'n nuwe, superprofessionele groep.

Clegg het twee sintetiseerders by die inheemse ritme gevoeg om 'n breër klankmengsel te verkry. Met Clegg se sensitiewe lirieke en sy en Ondu Zulu se asemrowende dansroetines was die groep bestem om die hart te bereik. Dit laat 'n mens werklik Afrika beleef.

Savuka beteken "ons het opgestaan", en dit is presies wat hulle gedoen het. Hul energieke vertoning het mens van die begin tot die vurige grand finale geen blaaskans gegun nie.

Die groep bestaan uit Steve Mavuso op klawerbord, sy broer Jabu op baskitaar, Derek de Beer op tromme, Keith Hutchinson op saksofoon, fluit en klawerbord en Duda Zulu op slaginstrumente.

Studente se goeie gedrag en samewerking was kenmerkend van die konsert. "Dit het die grondwerk gelê vir soortgelyke gebeurtenisse in die toekoms. Hopelik sal die LSS in die toekoms weer daarvoor beskikbaar wees," het mnr. Kobus Conradie, die vorige besturende direkteur van Radio Matie, gesê. Hy het in besonder die Sentrum se bestuurder, mnr. J.W.R. Treurnicht, bedank vir sy samewerking.

Die konsert is deur Radio Matie en die Intervarsitykomitee aangebied om fondse in te samel.

# Dagbreek hou groot makietie

DAGBREEK het verlede Vrydag en Saterdag sy 65ste verjaardag gevier.

Ongeveer 120 oud-Dagbrekers van so ver as Windhoek en Johannesburg was teenwoordig vir die verjaardag-reünie.

Die vieringe het Vrydagmiddag met 'n middagete begin. Die Springbok-rugbyspeler Faffa Knoetze en die WP-spelers Schalk en Kobus Burger, almal oud-Dagbrekers, was onder die eregaste.

Later is 'n huisvergadering gehou. 'n Mosie van mnr. Tobie van Schoor, die huidige prim, om 'n trustfonds in die lewe te roep met die oog op Dagbreek se 75ste verjaarsdagviering, is aanvaar. 'n Raad van trustees is daarna verkies.

Saterdagoggend het die oud-studentespan Dagbreek se eerste rugbyspan met 27 teenoor 17 gewen.

Dagbreek is in 1922 voltooi en het bekend gestaan as die John Murray-huis. John Murray was die seun van ds. Andrew Murray wat as predikant van Skotland na Suid-Afrika gekom het. Hy was een van die stigters van die destydse Victoria College wat later die Universiteit van Stellenbosch geword het. In 1929 is uitbreidings aan die koshuis voltooi. Dit het onder meer 'n eetsaal, kombuisgeriewe, 'n ontspanningsaal, leeskamers en sitkamers ingesluit.



Dagbrekers by die spitbraai tydens die verjaardagreünie.

Nadat dit voltooi is, het die koshuis die noemnaam Dagbreek gekry.

Bekende oud-Dagbrekers is dr. H.F. Verwoerd, hoofregter L.C. Steyn en gewese Eerste Minister advokaat B.J. Vorster.

● Nog 'n koshuis wat vroeër vanjaar sy verjaardag gevier het, is Monica, wat op 14 Mei sestig geword het.

'n Onthaal is gehou waarby ongeveer 50 oud-inwoners teenwoordig was. Eregaste by die geleentheid was me. Matieland, Lemaryn Louw, tennisspeler Schalk van der Merwe en Springbok-rugbyspeler Faffa Knoetze.

Monica is op 14 Mei 1926 ingewy – 'n geleentheid waarby die hele destydse kabinet (insluitende die Eerste Minister, Generaal Hertzog) teenwoordig was.

# RM: die storie agter die lawaai

Deur MARINUS VON RAVENSTEIN

*"Spe-shull People . . ."*

Salig onbewus van die kledingsinstruksies, het ek in denim en blou trui (vissermansteek) by Radio Matie se afskeidsgeselligheid opgedaag. Uiteindelik kon ek geredelik met die bestuurslede meng en die storie agter die storie agter die lawaai waarmee 'n mens daagliks in die Neelsie gekonfronteer word, uitpluis.



Pieter van Zyl (regs) ontvang sy "dummy"-prys van Kobus Conradie.

Veral opvallend van die RM bestuur is die kameraderie wat onder die lede heers. Selfs tydens die bestuursverkiesing is die spanning dikwels deur kwinkslae en 'n goedhartige geskerts onder lede verbreek.

Dit is dus duidelik dat Maria Esmeyer, die nuwe besturende direkteur, 'n soliede personeelbasis het vanwaar sy die uitdagings wat die volgende termyn inhou die hoof sal kan bied.

Probleme is daar wel. Radio Matie moet tans die studenteraad na die oë kyk vir die gebruik van die SR-rekenaars en -woordverwerker waarop die hele RM-katalogus van meer as 4 000 plate gestoor word.

Die voormalige besturende direkteur, Kobus Conradie, sê dat sy termyn onder baie tegniese probleme gebuk gegaan het. Hy sou graag meer sport en nuus op die stasie wou sien.

Maria se persoonlike doelwitte vir die komende termyn sluit sport-, aktualiteit- en spesifiek gerigte musiekprogramme in, asook programme wat studente se sosiale bewuswording sal aanwakker. 'n Opkikkering van die nuusdepartement is een van haar topprioriteite.

*"Spe-shull Situa-shunns . . ."*

Die klankkontrole (of gebrek daaraan) onder in die Neelsie skep nog baie probleme. Volgens Maria word die volumevlak aangepas volgens die hoeveelheid mense op 'n gegewe tydstip in die Neelsie; 'n verskuiwing van die klankversterker sal hierdie probleem dalk uitskakel.

Veral die geselsprogramme ly onder die klankprobleme. Geselsprogramme is uiteraard daarop gemik om die persoon met wie gesels word gewild en belangrik te laat voel; wanneer die program dus te hard of te sag aangebied word, faal dit jammerlik. Prof. de Vries het byvoorbeeld geklink soos iemand wat goed gekonfyt is in deklamasie à la P.W. Botha; Phillip Verster het meedoënloos en verbete geklink - ek het agter een van die pilare gaan skuil tot hy klaar was, so skrikkerig het hy my gemaak - en 'n bespotlike gegiggel was al wat mens van die arme Nataniël le Roux se gebabbel kon uitmaak.

Die stasiepersoneel se grootste droom is om 'n nuwe, ruim ateljee te bekom, asook die verkryging van beperkte FM-golflengte uitsaairegte waarvolgens RM-uitsendings dan oor enige radio binne die Stellenbosse opvanggebied gehoor sal kan word.

Die Minister van Buitelandse Sake, mnr. Pik Botha, se toestemming moet egter eers verkry word. Die Koördinerende Kampusradio-organisasie (KOSRO), waarvan RM deel is, werk op die oomblik hieraan.

*"Spe-shull Radio Stashunn . . ."*

Waarom die groot klem op konserte? Volgens Kobus (ook vise-president van KOSRO) is die bevordering van plaaslike kunstenaarstalent een van die organisasie se grootste oogmerke. Alhoewel vorige konserte soms swak bygewoon is (bv. dié van Petit Cheval), is Kobus beïndruk met die gul ontvangs wat Savuka onlangs op die kampus ontvang het. Tans word daar met Hotline en Sipho Hotstix Mabuse onderhandel met die oog op moontlike optredes.

"*. . . Radio Matie-heeeee . . .*"

# INTER-BROKKIES

## Polisie tree op by Wits

JOHANNESBURG. – Altesaam 48 studente en akademici van die Universiteit van die Witwatersrand is op 30 Mei in hegtenis geneem nadat hulle protes aangeteken het teen die aanhouding van 'n Wits-student, mnr. Ronnie Makgosi.

'n Optog na die Hillbrow-Polisiekantoor is by die Braamfonteinse Burgersentrum deur die Polisie voorgekeer. Die protesteerders het die Polisie se waarskuwing om uiteen te gaan, verontagsaam en gaan sit. Tien studente, onder wie die SR-voorsitter, me. Claire Wright, is in hegtenis geneem.

Dertig studente het uit protes teen die Polisie se optrede met 'n tweede optog begin. Hulle is ook in Braamfontein deur die Polisie gevra om uiteen te gaan. Hulle het geweier en die Polisie het hulle met knuppels en sambokke uiteengejaag. Drie mense is in hegtenis geneem, terwyl sestien mense later by Wits se mediese sentrum behandel is.

## Verslag oor maatreëls

KAAPSTAD. – Die regsfakulteit van die Universiteit van Kaapstad het in samewerking met twee lede van die regsfakulteit van die Universiteit van Stellenbosch 'n dokument oor die noodmaatreëls opgestel.

Die dokument is daarop gemik om as "grondslag te dien vir groter geregtelike beheer" oor die noodmaatreëls.

Prof. Barry Dean, hoogleraar in publieke reg aan die UK, bestempel die dokument as "baanbrekerswerk". "Dit is 'n projek vir openbare veiligheid."

Die dokument beslaan 117 bladsye en bied 'n oorsigtelike beeld van dié dele van die land wat deur die noodmaatreëls geraak word asook gebiede wat tot onrusgebiede verklaar is.

## Min kuierplek op Kovsies

BLOEMFONTEIN. – Te min kuierplek op die kampus van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het aanleiding gegee tot 'n ondersoek na die oopstelling van manskoshuise vir besoek deur vrouestudente.

Irawa, studentekoerant van die UOVS, het die ondersoek geloods.

Die koerant berig dat studente voel slegs manskoshuise vir beperkte tye oopgestel moet word aangesien vroue "meer gesteld is op privaatheid".

Studente beskik reeds oor 'n "verantwoordelikheidsin" en sal daarom nie die oopstelling misbruik nie. Diegene wat die nuwe reëling sal misbruik, het reeds die huidige reëls oortree, het Irawa beweer.

'n Verdere voordeel van oopstelling is dat dit die leegloop van koshuise sal beperk, het studente gesê.

## Studente kla oor kos

DURBAN. – Meer as seshonderd swart studente aan die Universiteit van Natal het spysenierstoerusting beskadig en kos op die vloere van kombuise en eetsale gegooi. Die studente het teen die gehalte van die kos in die kafeteria geprotesteer.

Die studente, wat die kafeteria reeds vir ses weke boikot, het ook na 'n ander kafeteria op die kampus marsjeer waar kos ook op die vloere gegooi is.

# Almal by technikons toegelaat

DURBAN. – Die Komitee van Technikonhoofde het in beginsel saamgestem dat toelating tot technikons bloot op akademiese eerder as rassegrondslag bepaal moet word

Dr. T. Shippey, voorsitter van die komitee, het 'n persverklaring in dié verband uitgereik.

"Opleiding by technikons is basies beroepsgerig, wat dus die nouste moontlike samewerking met die handel en nywerheid impliseer," luidens die verklaring.

Volgens wetgewing moet die werkplek vir alle rasse oopgestel word. Opleiding by technikons word tans op 'n grondslag van rasseskeiding aangebied.

Die komitee gaan hul standpunt aan die Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, dr. Gerrit Viljoen, voorlê.

# Dwelms op Oxford

OXFORD. – Die dood van 'n student weens 'n oordosis dwelmmiddels het daartoe gelei dat dwelmmisbruik onder studente aan die universiteit van Oxford aan die lig gekom het.

Die 23-jarige me. Olivia Channon, dogter van die Britse minister van handel en industrieë, mnr. Paul Channon, is ná 'n wilde fuifparty dood in 'n koshuiskamer aangetref.

Me. Channon se familie het ontken dat sy moontlik selfmoord gepleeg het. 'n Selfmoordtipe brief in me. Channon se handskrif is in haar woonplek gevind. Volgens haar familie is die brief maande gelede, ná 'n onderonsie tussen me. Channon en haar vriend, geskryf.

Mnr. Sebastian Guinness, neef van me. Channon en lid van 'n skatryk Britse bierbrouersfamilie, is deur die polisie ondervra en aangekla dat hy heroïen aan haar verskaf het.

Saam met mnr. Guinness moes me. Rose Johnston en mnr. Nicholas Vent in die hof verskyn op klagte van dwelmverskaffing- en besit. Hulle het saam met me. Channon 'n huis gedeel.

### Dwelmprobleem

Graaf Gottfried von Bismarck, agterkleinseun van die beroemde Otto von Bismarck, is ook lank deur die polisie ondervra voor hy op borgtog vrygelaat is. Me. Channon is in sy kamer dood aangetref.

'n Woordvoerder van die universiteit van Oxford het ontken dat studente van die universiteit 'n ernstige dwelmprobleem het. Hy het gesê chaotiese dronkpartye ná eksamens het wel 'n "lastigheid" geword.

Volgens die Engelse dagblad, die Daily Mail, het oordadigheid en Oxford oor die jare heen sinoniem geword.

Lede van die Oxford-Set, soos die ryk studente wat veral in die dwelmskandaal betrokke is, bekend staan, se sosiale verkeer vind lank reeds in verskeie informele klubs plaas.

Klublede word sorgvuldig gekeur, en sommige van dié klubs se oogmerke is bisar.

### Wynkroeg

Die jong graaf Von Bismarck is lid van twee van dié klubs. Die "Piers Gaveston Society", een van Oxford se berugste klubs, en die "Loaders Drinking Club".

Die "Piers Gaveston" is vernoem na Eduard die tweede se minnaar. Hierdie klub was vroeër net oop vir homoseksuele.

Klublede van die "Piers Gaveston Society" vergader gereeld in 'n private kamer in 'n wynkroeg naby Christ Church.

Hierdie was een van die laaste plekke wat me. Channon kort voor haar dood met haar vriende besoek het.

'n Werker by die kroeg het gesê klublede gee nie eintlik om wat daar te ete is nie, solank daar net genoeg drank is.

Studente vertel dat dwelmmiddels vryelik by dié partytjies beskikbaar is.

Me. Channon was lid van 'n vertakking van die Guinness-familie en sou skatryk van haar miljoenêr-pa erf. Sy het drie jaar gelede na Oxford gegaan om 'n graad in die ekonomie en staatsleer te verwerf.

Sir Geoffrey Warnock, hoof van Oxford se Hertford College en vise-kanselier van die universiteit van Oxford vanaf 1981 tot 1985, het gesê dit is onmoontlik om dwelmmisbruik by 'n universiteit met 12 000 jong mense uit te roei.




# 'Poets' ontaard in koshuisbrand

Deur MICHAEL JORDAAN

GRAHAMSTAD. – 'n Studentepoets wat handuit geruk het was waarskynlik die oorsaak van 'n brand wat ernstige skade aan 'n koshuis van die Universiteit van Grahamstad aangerig het.

Twee studente is in die voorval beseer. Een is deur 'n dakteel getref toe hy sy klasnotas wou red. 'n Ander het in sy haas om uit die brandende gebou te ontsnap in 'n boom vasgehardloop en harsingskudding opgedoen. Albei is in die Settlers-Hospitaal behandel en ontslaan.

Die meeste van die sestig inwoners van die koshuis Graham House het al hulle klere, handboeke en klasnotas in die brand enkele dae voor die half-jaarlikse eksamens verloor.

Die brand het in die kamer van 'n honneurs-student in die sielkunde, mnr. Doug Kidd, ontstaan. Goiing teen sy kamermure het vlamgevat. Binne enkele oomblikke was die hele boonste verdieping van die koshuis van drie verdiepings in ligtelaaie.

Volgens mnr. Kidd wou die enigste brandblusser op die verdieping nie werk nie. Dele van die dak het ineengestort, en op die laer verdiepings is skade deur water van die brandweer aangerig.

Tweede-offisier Norman Reilly van die Grahamstadse brandweer het gesê hulle moes meer as 'n uur sukkel om die vlamme onder beheer te bring. Daar was gevaar dat die brand na aangrensende geboue kon versprei.

Die studente het tydelik in 'n hotel tuisgegaan tot ander huisvesting gevind is.

BARCLAYS VERLANG DINAMIESE JONG GEGRADUEERDES

Barclays bied jou gestruktureerde indiensopleiding; gereelde onderhoude om die vordering van jou loopbaan met jou te bespreek en voorstelle aan die hand te doen; opleiding in bestuurs- en opleidingsgeleenthede in Brittanje, Amerika of die Verre Ooste.
Boonop is gespesialiseerde opleidingsprogramme oor inligtingstelselstegnologie en landbou-adviesdienste onlangs ingestel.

DAAR'S TALLE GELEENTHEDE IN

• Korporatiewe Bankwese • Industriële Bankwese • Kleinhandel-bankwese
• Internasionale Handel en Finansiering • Aksepbankwese • en baie ander.

Kom gesels met ons tydens ons werwingsveldtogte op die kampus of skryf aan die Personeelbestuurder, Bestuursontwikkelingsprogramme, Posbus 1153, Johannesburg 2000. Telefoon (011) 632-9111.
Ons sal jou toekomspakket in die wêreldwye Barclays-groep bespreek.

BARCLAYS
Die Bank

BARKER McCORMAC 4066/2/A

Venetti

SPORTDRAG

TEL. 70240/1

ONS IS INGESTEL OP DIE STUDENT
'N EIE IDENTITEIT IN GROEPSDRAG
— SPESIALE ONTWERP
— GOEIE KWALITEIT
— GOEIE PRYS
— MOOI KLEURKOMBINASIES



KONTAK BETTIE STEENKAMP W 70240/1 H 4395

GIGGLES UNISEX HAARSALON

ANDRINGASTRAAT (Langs Wilhelms)

Kom na ons vir vriendelike diens en vriendelike pryse

Tel: 3908

ASB-KONGRES

# Apartheid bied nie beskerming

Deur ILSE CILLIERS

**MNR. MARTHINUS VAN SCHALKWYK, oud-president van die Afrikaanse Studentebond en voorsitter van Jeugkrag Suid-Afrika, het sy mening oor die doel en toekoms van Jeugkrag en die rol van die Afrikaner-jeug in 'n onderhoud met DIE MATIE gelug:**

"Jeugkrag het ontstaan omdat ek en 'n aantal ander persone gevoel het 'n jeugorganisasie, wat hom uitsluitlik op politiek toespits, is nodig. Lidmaatskap is wyer as net studente en blankes. Enige persoon tussen die ouderdomme 18 en 35 kan aansluit.

"Ons wil mense betrek wat glo in werklike verandering. Nie verandering wat die resultaat van druk is nie. Jeugkrag wil 'n meningsvormer wees in die proses van verandering. Myns insiens geskied verandering tans te stadig.

"Jeugkrag wil die jeug betrokke kry by die politieke proses en hulle polities opvoed. Veral die blanke jeug is polities nie op standaard in vergelyking met ander rassegroepe nie. Ons is nie polities geletterd genoeg om saam met die swart jeug om die konferensietafel te praat nie.

"Blank en swart moet in aanraking met mekaar kom sodat vrese en onkunde uitgewis kan word.

"Jeugkrag ondervind beslis negatiewe reaksie. Veral vanaf ver-regse groepe in Transvaal en die Vrystaat. Tydens ons stigtingsvergadering vroeër vanjaar in Pretoria was daar betogings deur regse groepe. Daar is mense wat nie saamstem met ons doelstellings van magsdeling en 'n vryemarkstelsel nie.

"Die Afrikanerjeug het 'n baie belangrike rol om te speel. Ons moet nooit ons belangrikheid onderskat nie. Afrikanerjeug moet aanvaar dat Apartheid geen beskerming bied nie.

"Wat die Regering as ononderhandelbaar stel naamlik die Groepsgebiedewet en afsonderlike skole, is myns insiens juis onderhandelbaar.

"Ons moet besef dat ons 'n numeriese minderheid is en ons strategie daarby aanpas. Deur optrede en inset moet ons onsself onmisbaar maak.

"Blank en swart moet op ideologiese gronde saamgesnoer word. Die uiteindelike verskil lê nie tussen bevolkingsgroepe nie, maar is in ideologieë."



Mnr. Marthinus van Schalkwyk, oud-president van die ASB en voorsitter van Jeugkrag SA.

# Skole wanordelik

POTCHEFSTROOM. – Dr. Gerrit Viljoen, Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, het op die ASB-kongres gesê wanordelikheid by sekere swart onderwysinstellings sal nie onbepaald geduld word nie. "Beskikbare fondse sal op ander plekke aangewend word waar dit wel verantwoordelik bestee sal word."

Volgens dr. Viljoen het die onlustoestand 'n punt bereik waar indringend gekyk moet word na die praktyk en gehalte van onderwys in talle swart skole in die lig van die wanorde en gebrek aan dissipline.

Aangesien groot bedrae geld aan onderwys bestee word, het dr. Viljoen gesê dringende maatreëls is nodig om te verseker dat die onderrig werklik geskied as 'n "vrug van die groot besteding".

Dr. Viljoen het radikales gewaarsku om nie rewolusie te probeer bevorder en leerlinge polities te breinspoel nie. "Die staat sal dit ten sterkste teenstaan. As dit egter 'n strewe is na groter gemeenskapsdeelname en groter relevansie van die onderwys vir die betrokke gemeenskap, sal daaroor onderhandel word."

Volgens dr. Viljoen sal onderhandelinge oor hoë staatkundige hervorming nie suksesvol deurgevoer kan word tensy dit berus op openhartige kommunikasie nie.

"Sonder om daardeur hoegenaamd ons uitgangspunte van eie woongebiede, eie gemeenskapslewe en eie skole in gedrang te bring, is dit noodsaaklik dat ons met doeltreffende kommunikasie op skool- en universiteitsvlak die isolasie, wanbegrip en gebrek aan onderlinge vertroue wat op jeugvlak bestaan, deurbreek," het dr. Viljoen gesê.

Die proses van politieke hervorming sal ook ekonomiese veranderinge teweeg bring. Dit behels onder meer 'n billiker verspreiding van geleenthede tot rykdom onder alle bevolkingsgroepe, die skepping van werksgeleenthede en 'n heroriëntering van staatsuitgawes om die aansprake van swart gemeenskappe op maatskaplike dienste te bevredig.

# Stabiliteit nodig

POTCHEFSTROOM. – Prof. Willie Esterhuyse, dosent in die filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch, het op die ASB-kongres gesê mense wat glo dat daar vrede in swart woonbuurte sal kom as Nelson Mandela en ander politieke gevangenes vrygelaat word, verkeer onder 'n wanindruk.

Volgens hom hang sosiale stabilisering in die swart woonbuurte van drie faktore af.

Ten eerste sal swartmense meer geredelik hulle eie belange moet beveilig namate toekenning van eiendomsregte aan hulle bespoedig word.

Tweedens kan die positiewe rol wat organisasies soos die Soweto Parents' Crisis Committee in die stabiliteit van die swart woonbuurte kan speel, nie betwis word nie.

In die derde plek kan sosiale stabiliteit in swart woongebiede nie verwag word voordat duidelikheid nie verkry is oor die akkommodasie van swart aspirasies in die Regeringstruktuur nie.

"As Suid-Afrikaners ernstig is oor demokratisering, kan die Groepsgebiedewet nie bly voortbestaan nie," het hy gesê.

# ASB nie polities

POTCHEFSTROOM. – Mnr. Marthinus van Schalkwyk, vorige president van die Afrikaanse Studentebond, het jong mense gevra om nie die huidige landsprobleme te ontduik nie.

Mnr. Van Schalkwyk het dié beroep op die ASB se 38ste Bondskongres gedoen. Die kongres is van 15 tot 18 Julie by die Potchefstroomse Universiteit vir CHO gehou.

In sy presidentsverslag het mnr. Van Schalkwyk gesê die ASB het die afgelope termyn die noodsaaklikheid van sy bestaan gewys.

"Die ASB is geen politieke organisasie nie. As jong Suid-Afrikaners wat onlosmaakbaar deel is van alles wat in Suid-Afrika gebeur, mag ons egter nooit ons koppe in die sand steek en hoop die huidige probleme het verdwyn as ons weer ons koppe uit die sand haal nie," het hy gesê.

Mnr. Van Schalkwyk het kongresgangers gevra om nie politieke gesprek te vermy en sodoende konflik te ontduik nie. Volgens hom is konflik deel van die samelewing. Wanneer konflik reg aangewend word, lewer dit goeie resultate, het hy gesê.

Volgens mnr. Van Schalkwyk bied die ASB-kongres 'n unieke geleentheid aan Afrikaanse studente om bymekaar te kom en aktuele sake te bespreek. Die ASB se taak lê volgens hom nie in politieke standpuntinname nie, maar in politieke skoling.

# Onenigheid in ASB-geledere

Deur JACO WOLMARANS

UITEENLOPENDE indrukke van die pasafgelope Afrikaanse Studentebond se kongres in Potchefstroom was aan die orde van die dag by studenteleiers regoor die land.

Slegs oor een aspek was daar eenstemmigheid – die toekoms van die ASB lê in die hande van nuutverkose studenterade.

DIE MATIE het kampusleiers genader om hul menings oor die afgelope kongres, hul sienings oor die ASB en die redes vir die sogenaamde "skeuring" tussen linkses en regses binne die organisasie.

**Bertus Nel, nuutverkose ASB-president:**

"Die ASB is nie aan't skeur nie. Dit verdien 'n regverdige kans om homself te bewys. Die oorgrote meerderheid by die kongres het die nuwe grondwet aanvaar.

Ek wil eers met die studenterade in samesprekinge gaan oor wat hulle in die ASB wil sien en wat hulle insette gaan wees. Daar is geen twyfel dat die ASB wel gaan voortbestaan sodra verskillende interpretasies van die nuwe grondwet uitgeklaar is met nuwe studenterade nie.



MNR. BERTUS NEL

Ek wil die gerugte dat die reeks bedankings en onttrekkings van nominasies as gevolg van my partypolitiek is, die nek inslaan. 'n Verskeidendheid van faktore het myns insiens daartoe aanleiding gegee.

Die meeste onttrekkings was as gevolg van sekere vooroordele, betwyfeling van bona fides en kommunikasiegapings.

Op 'n geslote vergadering van die dagbestuur is geleentheid gegee aan diegene wat hulle onttrek het aan die presidentsverkiesing om redes aan te voer. Gedurende die kongres het partypolitiek nie ter sprake gekom nie, maar skielik met die presidentsverkiesing word dit aangevoer as rede vir die onttrekkings van nominasies.

Oor mnr. Phillip Verster se uitlating dat kampusse nie moet heraffilieer as die ASB nie politieke standpunt inneem nie, dink ek dit is arrogant van iemand wie nie eers die ASB-werkskongres bygewoon het of geaffilieer is, om aan ander kampusse voor te skryf.

Mense wil van buite doelbewus 'n kloof in die organisasie veroorsaak. Ek dink Phillip sou graag die ASB tot niet wou sien gaan."



MNR. PHILLIP VERSTER

**Phillip Verster, SR-voorsitter, Stellenbosch:**

"Die nuwe, gemeenskapsgerigte riglyne van die ASB gaan nie partypolitieke spanninge binne die organisasie oorbrug nie. Verskillende konsepsies van gemeenskapsgerigtheid gaan steeds gehuldig word, wat eenheid van doelstellings hieroor sal ondermyn."

**Me. Zenda Barnard, voorsitter Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch:**

"Die ASB is 'n sinkende skip wat oorgegee is aan 'n regse minderheidsgroep. Ons gematigde meerderheidsgroep maak al jare lank kompromieë vir die regses. Ons is moeg vir hulle hardkoppigheid en teenstand, moeg om hulle gedurig te akkommodeer en saam te sleep en ons pad van hervormings vol klippe te gooi.



ME. ZENDA BARNARD

Ek kan nie die nut van ASVS-heraffiliasie insien nie. Die ASB onder mnr. Nel wil van die ASVS as studente-dien-organisasie ontslae raak. Die ASB wil nou suiwer kultuur beoefen. Kultuurbehoeftes op kampusse kan volledig deur verenigings soos die ASVS en SR-lede vir kultuur bevredig word."

**Magnus Taljaard, SR-voorsitter, RAU:**

"Die ASB se funksie is tweërlei: op studenteradevlak en op gemeenskapsvlak.



MNR. MAGNUS TALJAARD

Vir die RAU sou dit voordelig wees om op studenteradevlak geaffilieer te bly. Sou gemeenskapsideale, soos vervat in die nuwe riglyne, nie uitgeleef kan word nie, moet disaffiliasie oorweeg word.

Ons is vol vertroue dat die nuwe president nie sy partypolitiek in die pad van genoemde riglyne sal laat staan nie."

**Lourens Erasmus, SR-voorsitter, UOVS:**

"Ek glo nie daar kan 'n kaping van die ASB deur regses wees nie. Die nuwe president het Kovsies se volle steun.

Disaffiliasie sal slegs ter sprake kom as dit blyk dat politieke onderstrominge die ASB gaan lamlê."

**Drikus Kriek, SR-voorsitter, UP:**

"Die ASB kan moontlik 'n dinamiese karakter verkry deur sy nuwe grondwet.



MNR. DRIKUS KRIEK

Daar moet 'n gerigtheid op eie belange maar in die lig van Suid-Afrika as geheel wees. Ons moet onsself nie in kokonnetjies toespin nie, maar ook nie die kind met die badwater uitgooi nie."

**Lizelle Swart, vorige Dagbestuurslid belas met skakeling:**

"Dit is onvermydelik dat die ASB regs gaan neig. Onder die nuwe presidentskap sal interne politieke struweling nie uitgeskakel kan word nie. Die brug tussen groepe word te groot en moeilik om te oorbrug. Dié brug is te wyte aan die feit dat gematigdes besef Afrikaner-eenheid op kulturele vlak is nie moontlik nie.

"Die nuwe ASB-riglyne was bedoel as klemverskuiwing om energie gemeenskapsgerig aan te wend. Soveel amendemente is intussen daaraan aangebring dat die organisasie noodgedwonge intern kultuurgerig gaan wees."

# 'Roux' nie Tukkie

DIE "aantreklike Tukkie Loina Roux", wat skuldig bevind is op 'n klag van prostitusie, is weer in hegtenis geneem nadat sy op borgtog van R150 vrygelaat was.

Katherina Jacoba Swarts van Dibeng in Noordwes-Kaapland het haar as "Loina Roux", 'n student aan die Universiteit van Pretoria, in die hof geïdentifiseer. Sy sal later op 'n klag van bedrog teregstaan.

Sy moet op 14 Augustus in die hof verskyn om gevonnis te word vir haar skuldigbevinding aan prostitusie op 16 Junie vanjaar.

Die Universiteit van Pretoria is by die hele polemiek betrek toe me. Swarts getuig het dat sy 'n Tukkie is. Volgens haar was sy 'n B Sc-student in haar derde jaar. Die geld wat sy met prostitusie verdien het, wou sy gebruik om vir haar studies te betaal.

DIE MATIE het Prof. Piet Oosthuizen, voorsitter van die Tugkomitee van die Universiteit van Pretoria, om kommentaar genader.

Volgens hom was sy aanvanklike reaksie dat "me. Roux" moontlik geskors sal word. Later is vasgestel dat daar nie 'n student met dié naam aan die UP studeer nie.

Prof. Oosthuizen het hierna met die regslui wat die saak hanteer saamgewerk om die vals verklaring van me. Swarts reg te stel.

Die Universiteit van Pretoria oorweeg tans geen regstappe teen me. Swarts nie.



Me. Loina Roux, die "Tukkie-student", wat op 'n klag van prostitusie skuldig bevind is. Foto: DIE BURGER

# Debs lewer vanjaar 'n rekordbedrag




Me. Yolanda Langenhoven, debutante van die jaar, ontvang die sleutel van haar Volkswagen Golf van mnr. Johan Naudé, bestuurder van Stellenbosch Motors.

'n REKORD is vanjaar deur Yolanda Langenhoven van Nerina opgestel toe sy R27 458 ingesamel het tydens die 1986 Debutante/Karnavalmeestersgeldinsamelingsveldtog.

Die eerste prys, 'n Volkswagen Golf 1600 CLS, is tydens die Debutante/Karnavalmeestersbal aan haar oorhandig.

Louise Niemann was tweede met R18 300 en Anita Cilliers derde met R11 200. Die tweede en derde pryse was onderskeidelik 'n Marantz MS 300 hoëtroustel en 'n kleurtelevisiestel.

Verlede jaar se wenbedrag was R7 050 en was ingesamel deur Wilma van der Merwe. Die totale bedrag wat vanjaar ingesamel is, is R97 500 en dit vorm deel van die tjek wat later vanjaar aan US-KOR oorhandig sal word.

Altesaam 300 Karnavalmeesters en Debutante het vanaf Oktober verlede jaar tot 23 Julie vanjaar geld ingesamel.

Almal wat R450 en meer ingesamel het, is uitgenooi na die Debutante/Karnavalmeestersbal wat Vrydagaand in die Cape Sun Hotel in Kaapstad gehou is. Die bal is geborg deur Karnaval se hoofborg, Pick & Pay Hipermark Brackenfell.

# Pryse vir DM-redaksielede

MERIETETOEKENNINGS sal voortaan aan verdienstelike redaksielede van die DIE MATIE gemaak word.

Die toekennings – bekers met DIE MATIE-embleem daarop uitgegraveer – is geskenk deur me. Werda Biesenbach, eienares van die Stellenbosch Winkel. Me. Biesenbach se skenking stel DIE MATIE in staat om tweeweekliks besondere prestasies van verslaggewers, redakteurs en fotograwe met 'n heildronk en 'n bruikbare aandenking te beloon.



Adrian Louw, me. Biesenbach en Chris Barnard drink 'n heildronk op DIE MATIE uit die nuwe MATIE-bekers.

Die Stellenbosch Winkel is 'n skatkis van hoë kwaliteit geskenkies, aandenkings en verrassende, nuwe idees vir daardie persoon wat alles het, se verjaardag.

Daar word ook US-vlaggies (ideaal vir Intervarsity), Matie-hempies, kristalware, skryfbehoeftes, sambrele, koffiebekers, sleutelhouers, botteloopmakers en ander oorspronklike artikels verkoop. Die Winkel is beslis 'n gereelde besoek werd, want nuwe produkte word steeds bygevoeg.




# Staatmakers toer

DIE Staatmakers se eerste georganiseerde staptoer is die vakansie in die Tsitsikamma gehou.

Die groep van 30 stappers het bestaan uit 18 studente (waarvan 14 Staatmakers was) en 12 skoliere.

Die afstand van 72 km is, ten spyte van baie blase en seer voete, in vyf dae gestap. Daar is by vyf oornaghutte op die roete, naamlik Kalander, Blaauw-krantz (waar die hut op 'n oorhangend[e] krans gebou is), Heuningbos, Keurbos [en] Sleepkloof aangedoen.

Daar is elke aand Bybelstudie geh[ou] oor geestelike groei.

Die toer was volgens almal 'n gr[oot] sukses. Daar word reeds beplan om [vol]gende jaar iets soortgelyks aan te pak.




Noudat u belangrike voorbereidingsjare feitlik agter die rug is, kom u allerbelangrikste keuse: u eerste werkgewer. Oorweeg Evkom.

Evkom werk op 'n streng sakegrondslag. Daarom stel ons nou belang in gegradueerdes van die beste kaliber om die standaarde van ons diens aan al die mense van Suid-Afrika hoog te hou. Sodoende help u om te verseker dat ons kostedoeltreffende elektrisiteit aan Suid-Afrika lewer.

Evkom se energietegnologie staan aan die spits van ontwikkeling wat waardevolle geleenthede vir ingenieurs skep. Maar dit is net 'n deel van die geleenthede! Ons multidissiplinêre tegniese funksie word deur 'n groot verskeidenheid steundienste aangevul wat talryke professionele geleenthede oor 'n breë beroepspektrum skep. Ons Evkomspan is op **26 en 27 Augustus** op die Matiekampus om u meer te vertel oor die loopbane, werkbevrediging, vergoedingspakket en voordele by Evkom.

Kom gesels met ons oor 'n loopbaan in:

- **Ingenieurswese**
  - ★ Elektries (Swaarstroom)
  - ★ Meganies
- **Rekenaarwetenskap**
  - ★ B.Com
  - ★ B.Sc
- **B.Com (Rekeningkunde)**
- **Fisika**
- **Wiskunde** en/of **Statistiek**

***Al ons energie vir u***

***Sien u daar op 26 en 27 Augustus.***

Klerck & McCormac Werwing 19894

## Chris Heunis oor studente-leierskap:

# Instrument van verandering

Deur
PETRO MOSTERT

LEIERS moet nie terugdeins voor verandering nie, maar moet dien as die instrument van verandering en orde in Suid-Afrika.

Só het mnr. Chris Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, verlede naweek op 'n leierskonferensie by Oude Libertas gesê.

Op die konferensie, wat deur 98 kampusleiers bygewoon is, het hy gesê daar bestaan 'n intense behoefte aan leiers in die strewe na 'n groter visie vir 'n land.

Volgens hom moet leiers aanpasbaar wees en kennis van die samelewing hê "sodat hulle die eise van mense kan begryp". Hulle moet die belange van hul groepe behartig sonder om die nasionale belang te skaad.

Suid-Afrika is 'n veelrassige land, maar leiers kan meewerk tot die daarstelling van 'n samelewing van gelykheid, het mnr. Heunis gesê.

### Deelname

Volgens mnr. Heunis is deelname vir die daarstelling van 'n nuwe staatsbestel baie belangrik en moet daar sekere fundamentele keuses gemaak word ten spyte van verskille wat kan bestaan oor wie daaraan moet deelneem.

Mnr. Heunis het verder gesê die mees basiese drang by mense is die drang vir voortbestaan. " 'n Leier moet sy volgelinge nie net tot voortbestaan lei nie, maar ook in geregtigheid om voortbestaan te verseker," het hy gesê.

Dr. Van Zyl Slabbert, voormalige leier van die amptelike Opposisie, het gesê toekomstige leiers moet kommunikeer en dat die debat oor demokrasie aan die gang gehou moet word om 'n oplossing vir Suid-Afrika se probleme te vind.

Volgens hom is apartheid nie die fundamentele probleem in Suid-Afrika nie nie, maar mag.

### Apartheid

Hy het gesê dit lyk of die Regering bereid is om apartheid af te takel – sonder om mag te verloor – terwyl die ANC sowel die beëindiging van apartheid as mag wil hê.

Mnr. Craig Williamson, oud-veiligheidspolisieman en hoof van 'n internasionale maatskappy se tak in Suid-Afrika, het gesê die huidige "oorlog van idees" in Suid-Afrika moet deur leiers beveg word as 'n oplossing vir die land se probleme gevind wil word.



Mnr. Chris Heunis en dr. Van Zyl Slabbert verkeer in ligte luim by die leierskonferensie wat verlede naweek op Oude Libertas plaasgevind het.

Volgens mnr. Williamson is daar kommunikasiegapings in die land omdat die meeste leiers oor die hele politieke spektrum groepsbelange eerder as nasionale belange dien.

## Nusas gaan voort

NUSAS op Stellenbosch gaan steeds voort met hulle aktiwiteite ten spyte van 'n proklamasie in 'n Staatskoerant dat Nusas verban is.

Mnr. David Waddilove, voorsitter van Nusas op Stellenbosch, het gesê Nusas kan op 'n tegniese punt steeds bestaan.

In die Staatskoerant waar die verbod afgekondig is, word Nusas in die Afrikaanse en Engelse tekste omskryf as "The National Union of South African Students". Volgens hom is Nusas op Stellenbosch slegs geaffilieer by die nasionale organisasie.

Dit beteken dat hulle nie deur die verbod geraak word nie, het hy gesê.

Volgens hom beplan Nusas dié semester op Stellenbosch verskeie projekte soos filmvertonings en seminare.

## Students killed in accidents

**TWO students of Huis Marais were killed and three others from the same residence injured when their car left the road outside Stellenbosch when they returned from an evening in Cape Town.**

**Mr Dave Cranck (22), a second year B Comm student from Bishops Court, and Mr Riaan Lukas (19), a second year civil engineering student from Tygerberg, were killed in the accident at the Lynedoch turn off.**



Mr CRANCK



Mr LUKAS

**Mr Michael Biccard and Mr Kevin Steyn were injured and were admitted to Stellenbosch Hospital, while Mr Thomas Tyler, a former primarius of Huis Marais, was slightly injured.**

**In another accident during the holiday, a nineteen year old Stellenbosch student died from brain damage after falling off the balcony of his parents house in Somerset West.**

**He was Mr JD le Roux, a second year BA student. According to his sister, Ms Naulene le Roux, he was watching videos with his brothers and two friends when he went out onto the balcony.**

**It had been raining and he apparently slipped on the wet balcony and fell.**

**His brothers and friends went to look for him and found him in the parking area below.**

**An emergency operation was carried out but he died the following day.**

## PSA affilieer

Deur ANDRÉ LANGEVELDT

DIE Populêre Studente Alliansie (PSA) het die vakansie by die National Students Federation (NSF) geaffilieer, terwyl die Stellenbosse Studente Gesprek (SSG) affiliasie by Jeugkrag SA oorweeg.

Volgens die voorsitter van die NSF, mnr. Phillip Powell, het die PSA en die NSF ná die Unita-vergadering op kampus verlede semester gereeld met mekaar geskakel.

Die PSA is die eerste Afrikaanse studente-organisasie wat affilieer en hy meen dat die NSF "heelwat te leer" het van Afrikaanse studente. Die NSF sal probeer om die "skeiding" tussen Afrikaanse en Engelse studente oorbrug.

Volgens mnr. Powell is daar "ideologiese ooreenstemming" tussen dié twee organisasies. Die NSF is 'n sambreelorganisasie van gematigde Engelse kampusbewegings. Beide organisasies probeer om deur " positiewe aksie" 'n mondstuk vir gematigde studente te wees.

Mnr. Anton Schoombee, bestuurslid van die PSA, het gesê die PSA het nou 'n "tweeslagtige" rol op Stellenbosch deur die verteenwoordiging van gematigde Engelse en Afrikaanse studente.

Volgens mnr. Francois Schoombee, voorsitter van die SSG, sal 'n besluit oor affiliasie by Jeugkrag op die volgende bestuursvergadering geneem word.

"Ons sal baie maklik kan inpas by Jeugkrag omdat ons doelstellings grootliks ooreenstem," het hy gesê.

Jeugkrag SA is 'n beweging van jong mense wat hoofsaaklik op politiek toegespits is.

Volgens hom sal die SSG se beleid dieselfde bly en sal hulle steeds 'n "outonome organisasie" wees.

## Inkomtye ontken volwassenheid

DIE huidige stelsel van inkomtye en kontroles oor damestudente is 'n ontkenning van hulle volwassenheid, het die Studenteraad in 'n verklaring gesê.

Die verklaring lui voorts dat dit "elke damestudent se reg is om oor haar eie doen en late te besluit".

Die Universiteitsowerhede word versoek om "spoedig" die aanbevelings van die 1984/85 primariae-komitee se verslag te implementeer.

Volgens me. Mardia van der Walt, ondervoorsitter van die SR en hoofopsteller van die verslag, voel sy baie sterk oor die saak en is sy ten gunste van later inkomtye of 'n nagwagstelsel.

"Stellenbosch is die enigste Afrikaanse universiteit waar inkomtye nog tot elfuur beperk is," het sy gesê.

"Dames wat privaat woon, kan hul eie inkomtyde kies en koshuisdames is ook geregtig op daardie vryheid," het me. Anelia Coetzee, SR-lid vir Sosius gesê.

Uiteenlopende reaksie is van primariae oor die SR se verklaring ontvang.

Me. Seugnet Naude, prim van Heemstede, het die SR gewaarsku dat hulle nie met die primariae se sake moet inmeng nie. "Die primariae-komitee moet 'n vetoreg in sulke besluite hê," het sy gesê.

Volgens me. Eljo van Heerden, prim van Huis Ten Bosch, keur haar HK nie verlengde inkomtye goed nie omdat hulle langer dienste sal hê.

## Wet geld steeds op kampusse

DIE Groepsgebiedewet geld na aanvanklike verwarring steeds vir universiteite en dit verhinder die Rektor, prof. Mike de Vries, om sy ideaal van gelyke studentestatus, vryheid van assosiasie en die verslapping van die Groepsgebiedewet te verwesenlik.

In die Staatskoerant van 27 Julie vanjaar word studente volgens 'n proklamasie vrygestel van die Groepsgebiedewet.



Prof. DE VRIES

In die Staatskoerant van 22 Julie word dit deur 'n ander proklamasie gewysig. Gevolglik geld die Groepsgebiedewet steeds vir studente en is die Rektor hieraan gebonde..

As voorsitter van die komitee van Universiteitshoofde is prof. Mike de Vries blootgestel aan baie kritiek.

Volgens hom het hy egter oorsese lof asook lof vanuit die sakesektor ontvang na sy toespraak verlede jaar waarin hy sy ideaal van gelyke studentestatus uitgespreek het.

Hy voel studentebehuising moet in die hande van die Universiteitskomitee rus.

Mnr. Phillip Verster, SR-voorsitter, wys daarop dat die eerste proklamasie deur min. J.C. Heunis en die tweede deur min. J.J.G. Wentzel onderteken is.

Volgens hom impliseer dit " 'n meningsverskil binne die kabinet".

As dit 'n administratiewe fout is, bewys dit die onbevoegdheid van die administrateurs en behoort hulle nie weer in die toekoms herkies te word nie.

Volgens mnr. Verster was die eerste proklamasie " 'n goeie stap in die rigting van goeie menseverhoudinge".

## Menseregte vir vrede

DIE skielike belangstelling in 'n handves van menseregte op Regeringsvlak is te danke aan ondersteuning van die idee deur die PFP asook druk van oorsee. Só het prof. D.M. Davis van die Universiteit van Kaapstad verlede Vrydag op 'n simposium oor menseregte op Stellenbosch gesê.

**"Die Universiteit van Stellenbosch staan vir 'n idee, maar menseregte was nog nooit hoog op sy lys van voorkeure nie." – Prof. Gerhard Erasmus**

Volgens prof. Davis sal 'n toekomstige handves van menseregte nie met die Regering moet tevrede stel nie, maar dit sal saam met opposisiegroepe opgestel moet word.

Suid-Afrika is een van die min lande waar menseregte nie deur die howe erken word nie. Howe moet hulle ruimte gebruik om die erkenning van menseregte so ver moontlik na te streef, het advokaat A. Chaskalson, direkteur van die "Legal Resources Centre in South Africa", op die simposium gesê.

Volgens prof. L. Henkin van die Columbia-universiteit behoort regters te verklaar dat diskriminerende wette die Internasionale Reg van menseregte oortree.

Prof. Henkin het gesê die Internasionale Reg van Menseregte vorm die basis van alle regte en behoort in elke land se wette weergegee te word.

Regter L.W.H. Ackermann van die Transvaalse Hooggeregshof het die simposium geopen en gesê menseregte kan vir alle Suid-Afrikaners slegs deur 'n handves van menseregte verseker word. Volgens hom het die Suid-Afrikaanse reg tot dusver nie simpatiek voorgekom vir die swartman nie.

Dr. Hugh Corder, dosent aan die regsfakulteit, het sy tevredenheid met die konferensie uitgespreek.

Volgens hom was die bywoning deur Stellenbosse studente teleurstellend. Hy vind dit "onverklaarbaar" dat die sprekers se uitstekende toesprake so min belangstelling uitgelok het.

## Spreiligte verseker veiligheid

SPREILIGTE en straatligte ter waarde van R85 000 is onlangs op kampus opgerig om studente se veiligheid te verseker, het kol. A.W. Bester, hoof van Risikobestuur, gesê.

Volgens hom is daar ná opnames deur Kampusbeheer besluit om donker kolle en toegangsweë op kampus te verlig. "Daar is gepoog om so professioneel moontlik gevaarareas uit te skakel," het kol. Bester gesê.

Hy het daarop gewys dat onverligte gedeeltes nog bestaan en het studente versoek om Kampusbeheer van sulke plekke in kennis te stel.

Kol. Bester het 'n beroep op vroue studente gedoen om van die verligte gedeeltes gebruik te maak.

Volgens die universiteit se beplanningsingenieur, mnr. Roos, is die huidige ligte slegs die eerste fase "van 'n veel groter projek om die hele kampus te verlig".

## Vula steeds verbied

DIE tydskrif Vula mag steeds nie in die Neelsie verkoop word nie.

Só het die dagbestuur van die LSS-beheerkomitee besluit ná 'n aansoek in dié verband deur mnr. Johan Troskie, Vula se verspreider op Stellenbosch.

Prof. Roux de Villiers, vise-Rektor (Bedryf) en voorsitter van die beheerkomitee, het gesê die omset van Vula is baie klein en daar word reeds "uitgesoekte koerante en tydskrifte" in die Neelsie verkoop.

Verlede jaar is 'n aansoek dat Vula in die Neelsie verkoop word, deur die LSS-beheerkomitee geweier. Die redes wat toe aangevoer is, was dat die tydskrif volgens die komitee nog 'n "jong tydskrif" is wat hom eers as " 'n goeie joernalistieke blad moes bewys". Mnr. Troskie wou weet of Vula steeds Ná tien uitgawes as "jonk" bestempel kon word.

Volgens hom is Vula'n opwindende tydskrif wat " 'n nuwe kultuur" uitbeeld.



Mnr. Troskie is teleurgesteld met die verwerping van die aansoek, aangesien sy redes volgens hom "billik" was.

Volgens mnr. Troskie bestaan daar ook 'n wanopvatting dat die redaksie van Vula aan Nusas gekoppel is. "Vula is 'n onafhanklike tydskrif met geen eenrigting politieke denkwyse nie," het hy ges&e.

Hy het gesê Vula word as " 'n betroubare teatergids" beskou en dat sommige akademici as dit ook as hulpbron in voorlesings gebruik.

Me. Margot Locherenberg, SR-lid vir die LSS, was die enigste lid van die dagbestuur wat nie teen die verkoop van Vula in die Neelsie gekant was nie.

Volgens mnr. Jan Treurnicht, bestuurder van die Studentesentrum en lid van die beheerkomitee, sal die versoek van mnr. Troskie op 'n "latere stadium" weer oorweeg word.

# Studente moet self optree

STUDENTE moet self optree teenoor mede-studente wat universiteitsreëls oortree, het prof. Roux de Villiers, vise-Rektor (Bedryf), verlede week tydens die Sosiuskonferensie gesê.

Prof. de Villiers het gesê die universiteit se tugkomitee moet eers genader word wanneer 'n situasie buite koshuisbeheer is.

"Geen student sal deur die tugkomitee gestraf word voordat hy nie skuld beken het nie," het hy gesê.

Ander sprekers op die konferensie was kapt. S.J. Bouer, stasiebevelvoerder van die Polisie op Stellenbosch, mnr.Marius de Waal, senior lektor aan die Regsfakulteit en adv. Neil Rossouw, Prokureur-Generaal van Kaapland.

Me. Anelia Coezee, SR-lid vir Sosius, het haar teleurstelling oor die bywoning van die konferensie uitgespreek. "Studente kla dat daar altyd net politiek op kampus gepraat word. Hulle het nie die geleentheid aangegryp om 'n konferensie by te woon waar daar nie politiek gepraat is nie," het sy gesê.

Mnr Jacques van Zuydam, een van die organiseerders, het die "leiersbevoegdheid" van Stellenbosse studente-leiers wat nie die konferensie bygewoon het nie, in twyfel getrek. -



Dr. Van Zyl Slabbert, voormalige leier van die Opposisie, was verlede Woensdag die spreker op 'n SAAK- vergadering.

# Inwoners van Kruispad besluit self oor vrede

DIE vrylating van Nelson Mandela sal nie die geweld in Kruispad beëindig nie. Die inwoners sal self oor vrede besluit.

Só het mnr. Prins Gobingca, 'n lid van die Kruispad-komitee, op 'n onlangse vergadering van die Stellenbosse Studente Gesprek (SSG) gesê.

Mnr. Gobingca het gepraat oor die konflik tussen die Witdoeke en die Comrades in die Kruispad-plakkerskamp.

Volgens hom het die geweld verlede jaar begin toe die Comrades 'n ou man verbrand het. Nadat 'n poging om met die Comrades tot 'n vergelyk te kom, misluk het, het die Witdoeke besluit om die gebied te patrolleer.

## Polisie

In antwoord op 'n vraag het hy gesê die polisie kon die gebied nie patrolleer nie, omdat daar geen paaie in die plakkerskamp is nie.

"Verdere pogings om te onderhandel, het in geweldadige optrede van die Comrades geëindig," het hy gesê.

Mnr. Gobingca is self deur 'n handgranaat van die Comrades beseer.

Hy het ontken dat die polisie die kant van die Witdoeke in gevegte tussen hulle en die Comrades kies. "Die polisie probeer om konflik in die gebied stop te sit. Iemand wat vrede probeer handhaaf, kan nie daarvoor blameer word nie," het hy gesê.

## Besoek

Vier lede van die SSG het in Junie vanjaar die Kruispad-komitee besoek.

Volgens 'n verslag wat hulle daaroor saamgestel het, kon hulle net met die Witdoeke gesprek voer, omdat pogings om met die Comrades kontak te maak, misluk het.

# Buiteland is 'skynheilig'

DIE Regering kan nie aan die buiteland se eise toegee nie, omdat hy nie 'n populêre demokrasie kan bekostig nie, het die oudleier van die Opposisie, dr. Van Zyl Slabbert, verlede Woensdag op 'n SAAK-vergadering gesê.

Hy het gesêdie vrylating van Nelson Mandela, die wettiging van die ANC en die afskaffing van apartheid as "tekens van vordering" gesien sal kan word. Volgens hom sal dit opsigself egter nie Suid- Afrika se probleme oplos nie.

Dr. Slabbert het gesê die enigste vreedsame oplossing in Suid-Afrika sal deur onderhandeling teweeg gebring word. Baie lande in die buitelandmeen sanksies en geweld sal toeneem as daar nie onderhandel word nie.

Hy het die buiteland se onbereidwilligheid om die onderwerpe van onderhandelinge te spesifiseer as "skynheilig" bestempel.

Dr. Slabbert meen tog die feitesendings van die Eminent Persons Group en Sir Geoffrey Howe was pogings om 'n politieke oplossing in Suid-Afrika te bewerkstellig.

Die mislukking van dié sendings het die waarskynlikheidvan sanksies teen die Republiek verhoog, het hy gesê.

Dr. Slabbert wil graag 'n "staanplek" in die Parlement vir die beginselvryheid van assosiasie vind. Hy wil sien dat daar 'n demokratiese alternatief vir die huidige regering ontwikkel.

Dr. Slabbert het homself geskaar aan die kant van die "buite-parlementêre strominge wat 'n nierassige demokrasie begeer". Volgens hom bestaan daar op die oomblik 'n "toenemende spiraal van geweld en teengeweld" in die land.

Volgens dr. Slabbert aanvaar groepe gekant-teen die Regering, soos die UDF, ANC en sekere kerkgroepe, aandat blankes sal moet saamleef in 'n stelsel waarin hulle geen bevoorregte posisie beklee nie.

Hierdie groepe verskil ideologies,maar hulle gebruik dieselfde metodes omdie politieke orde te versteur, soos stakings en burgerlike ongehoorsaamheid.

Die deurlopende ideologie onder regse blanke belangegroepe is volgens hom die "radikale alternatief" van partisie.

Volgens dr. Slabbert 'n regering van nasion[ale] eenheid die Nasiona[le] Party se oplossing. D[ie] proses van "koöptasie" word gebruik om dit [te]weeg te bring.

Koöptasie is die insl[uit]ting van "simbolies [be]langrike persone" w[at] met die regeerders s[aam]werk in die regeri[ngs]stelsel. Sodoende kry hu[l]le dan parlementêre ve[r]teenwoordiging. Dieg[ene] wat nie gekoöpteer w[ord] word nie, kry gevolg[lik] geen parlementêre mo[ndstuk] stuk nie.

Volgens hom is hierd[ie] strategie reeds met wis[se]lende sukses op nasiona[le] en streeksvlak toegepas.

Die Nasionale Statu[tê]re Raad is " 'n beg[in]punt" om swartes by d[ie] politieke proses te betre[k]. Volgens hom wil die St[a]tutêre Raad poog om "embrioniese nasiona[le] regering" daar te stel.

Koöptasie het o[p] streeksvlak reeds so v[er] gevorder dat Streekdie[n]sterade en die UK's va[n] die provinsies veelrass[ig] gemaak is.

Volgens dr. Slabbert l[ei] die proses van koöptas[ie] tot teenkanting onde[r] mense wat polariserin[g] tussen die politiek va[n] stabiliteit en diévan b[e]vryding tot gevolg het.





Noudat u belangrike voorbereidingsjare feitlik agter die rug is; kom u allerbelangrikste keuse: u eerste werkgewer. Oorweeg Evkom.

Evkom werk op 'n streng sakegrondslag. Daarom stel ons nou belang in gegradueerdes van die beste kaliber om die standaarde van ons diens aan al die mense van Suid-Afrika hoog te hou. Sodoende help u om te verseker dat ons kostedoeltreffende elektrisiteit aan Suid-Afrika lewer.

Evkom se energietegnologie staan aan die spits van ontwikkeling wat waardevolle geleenthede vir ingenieurs skep. Maar dit is net 'n deel van die geleenthede! Ons multidissiplinêre tegniese funksie word deur 'n groot verskeidenheid steundienste aangevul wat talryke professionele geleenthede oor 'n breë beroepspektrum skep. Ons Evkomspan is op **26 en 27 Augustus** op die Matiekampus om u meer te vertel oor die loopbane, werkbevrediging, vergoedingspakket en voordele by Evkom.

Kom gesels met ons oor 'n loopbaan in:

- **Ingenieurswese**
  - ★ Elektries (Swaarstroom)
  - ★ Meganies
- **Rekenaarwetenskap**
  - ★ B.Com
  - ★ B.Sc
- **B.Com (Rekeningkunde)**
- **Fisika**
- **Wiskunde** en/of **Statistiek**

*Al ons energie vir u*

*Sien u daar op 26 en 27 Augustus.*

Klerck & McCormac Werwing 19894

# UWK onder soeklig

DIE Regering, met al sy "eienaardighede", besef dat hy sy geluk nie té ver moet dryf nie, het prof. Richard van der Ross, rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland, gesê.

Hy het gereageer op die Minister van Begroting in die Raad van Verteenwoordigers, eerw. Andrew Julies, se versoek aan mnr. Carter Ebrahim, Minister van Onderwys en Kultuur in die Raad, om ondersoek in te stel na optrede van UWK-studente.

Met die ondersoek wil eerw. Julies vasstel of die universiteit voldoen aan die voorwaardes vir verdere subsidiëring deur die staat.

Na berig word, is die Ministerraad bekommerd oor die oënskynlike gebrek aan dissipline by die universiteit.

Daar moet ernstig besin word of die staatsubsidie behoorlik gebruik word, het eerw. Julies gesê.

Prof. Van der Ross het gesê die UWK-kampus weerspieël die omstandighede in die land. Volgens hom sal dit 'n "tragedie" vir die studente én die land wees as die universiteit moes sluit.

Hy sien moontlike sluiting nie as 'n werklike bedreiging nie. Prof. Van der Ross het ook gesê hy het vertroue in die oordeelsvermoë van studente, die administrasie en die Regering.

Of die UWK aan die vereistes van 'n akademiese instelling voldoen, is deur prof. Jan Sadie van Stellenbosch in Finansies en Tegniek bevraagteken.

Hy het die volgende oor die aangewese rektor van UWK, prof. Jakes Gerwel, geskryf.

"Tensy prof. Gerwel verkeerd deur die koerante aangehaal is, is sy eerste en belangrikste begeerte dat die universiteit, 'n intellektuele tuiste, 'n vesting vir links-radikale word.

"Ons bespeur hier nie 'n visie van die strewe na akademiese uitnemendheid nie. Die afleiding sal tog ook geregverdig wees dat hier 'n ideologie as benadering of uitgangspunt van tersiêre studies geïmpliseer word."

Prof. Gerwel wou geen kommentaar lewer nie. Hy het onlangs uit die buiteland teruggekeer en wil eers die bewerings ondersoek, het hy gesê.

# Pamflet is 'swak smaak'

**Deur PIETER VAN ZYL**

JOHANNESBURG. – 'n Pamflet van die studenteraad van die Randse Afrikaanse Universiteit om reklame te maak vir 'n "Raukietoer" is deur sommige studente as uitbuiting van die vroulike liggaam beskryf.

Voor die pamflet – wat 'n toer in die wintervakansie na Suid-Amerika geadverteer het – op kampus versprei is, het vroulike SR-lede gekla oor die "afwesigheid van smaak" in die pamflet.

Op 'n SR-vergadering is die pamflet met 'n meerderheid goedgekeur en is daar met die verspreiding voortgegaan.

Heraut, kampuskoerant van die RAU, het 'n meningsopname onder studente gedoen. Klagtes teen die pamflet was dat dit smaakloos en sonder styl is en nie by die SR se status pas nie.

Meeste mans het die pamflet beskou as 'n goeie manier om aandag te trek.






WASSERY (DIE WASBALIE)
VOLLE DIENS OF SELFBEDIENING
VERGELYK ONS PRYSE!!
WAS R1,20 DROOGMAAK 50c
• GRATIS PARKERING (oorkant Mastertreads)
BIRDSTRAAT 91 • TEL. 70326

RHODES SCHOLARSHIPS

*Applications for the Rhodes Scholarships for 1986 close on 1 September, 1986.*

*Candidates must normally be in possession of a first degree and have attained such results as to satisfy the admission requirements of the University of Oxford.*

*Candidates are judged in terms of the criteria by the Will of Cecil John Rhodes, which include literary and scholastic attainments, qualities of leadership, feelings of compassion for ones fellows and enjoyment and success in sports.*

*Rhodes' Will expressly provides that "no student shall be qualified or disqualified for election to a Scholarship on account of his race or religious opinions".*

*Candidates for election to Rhodes Scholarships for 1987 must be under 27 as at 1 October, 1987. In addition, there is also a five-year residence qualification.*

*For full details, write to the General Secretary for Rhodes Scholarships, P.O. Box 41468, Craighall, 2024.*

TENPIN BOWLING



BRACKENFELL
Open every day as well as Sundays. We also cater for bookings. Refreshments and snacks served
OLD PAARL ROAD NEAR HYPERMARKET
PHONE 021-9015102
STUDENT DISCOUNT ON WEDNESDAYS

BESTUUR NUGTER, BLY LEEF

Veldtog geborg deur die Konserwatiewe Party - studentetak

Fotofast Fotofast Fotofast 1 HOUR PHOTOS

EXPOSED!!

Fotofast REVEALS THE VERY BEST DEALS IN DEVELOPING AND PRINTING

FREE ALBUM & SUBSIDISED FILM WITH EVERY FILM PROCESSED & PRINTED

NO EXTRA COST OUR PRINTS ARE 37% LARGER

20% OFF ALL COLOUR FILM
· KONICA
· KODAK
· SAKURA

PLUS

R2.00 OFF EVERY COLOUR FILM PROCESSED & PRINTED
on presentation of this advertisement

OR

FREE ENLARGEMENT WITH EVERY COLOUR FILM PROCESSED & PRINTED

OR

FREE 4 REPRINTS WITH EVERY COLOUR FILM PROCESSED & PRINTED

HURRY! LIMITED TIME OFFER!

Fotofast
THE PHOTO SPECIALISTS
TRUST BANK CENTRE·STELLENBOSCH
TEL.02231-3435




KONICA COLOR FILM — THE IMAGE OF PERFECTION

Die Matie
VRYDAG, 8 AUGUSTUS 1986

## Monster bewys van baie energie, min vernuf

BEWYSE dat politiek net vir sommige op Stellenbosch 'n spel van baie energie en min vernuf is – wat gespeel word om op die korttermyn voordeel te behaal en moelike vrae oor die lang termyn eerder onbeantwoord te laat – was verlede week tydens en ná die monstervergadering volop.

Dadelik moet gesê word dat die feit dat die meerderheid van studente nie apartheid in koshuise toegepas wil hê nie, behoort die Universiteitsraad te noop om iets omtrent die saak te doen. 'n Meerderheid van een is nog steeds 'n meerderheid.

Oor die groot neestem moet ons onsself nie met mooipraatjies ophou nie. 'n Stem vir toe koshuise was 'n stem vir partisie in die kleine. Dit was die primitiewe verdedigingsmeganisme van mense wat skynbaar onveilig voel as hulle nie voorgetrek word nie.

Meer onrusbarend was die gees van die vergadering: daar was geen sprake van ope debat waardeur die studente verskillende standpunte kon opweeg en tot 'n gefundeerde besluit kom nie. Sommige aanwesiges het gevoel as hulle nie hou van wat 'n man sê nie, daar geen rede is om toe te laat dat hy gehoor word nie. Dit is verkeerd én gevaarlik – nie weens 'n diep-filosofiese rede nie, bloot omdat 'n mens wat alle oorwegings in ag neem voor hy oor sy toekoms besluit, 'n groter kans het om 'n goeie besluit te neem.

Die ongemaklike vaart waarmee sommiges by die Mandela-mosie wou uitkom, het die debat oor die koshuismosie doodgesmoor voordat dit behoorlik op dreef gekom het. Mnr. Nicolas Myburgh, wat later in soveel woorde aan hierdie koerant erken het hy het geen belang by dié mosie nie, het dit goedgedink om voor te stel dat onmiddellik gestem word, omdat "almal reeds weet waar hulle staan". Met die eerste stemming het hy amptelik buite stemming gebly; met die tweede het hy nie die moeite gedoen om hoegenaamd sy hand in die lug te steek nie.

Die tweede mosie het die goeie gevolg gehad dat studente die kans gegee is om hul mening oor die breë landspolitiek te lug. Die mosie self was egter wat bewoording en organisasie betref so ondeurdag dat dit verdien het om hewig verslaan te word. Dit is ironies dat dat die groepe op kampus wat demokrasie as die hoogste orde opgee, so onkundig oor die werking daarvan en die instrumente daarvoor is.

Dinsdag het die Studenteparlement sy bevoegdheid om die Studenteraad te kies aan die breë studentepubliek oorgedra. Binnekort sal verwoed jag op elk van ons se stem en lojaliteite gemaak word. Hopelik sal die veldtog en die verkiesing meer bedaard en deurdag as die monstervergadering wees. Net só sal verseker word dat die bes moontlike kandidate verkies word.

## MATIE-REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR: STEPHAN MALHERBE, Die Pieke 10, Hertestraat (tel. 79381)
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: CHRIS BARNARD, Brandwachtstraat
HOOFNUUSREDAKTEUR: MARIKA TRUTER, Nassau 28, Pleinstraat (tel. 73831)
BESTUURSHOOF: DAWID VAN DER MERWE, Stelmont 4 (tel. 76729)
ADVERTENSIEBESTUURDER: JANNIE NEL, Het Heerenhof 4 (tel. 79172)
NUUSREDAKTEUR: DAAN MOSTERT, Banhoekweg 191 (tel. 74265)
SUBREDAKTEURS, NUUS: BARRIE TERBLANCHE, Simonsberg (tel. 2035)
PETRO MOSTERT, Serruria (tel. 71314)
VERSLAGGEWERS, NUUS: André Langeveldt, Johann Oosthuizen, Moira Roux, Michelle Kruger, Cornis van der Lugt, Lynette Gerber, Russel Field, Helene Schneider, Chris van der Merwe, Janine Everson, Nicolene Strauss
SOSIALE REDAKTEUR: MARGUERITE MOODY, Sonop (tel. 6447)
SUBREDAKTEURS, SOSIAAL: ANDREW WEEKS, Heroldstraat 30 (tel. 78664)
LIEBE VERSTER, Dalsighof 22 (tel. 4083)
VERSLAGGEWERS, SOSIAAL: Corlia Erwee, Annamarie van Wyk, Heather Moore, Esmé Visser, Rozanna Strauss, Annchen Nel
INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR; ILSE CILLIERS, Huis ten Bosch (tel. 2217)
SUBREDAKTEUR, INTER-UNIVERSITÊR: JOAN SWART, Erica (tel. 71230)
VERSLAGGEWERS, INTER-UNIVERSITÊR: Michael Jordaan, Jaco Strauss, Jaco Wolmarans, Pieter van Zyl, Pier Ploughmann
AKTUELE REDAKTEUR: PIERRE DE VOS, Helderwaters 16 (tel. 75780)
SUBREDAKTEUR, AKTUEEL: JOHAN TROSKIE, Dennesigstraat 15 (tel. 72012)
KUNSREDAKTEUR: KELLIE WESTON, Van Ryneveldstraat 80 (tel. 4401)
SUBREDAKTEUR, KUNS: MARINUS VAN RAVENSTEIN, Lindenhof 1 (tel. 76699)
VERSLAGGEWERS, KUNS: Erika Jacobs, Amor Engelbrecht, Berthine van Schoor, Annette Orth, Kobie Swart, Theo Erasmus, Linda Borcherds
SPORTREDAKTEUR: CHRIS THERON, Omegastraat 11 (tel. 3210)
SUBREDAKTEUR, SPORT: vakant
VERSLAGGEWERS, SPORT: Anton Nel, Vernon van Eeden, Henri$ette Geldenhuys, Marié Brody, Nikki Brynard, Andy Williams
FOTOGRAWE: DEON SONNEKUS, Universiteitswoonstelle B3, Hammanshandweg

# Die Monster 'n Nabetragting




**CORNIS VAN DER LUGT het vir 'n paar studenteleiers gaan vra hoe hulle die uitslag van die monstervergadering interpreteer.**

### Phillip Verster (SR-voorsitter)

Die resultaat van 'n monstervergadering is altyd gunstig. Mense kom bymekaar om te dink en debat word gestimuleer. Ek is tevrede met die eerste uitslag. Dit blyk dat studente genoegsaam begin dink het en die realiteit in Suid-Afrika in ag geneem het.

Die tweede mosie was te wyd gestel om 'n konstruktiewe debat daar te stel. Die algemene resultaat dui daarop dat daar 'n duidelike regs-links verdeling op kampus is waarby werklike gematigdes hulle links sal skaar. Die opkoms was goed. Geen ander saal was beskikbaar sodat meer studente toegelaat kon word nie.

Wat betref die effek, in die stadium is dit in die hande van die Rektor en die Universiteitsraad om die saak met die Regering op te neem.

### Bertram Fisher (Primarius Huis Nagenoeg)

Die feit dat daar met die koshuismosie se eerste stem 'n agt en dertig meerderheidstem ten gunste van oopstelling was, en met die tweede 'n gelykop uitslag, is vir my moeilik om te verstaan. Hierdie twyfel maak dit moeilik om te peil wat die gevoelens werklik was. Ek is wel bly oor dié mosie se uitslag.

Die Mandela-mosie wys dat die mense nog slagoffers is van die Re… ring se propaganda-masjien. Stude… ken nie die ware storie nie, want d… word vir ons gedink en baie doen … wat in die koerante staan.

Mense het in 'n wanindruk oor d… ANC, en 'n gebrek aan kennis is d… delik herkenbaar.

Hoewel besluite op hierdie univ… siteit – veral in Afrikaner-kringe … baie gewig dra, dink ek nie die ef… sal noemenswaardig wees nie. D… uitslag toon 'n nuwe rigting op … pad van hervorming, maar 'n gr… regse steun het my wel ontstel.

Ek dink die Afrikaner-jeug w… bang en bedreig en dit verklaar h… die neiging.

### Nicolas Myburgh (PSA-voorsitter)

Ek dink dit is onaanvaarbaar d… enige student nie kan deelneem a… 'n monstervergadering nie. Die … …miges uitgesluit is, negeer die … 'n monstervergadering. Talle … …te was net teenwoordig om oor … …huismosie te stem en het nie … gestel in die Mandela-mosie … meer studente teenwoordig … beide oorwinnings groter ge… …et. Die uitslag is dus vir my 'n … …te weergawe van die studente… …, spesifiek die mosie oor oop …e.

… media het die vergaderings … geïnterpreteer. Te veel klem … op die koshuis-mosie. Een koe… …et van 'n verliberalisering ge… …terwyl 'n ander 'n toeloop na … …skryf het, wat alles natuurlik … is. Studente verwag 'n mas… toeloop as koshuise oopgestel … maar dit sal nie die geval wees

…aatstudente moes nie toegelaat … om oor die koshuismosie te stem … dié saak raak hulle glad nie. …ding op grond van ras is orals verkeerd en moet op alle gebiede in Suid-Afrika gestop word. Nuwe "internasionale" koshuise op Stellenbosch sal wel in die onmiddelike toekoms vir ons studente die keuse laat of hulle in oop koshuise wil bly of nie.

### Anton Schoombee (voorsitter van NP-studentetakke)

Ek was betrokke by die organisering van die monstervergadering en was dus deeglik bewus van die gees wat geheers het. Ek voel dat die "moderates" hulself laat geld het. Daar is ten gunste van oop koshuise gestem en die Mandela-mosie is totaal verwerp.

Ek voel ons het nou werklik momentum gekry en daar het 'n nuwe gees onder die gematigdes vlamgevat. Stellenbosch se politieke denke word nie deur idealistiese SR-lede beheer nie, maar deur die studente self.

Die optrede van sommige Nusas- en ECC-lede wat swartmag-tekens gewys het terwyl die Stem gesing is, is vir my 'n bedenklike teken.

Sulke mense moet verwag dat daar, hoewel ek dit ten sterkste afkeur, fisies teenoor hulle opgetree sal word na aanleiding van dergelike optrede. Die belangrikste punt is dat gematigdes in die toekoms nie meer stil sal wees nie, maar 'n hoë profiel sal handhaaf.

Ek is bly oor die oop-koshuis oorwinning en meer bly oor die Mandela-uitslag. Onsekerheid heers onder studente oor oop koshuise. Wat ten slotte duidelik is, is dat die ope brief nie verteenwoordigend was nie.

### Emile Wessels (KP-voorsitter)

Ek dink die toe-deure was die rede vir die eerste mosie se gelykop uitslag. As almal wat buite die stadsaal was toegelaat is, sou die uitslag 'n definitiewe nee gewees het. Volgens wat ek gehoor het, was die gehoor buite die stadsaal hoofsaaklik regs.

Studente in die saal was redelik links ingestel en ek is tog tevrede met die gelykopuitslag voor die beslissende stem. Baie studente wat moeite gedoen het om op te daag, het egter toe nie kans gekry om enigsins te stem nie.

Ek voel self so, en het sulke klagtes ontvang, dat ons eerder 'n referendum moes gehou het. Ek dink nie die uitslag is verteenwoordigend nie.

Die KP voel dat artikel 20 (1) van die grondwet van die studente-unie wat bepaal dat alle studente tot 'n monstervergadering toegelaat moet word, oortree is.

Ons bevraagteken dus die geldigheid en die uitslag van die vergadering, omdat sommige studente buite gelaat was, en gaan ons saak by die Studentehof beveg. Die uitslag van die vergadering is bindend op die SR en ons wil juis dié gebondenheid uit die weg ruim.

### Jaco Malan (SAAK-voorsitter)

Gerugte oor gevoelens van studente wat buite die stadsaal was, kan net gegrond wees op bespiegelinge. 'n Mens moet kyk na dit wat binne die saal gebeur het.

Die rede vir die groot getal studente wat nee gestem het, is regeringspropaganda. Die uitslag van die tweede mosie dui duidelik op die oningeligtheid oor die African National Congress; hoe hulle vreedsaam ontstaan het en hoe geweld en onderdrukking van die NP hulle tot geweld geforseer het.

As mense bewus was van waar geweld eintlik vandaan kom, naamlik van apartheid, sou hulle besef het hoe absurd voorwaardes van die Regering aan die ANC is om geweld af te sweer.

Om teen hierdie mosies te stem verander niks aan die geweldadige situasie, die realiteite van Suid-Afrika nie. Terwyl dit al hoe meer begin lyk asof ons in is vir tien tot vyftien of meer jare van geweld, sou 'n laaste hoop om dié geweld te verminder wees, as witmense begrip begin toon vir die gevoelens van swartmense.

Die getal mense wat vir die twee mosies gestem het, wys darem dat daar nog hoop is.

### David Waddilove (NUSAS-voorsitter)

Die uitslag van die monstervergadering is verteenwoordigend van die breë politieke arena in Suid-Afrika, naamlik dat rasionele gesprek dalk 'n mite is. Dit is dalk tans onmoontlik om saam te praat ten einde 'n oplossing te vind – mense is nie eens bereid om te praat nie. Die studente se oningeligtheid is toonaangewend van die posisie in Suid-Afrika.

Groepsgees was deurslaggewend by die vergadering. Studente het nie na redenasie geluister nie en het bloot saam met hul koshuise gestem.



JACO MALAN



PHILLIP VERSTER

Ek dink die uitslag is verteenwoordigend, maar dit sal nie veel implikasie vir die universiteit hê, of groot invloed op die breë Suid-Afrikaanse situasie toon nie.

Ons is dus nog in dieselfde posisie as wat ons voor die monstervergadering was. Dit is duidelik dat die Universiteit van Stellenbosch nog 'n konserwatiewe universiteit is en nie die plek waar oplossings gesoek kan word nie.

## Die twee gesigte van Stellenbosch

*Afrikaners is plesierig,*
*dit kan julle glo,*
*hulle hou dan nou monsters*
*en dan maak hulle só:*

ELFHONDERD Maties pak die Stadsaal. Hulle wil besluit oor die oopstelling van koshuise vir alle rasse, en ook oor die vrylating van Nelson Mandela en ander politieke gevangenes.

Die hele aand word daar gepraat oor demokratiese regte, want ons ís mos 'n demokratiese volk.

Het ons dan nie met die Groot Trek ons eie (demokratiese) republieke in ons beloofde land gestig nie? Het ons dan nie ons demokratiese Boere-republieke teen die inmenging van die Buitelanders met die wapen beskerm nie? Wie anders as die Afrikaner is vir jare deur die Engelse verdruk – daarom weet ons mos van demokrasie en verdrukking iets uit eie ondervinding.

Maar, helaas, miskien was dit nooit die geval nie. Of dalk het dit te lank terug gebeur. Dalk het die Afrikaner se leiersposisie van hom 'n selfsugtige mens gemaak wat slegs sy eie mening as korrek aanvaar.

Want dit het só op die monstervergadering gelyk.

Niemand was bereid om na enige standpunt te luister nie. Soos Zoeloe-impi's van ouds het die Boere gebrul en gebulder as hulle nie met 'n spreker saamstem nie - dikwels nog voor hy begin praat het.

Dit was onstellend, want vandag se studente is per slot van sake môre se politieke leiers. En ten spyte van elke groep se mooipraatjies oor demokrasie en rasionele debat het die ou bekendes – eiebelang en persoonlike eer – weer die monstervergadering oorheers.

En dat mense wat (miskien heel tereg) daarop aandring dat die ANC eers geweld moet afsweer, self tot geweld oorgaan. Maar só mans genoeg is om 'n mede-student onverwags in die gesig te slaan en dan die hasepad te kies. Ag nee, meneer. Die Afrikaner is mos nie só nie – u weet mos..."ek hou van 'n man wat 'n slag kan slaan, ek hou van 'n man wat sy man kan staan". Of só iets.

'n Sprekende voorbeeld van eiebelang: Mnr. Nicolas Myburgh, leier van die PSA, sê ná afloop van die monstervergadering dat privaatstudente nie oor die mosie rakende oop koshuise moes stem nie, want dit raak hulle nie. Nogtans het hy op die monstervergadering die vrymoedigheid gehad om 'n stemmingsmosie oor die oopstelling van koshuise in te stel.

Indien hy oortuig is dat die mosie nie privaatstudente raak nie – en hy is heel geregtig op sy mening – moes hy seker op die monster ook volgens sy oortuiging hom uit die saak gehou het. Maar nou ja, hy was seker maar haastig om by die Mandela-mosie uit te kom – die PSA het hom mos juis op dié mosie toegespits, met pamflette, en pamflette, en pamflette.

Die monster het dus maar weer bewys wat almal vermoed het, maar nooit wou erken nie. Stellenbosch se Idee is beslis nie demokratiese optrede en rasionele debat nie. Eerder die emosionele vasklouing aan verstokte idees, saam met 'n goeie dosis Afrikaner-militarisme. Manne, die AWB is trots op julle.

*Afrikaners is plesierig,*
*dit kan julle glo*
*hulle luister na Savuka*
*en dan maak hulle só:*

ELFHONDERD Maties pak die Gat. Hulle kom luister na Johnny Clegg en Savuka.

Dit is dieselfde tipe "gewone arm student" as dié by die monster, en heelpaarty van hulle is (ook soos by die monster) dronk en luidrugtig.

Voor die "show" sit almal geduldig en wag. Niemand gryp die ander aan die keel nie – almal is rustig, demokraties en rasioneel.

Clegg en kie verskyn op die verhoog.

En hy praat politiek – dit kon net so maklik 'n "weird" student wees wat op die monster die Mandela-mosie bespreek.

Hy praat oor dood in aanhouding, hy praat oor Nelson Mandela, en hy praat oor die toekoms van ons land.

Savuka sing 'n liedjie wat Clegg as 'n "freedom song" bestempel. Hulle sing in die taal van die terroriste, kommuniste en die ANC.

Clegg en Savula se "show" loop te einde. Die Maties wil nie hê hulle moet die verhoog verlaat nie. Effens anders as die monster, toe sommige studente vir dieselfde tipe boodskap van die verhoog gejou is.

'n Ministerseun en 'n ronde swart vrou sit op ander studente se skouers en juig die die gemengde Savuka toe.

*I'm sitting on the top of Kilimandjaro, I can see a new tomorrow . . .*

# Die 'rugger bugger' w… weggebreek het

**Pierre de Vos gesels met Frederik Van Zyl Slabbert**

"EK was 'n tipiese 'rugger bugger' op Stellenbosch gewees," sê Van Zyl Slabbert en glimlag verleë. "Ek het rugby gespeel – dit was my lewe – en ek was in Wilgenhof gewees. Dít is al klaar 'n geweldige verdowingsmiddel teen enige betrokkenheid. Maar ek het dit geweldige geniet – ek wil dit nie afmaak nie."

Hy praat in netjiese, vol sinne wat gemaklik van sy tong af rol. Hy vertel hoe hy van die politieke teenstrydighede in Suid-Afrika bewus geraak het. "My pogings om met ander mense te gaan gesels wat nie blank is nie, het 'n impak op my begin kry. Geleidelik word jy bewus dat jy in 'n geïnsoleerde samelewing bly, en jy besef dat jy daaruit móét kom."

"Stellenbosch se studente het baie verander sedert ek daar studeer het," sê die man wat op Stellenbosch kom studeer het omdat dit 'n "fabriek van rugby-Springbokke" was. "Daar is 'n baie groter mate van onbevangenheid. Studente vra meer kritiese vrae en daar is nie meer die vrees vir die establishment wat in my dae baie sterk geloop het nie."

Van Zyl Slabbert sê hy sal in die toekoms 'n rol wil speel om die insolasie van mense af te breek en te oorbrug. "Om vir 'n jong swartman te sê, as hy wil, 'jy kan kom gesels met 'n jong blanke'. Want hulle móét mekaar se wêrelde verstaan. As hulle dit nie doen nie, gaan die situasie heeltemal gepólariseerd raak.

"Vandag is die swart studente baie meer gepolariseer as die wit studente. Hulle is baie meer betrokke en het 'n baie sterker aanvoeling vir politieke strominge en tendense. Hulle is ook meer geradikaliseerd omdat hulle die situasie op so brutale vlak ervaar. 'n Swart student kom uit die townships en gaan die blanke wêreld in en sien dit in 'n heel ander perspektief."

Van Zyl Slabbert kontrasteer dié situasie met dié van die blanke studente. "Jou gemiddelde blanke beweeg rond in sy 'goldfishbowl' en hy ervaar dit as 'n redelike maklike, nie bedreigende wêreld," sê hy. "En nou met die werking van die noodtoestand en die gebrek aan inligting dink hy; 'Nee kyk, ons is besig om die situasie onder beheer te kry'."

"En dit gebeur," sê hy, "terwyl jy van die swartman hoor dat sy township met doringdraad afgekamp word, … nou in New Brighton gebeur het. … besef jy dit is twee verskille… wêreldservarings wat ten grondsl… van die uiteenlopende denkwyses."

Volgens hom is daar nog posi… aspekte in ons samelewing wat … hoop gee. "Maar," sê hy, "dit ga… 'n groot mate van die jong mens… hang of ons uit die insolasie sal … breek. Die maniere wat hulle gaa… dink om brûe te bou en kontak te m… is baie belangrik."

Van Zyl Slabbert verseker my … die standpuntinname van die stud… leiers op Stellenbosch 'n groot in… het. "Die Regering neem baie e… daarvan kennis en is baie bekom… daaroor," sê hy. "Maar dit het o… geweldige impak onder die politie… wuste swart bewegings en selfs o… die ANC-mense met wie ek gesels… Dit was vir hulle 'n geweldige bela… ke ding dat Stellenbosch se stud… ook wou kom praat het. Ons mo… …derskat nie. Daar is so verdraaide … van monolitiese Afrikanerskap, …, die ding van almal is in dieselfde … en dink dieselfde. Dit is vir (ANC) 'n weerspreking van daar… …le beeld wat bestaan."

"… kan nie sien dat die AWB of … ver-regse groep die Regering … die wen van kiesafdelings sal oor… nie," sê hy. Van Zyl Slabbert glo … nie dat dít die rede is hoekom … Regering nie vinniger hervorm nie. … (die AWB en ander regses) is … militant omdat hulle so … voel as 'n geradikaliseerde groep. … na hulle luister hoor jy byvoor… goed soos: 'Ons sal die wapen op… die tipe van goed." Hy maak sy … in 'n nabootsing van 'n AWB-…steuner. "Ek dink die mense hou … bedreiging van 'n geweldadige … – òf weens die oorverteenwoor… van ver-regse groepe in die buro…, Polisie en Weermag òf op 'n ar… basis by wyse van vigilantes. … hulle probeer ook om die Afrika… verlede te herskep," sê hy.

"… is ook 'n mate van rassisme …ke. Die hele ding van 'kaffers' en … dat party van die mense nog in … Trek is. Dié mense word … regse groepe betrek. Maar as … Eugene Terre'Blanche luister is … 'n romantiese verlange na die … van die ou Afrikaner-trots – die … as trotse Boer."



# The 'complexed' subject of Sebe

**)SEPH LELYVELD describes a eech delivered by General Charles ›be at the University of the Free ate in this extract from his book, ove Your Shadow - South Africa ack and White.**

HEN he rose to speak after a benediction and roduction in Afrikaans, the general was still aring his cap, with the full complement of ornental braid due his rank. Solemnly he gave undergraduate audience a rigid salute. The ite, rosy-cheecked expressions turned up to n couldn't have been more earnest had they en in church.

Few of these young Afrikaners would ever ve had occasion before in their lives to sit and en to a black man delivering a speech, so arles Sebe's presence in their midst was nely as surprising to them as it was to him. Some, o were unused to spoken English, may have agined they were having a hard time following speaker because of language. But the gene-'s exaggerated articulation made every word nprehensible; it was the connection between words and the sentences they formed that came bewildering.

General Sebe frequently wearied of reading 1 recharged himself every few minutes by speng extemporaneously so that his remarks flod like a meandering river or droned like a h-altitude plane that unpredictably dives wn for strafing runs, then sails up again into blue yonder. The roller-coaster effect suited evangelist's role he was now playing as he oicted a struggle between forces of darkness, ck "terrorists" manipulated by the "*dra-gon comm-u-nism,*" and the forces of light, repreted by the allied republics of South Africa 1 Ciskei.

'The subject is quite a complexed one," he d in his hoarse, throaty way. "Some of you ght have nightmares tonight because of the threat that I will talk about."

From the earliest days these Afrikaner stunts had been force-fed on Manichaean intertations of an impending struggle, but to hear lack man assert that he had come to psycholoally awaken them must have disturbed the or- of priorities and categories on which they 1 been reared. What business could a black ve meddling with white souls? Some of the stunts seemed uneasily aware that here was a ck man who surpassed them in ideological nmitment; from there point of view, he was nost too good to be true.

'I read about communism, I am still reading out communism *the-o-ret-i-cal-ly,*" he boas-, trilling the last word, "but I am also working nmunism *prac-ti-cal-ly.*"

And communism, of course, was everywhere. nin himself had designed its program for isolag and conquering America, General Sebe d, proving his point with spurious quotations m one of the scriptures that emerged from the nier recesses of the American radical right, book None Dare Call It Treason, which was underground best seller in the Sun Belt. One Charles Sebe's white "handlers," I guessed, st have initiated him into the political occult 1 its mysteries. One nation's lunatic fringe is another nation's security police.



Illustration: L. Gelderblom

The enemy within was inside South Africa, too: in its churches, in its student organizations, and, above all, its black political movements. "I don't know what it is," he said, taking off from his text, "but in my context a liberal is a Communist." I turned in my seat and looked around in the hall to see if anyone had blinked at that; as far as I could make out, General Sebe was getting an increasingly respectful hearing. He made little mistakes - he was off by a factor of hundred when he said there were three million Cubans in Angola - but these were not the kind of slips his audience was prepared to catch.

Grievances? The general allowed that there was social injustice in South Africa "some time ago," but, he said,"The struggle in South Africa is not between a black struggle and a white. It is a communistic orientated ideology professed by the African National Congress for the Communists to take over in South Africa as it is stated in their blueprint."

"You all heard about Mandela," he said, running down the names of the imprisoned and exiled leaders of the banned movement. "You all heard about Moses Kotane, Alfred Nzo, Oliver Tambo, but because of *comm-u-nism*, where are they now with their brains, with their academic backgrounds?" In fact, the question of Communist penetration of the ANC is, as the general might have said, "complexed." But as far as he was concerned, there could be no such being as a non-Communist black nationalist. And where, his implied but unspoken question asked, was Charles Sebe now, the former constable who had started with so much less?

If the answer was that the system had rewarded him with more power than any black had ever before wielded under its umbrella, he was here dedicating that power to its defense. It was not only South Africa that could adopt a forward strategy, striking across international borders at "terrorists." If infiltration into Ciskei from Lesotho continued, he promised, his "elite garrison of men" would go to the source. "The Republic of Ciskei," he vowed, "will fight side by side with the Republic of South Africa."

Only two or three persons in the hall abstained from the enthusiastic applause that greeted that conclusion. Charles Sebe had earned it by offering himself as proof to these young Afikaners that their system of partition and exclusion had black support. Now, as he fielded questions, the sense that he had been well received encouraged him towards more daring flights of rhetoric and wit. Did he really mean to say, a sceptical questioner asked, that there was no social conflict in South Africa between blacks and whites, that all black demands were manipulated by Communists? "That is my case," he replied firmly, drawing a lurid picture of infiltrators creeping through the night to kill him and his listeners in their beds, for which he won hand-stinging claps.

Was Ciskei ready to send its troops to do "border duty" against the Communists in Namibia? the next questioner demanded. "That is in the process," he promised, to even bigger claps. Finally he brought down the house with his answer to a young man who wanted to know how he could support "separate development" and denounce apartheid: What after all was the difference?

"I've got to educate you." he began. "It's a matter of ignorance. You are white; I am black. I'm having my own traditions; I'm having my own norms. I live the way I live." Blacks wanted to own what whites owned and live in cities. "But not," he went on, "*in-ter-mar-riage.* What will you get from *in-ter-mar-riage*? You get a coloured." The word was pronounced with contempt. "You don't get a white person, you don't get a black person, but a frustrated child, which does not belong anywhere."

Charles Sebe, like many black South Africans, hero-worshiped a stereotype of the cool, self-sufficient American black who intimidates whites. He studied videocassettes of American TV programmes and movies that conformed to that image and wanted nothing more than to visit America; In fact, it seemed to be his hope that if I wrote about him and made clear his standing as an anti-Communist crusader, he might finally be able to overcome the State Department's refusal to grant a visa to a homeland cop. But Charles Sebe had not spent half his life in white government offices without learning how to pander to white risibilities on the subject of race. He was talking in terms of black pride, but he was rolling his eyes and playing Rochester. And carried away with his success, he neglected to answer the question about what was wrong with apartheid.

Afterward in the social hall, where wine and cheese was served, General Sebe enthralled a large cluster of eager students with his narrative of his shoot-out with the "terrorists." The medals on his chest clanked as he gestured and reeled his way through the re-enanctment. Then he warned them to be on the alert for "indirect communistic attacks" in literature and theatre, saying that he had made himself an expert in spotting subversive themes in plays and now personally censored any drama that was proposed for staging in the Ciskei.

'I accosted one young man with thinning blond hair and a little moustache and asked what he made of the visitor. The response was ethnological. "Sotho people are very different," he said. "We have Sotho people on our farm."

As far as I could make out, he was saying that Ciskei might be able to produce a Sebe, but that was no reason to change the social order where he lived. What would he have thought, I wondered, if he'd ever heard theclikes of Steve Biko?

**● Move Your Shadow is published by Jonathan Ball Publishers.**

Die Winkel STELLENBOSCH
Het Laantje, Andringastraat 13, Stellenbosch 7600
Het Laantje, 13 Andringa Street, Stellenbosch 7600
Tel (02231) 76803 PO Box Posbus 6122 Uniedal 7612

**In koshuiskamers word baie dinge gedoen . . .**

- geswot
- geslaap
- gesels
- gelees
- gedrink -
dis nou koffiedrink

**Ons het spesiale koffiebekers: koshuis-koffiebekers.**

**Ons kan ook enige naam of datum daarop aanbring vir 'n besondere persoonlike geskenk.**
***Kom val in vir 'n koppie koffie by***



**Het Laantje, Andringastraat 13 Tel. 76803**

# Vroue: Die vergete onderdruktes

**Vroue moet nie so maklik die rol wat die samelewing aan hulle toeken, aanvaar nie, sê INET STRYDOM.**

BLANKE vroue-studente is nie altyd so bewus van hul onderdrukking as wat swart vroue is nie. Hulle aanvaar die rol waarin die samelewing (mans?) hulle plaas, sonder om daaroor te dink.

Frustrasie en ongelukkigheid is vroeg reeds onherkende simptome hiervan. baie kinders verstaan ook nie hulle moeder se frustrasie as 'n resultaat van die gebrek aan beweegbaarheid binne hulle omstandighede nie.

Swangerskap is byvoorbeeld vir baie vroue 'n probleem omdat bitter min instansies enige wette of regulasies hieromtrent het. Vir die meeste vroue beteken swangerskap dus afdanking en werkloosheid.

Van werkende vroue word ook verwag om tuis al die huiswerk te doen. Dit is volgens die samelewing "hulle werk" en daarom dink die meeste mans byvoorbeeld glad nie daaraan om ook hand by te sit nie. "My vrou moet die huiswerk doen," is die algemene houding.

Vroue, laat ons volgende keer voor ons na die strykyster, die spieël of die skaal stap, eers dink of ons dit vir onsself doen of omdat dit van ons verwag word.


Swart vroue . . . die mees onderdrukte groep.

Van al die onderdrukte groepe kry swart vroue egter die swaarste. Armoede dwing hulle om ook te werk en hulle kinders in die sorg van ander te laat. Omdat werk skaars is, is hulle tevrede met enige werk en word hulle maklik deur werkgewers uitgebuit.

Op 9 Augustus herdenk ons Vrouedag. Dit is die dag waarop tienduisend vroue dertig jaar gelede teen die uitbreiding van paswette na swart vroue geprotesteer het. Laat ons op 9 Augustus al die mense gedenk wat opofferings gemaak het om ons land 'n vreedsamer plek te maak.

# Die monster kies toe konfrontasie

**Die mense by die monstervergadering het nie besef wat búite die stadsaal aan die gebeur is nie, sê ANDRIES DU TOIT.**

EINTLIK was dit alles so voorspelbaar. Die Mandela-mosie het nie 'n kans gehad nie. Van die begin af was dit duidelik dat die uitslag van die stemming lankal bepaal is. Die studente het gejil, die paar linkses het braaf maar tog op n manier só pateties hul toesprakies voorgedra, die spook van Mandela-die-monster is deur die regses opgewek; die mosie is met 'n oorweldigende meerderheid verslaan.

Dieselfde aand nog is tien lede van die ECC in Kaapstad opgetel. Die laaste voorbereidings is getref vir die elektrifisering van 'n 25 km-lange heining tussen Mosambiek en Suid-Afrika. Nog n paar mense het gesterf. Die lang nagmerrie van Suid-Afrika se verandering het één nag donkerder geword.

Bínne die saal was dit 'n oorwinning vir die regeringsgesindes. Maar as ons kyk na wat buite die warmte van die saal gebeur het - as ons kyk na Suid-Afrika as 'n geheel - is dit nie meer so maklik om te sien wie gewen het nie. Dit begin selfs lyk asof ons almal verloor het.

En miskien is dit die beste manier om te verstaan wat op die dertigste Julie gebeur het. Want daar was één ding, dink ek, wat die voorstanders en die teenstanders van die mosie van mekaar geskei het; een ding wat aanleiding gegee het tot die mosie en wat ook die uitslag daarvan bepaal het, en dit was daardie verskil van binne en buite die soort politiek wat ons in die saal gesien het.


Illustrasie: Weekly Mail

P.W. BOTHA

Vir die oorgrote meerderheid van studente was die wêreld wat saakmaak die wêreld wat binne die saal gegeld het: die wêreld van hul ouers, van wit politiek, wit mag, én wit toekoms. Vir hulle was Suid-Afrika 'n blanke land, die land van hul ouers; en sou die Suid-Afrika van hul kinders nie te veel hiervan verskil nie. Is dit enige wonder dat die mosie so jammerlik gefaal het? Binne hulle blanke wêreld sou dit louter domheid wees om politieke gevangenes vry te laat: dit sou wees om mag prys te gee, om die hekke oop te maak vir die vernietiging van 'n toekoms wat andersins nog seker en vas gestaan het. Vir die regses was hierdie 'n ideale terrein, en die oorwinning was maklik en soet.

Vir die linkses was dinge anders. Mens kan amper sê: hulle woon in 'n ander Suid-Afrika - 'n Suid-Afrika wat nie beperk is tot die vier mure van die saal, tot die strate van Stellenbosch, Kaapstad en Pretoria nie. Vir hulle is die Suid-Afrika wat saak maak, die Suid-Afrika van die caspir, die petrolbom, die township-straat. Suid-Afrika is vir hulle die land van Bhoipatong en Athlone, waar 24 miljoen mense stadigaan besig is om hul eie mag te besef. Nie in wit Suid-Afrika nie, maar 'n Suid-Afrika met 'n heel ander toekoms; 'n toekoms wat, tensy daar vinnig opgetree word, bloedig en gewelddadig kan wees.

Die keuse is dus nie: sal ons die mag behou of prysgee nie. Die keuse is: sal ons kies vir 'n toekoms van ontoegeeflikheid en konfrontasie, of sal ons kies vir onderhandeling? Hulle het die vrylating van Mandela voorgestaan - nie omdat hulle week van hart was nie, maar omdat hulle dit gesien het as 'n noodsaaklike voorwaarde vir 'n vreedsame toekoms. En dít was ook byna heeltyd hul argument; 24 miljoen mense kan jy nie almal in die tronk sit nie, kom ons onderhandel eerder met hulle regmatige leiers.

Dit was dan ook waarom hulle die mosie voorgestel het. Nie omdat hulle gedink het hulle staan 'n kans om te wen nie, maar omdat hulle 'n bietjie doemprofeet wou speel. Hulle wou sê: kyk na die toekoms, kyk net na die "spraypaint" teen die muur. Hulle wou hul medestudente waarsku, hul o$e oopmaak en sê: die toekoms is anders as wat julle dink. Hulle wou 'n saadjie van twyfel plant, die gedagte los: miskien is die toekoms nie wat Die Burger en P.W. Botha vir ons sê dit is nie.

As hulle illusies gehad het, was dit dié een: hulle het gedink daar sal ten minste aandag gegee word aan hulle standpunt. Maar bitter, bitter min studente het na hulle geluister. Hulle is vanuit die staanspoor doodgeskree en uitgelag. Die prentjie van 'n wit Suid-Afrika was te goed ingebed, dit was te maklik en te lekker om vir die eienaardige skepsels op die verhoog te lag. Dit is te verstane dat die linkses 'n bietjie verbitterd gevoel het, dat hulle, met die sing van Die Stem, Nkosi Sikelele Afrika met gebalde vuiste gesing het en uitgestap het. Dit was 'n soort vergelding vir die vernedering - en vernedering maak seer as jy voel jy doen dit om jou medestudente se eie ontwil. Wat sê die Bybel nou weer van 'n profeet in sy eie land?

Dit mag wees dat ons verkeerd was oor ons eie rol. Maar ek dink nog altyd dat die skrif in 'n sekere mate tóg aan die muur is. Nie dat middernag net met 'n paar minute weg is nie. Maar die toekoms staan elke dag meer Libanon se kant toe: doringdrade, bomme, geweld se kant toe. En ek dink nog altyd dat die enigste manier om dit af te wend, is om buite die perke van die stadsaal-politiek op te tree. Soos byvoorbeeld om Mandela vry te laat. En ek dink nog altyd óns moet daaraan begin werk; en ons moet noú begin. Miskien is daar nog hoop. Miskien is dit 'n goeie teken dat daar 200 studente vir Mandela gestem het. Miskien sal hulle meer word. Op Stellenbosch sal hulle altyd 'n minderheid bly. Maar op die ou end is dit nie Stellenbosch wat saak maak nie, maar Suid-Afrika. En ons toekoms.

## ON RECORD

As it turned out, Son of Royal Wedding was pretty much the same as Royal Wedding 1, only with a fatter bride and a thicker groom. **(Weekly Mail.)**

Hy raak partykeer moeg vir my klere as ek dit te veel dra. **(Elize Botha in 'n onderhoud met Beeld.)**

We are still in the process of perfecting the free flow of information. **(Mr David Steward at a daily briefing of the Bureau for Information.)**

Nee my vriend, ek is nie 'n kommunis nie. **(P.W. Botha aan 'n hekelaar nadat die hekelaar geskreeu het: "Ja, gee hulle (swartmense) almal stemreg.")**

Suid-Afrika beleef 'n krisis . . . Seks, drank, dwelms. **(Ester, 'n publikasie vir vroue-christene.)**

The congregation had also been told by a man with a loud-hailer. "The government has declared a state of emergency which means nothing to us. Botha's legalized murder and Le Grange's dogs must be crushed" Mr Le Grange said he had not read the Koran, but he did not think that these quotes were contained in it. **(Cape Times.)**

Shocked electrician David Worthington Grime, who had never seen her topless until he turned on the TV, vowed: "I want nothing more to do with her." **(Sunday Times.)**

The Bureau of Information ruled that pictures of the bomb blast could be shown if they Showed the ANC in "a cruel light". **(The Star.)**



Eugene Terre'blanche . . . die AWB staan sterk.

Foto: Vulal

# Onmin in St. Pietersburg

**In die Noord-Transvaal is daar 'n geweldige gevoel van onverdraagsaamheid by dele van die blanke bevolking, berig PIERRE DE VOS.**

"DIE AWB staan sterk hier in die Noorde," sê 'n kafeebaas op Naboomspruit vir my. 'n Reuse AWB-embleem is onlangs op een van sy kafee se vensters aangebring. Die Coca-cola teken in die ander venster vertoon verwese teenoor die indrukwekkende rooi, wit en swart baster-swastika van sy onverwagte mededinger.

Op Pietesburg (volgens 'n advertensie "Voorposstad van die Noorde") word besoekers deur helderkleurige liggies verwelkom. 'n Bybel (of derglike boek) flits oop en toe. Die dorp vier vanjaar sy honderdste verjaarsdag. Maar anders as in Johannesburg is hier nie sprake dat die geleentheid geboikot word nie. Die organiseerders het sulke probleme vermy deur eenvoudig net geen swartmense na enige van die amptelike geleenthede uit te nooi nie.

Ek ry verby die Jack Botes-saal wat spesiaal vir die feesvieringe gebou is. Dit is dieselfde saal waar die AWB onlangs Pik Botha se vergadering ontwrig het. Vir baie mense in die Noorde het dit reeds 'n simbool van verset teen die regering geword. Dit herhinner mens ook aan die diepe verdeeldheid wat hier onder Afrikaners heers.

"Daar is 'n diepe gevoel van weersin by die mense in die huidige situasie omdat ons nou al vir ses jaar nie 'n demokratiese verkiesing gehad het nie," sê dr. Willie Snyman, die KP-LP vir Pietersburg, as ek hom oor die onlangse gebeure uitvra. "Die NP het mense van Johannesburg af ingevlieg om te probeer keer dat die Boere van Noord-Transvaal nie die vergadering oorneem nie, maar hulle was natuurlik nie suksesvol nie ," sê hy terwyl hy selfvoldaan glimlag. "Ag daar was die aand 'n bietjie rondstampery, maar ons mense het gegaan om die saal te beset."

In die ingangsportaal van die NP se kantore ('n woonhuis wat in die oranje, wit en blou van die Party geverf is) hang 'n foto van Pik Botha met 'n boodskap "aan al my vriende op Pietersburg. Dankie vir wat u vir Suid-Afrika gedoen het toe Suid-Afrika u nodig gehad het."

Mnr. Tjol Lategan, die NP-voorsitter op die dorp en lid van die Presidentsraad, is duidelik meer ontsteld as dr. Snyman oor die R30 000 se skade wat aan die Jack Botes saal aangerig is. "Die AWB's het uit Natal en die Vrystaat gekom daardie aand," sê hy terwyl hy met sy vingerpunte op die tafel slaan om sy punt te beklemtoon. "Daar is twee rewolwers opgetel wat patrone in die loop gehad het. Die Holiday Inn was daardie dag deur die KP's en HNP's leeggesuip." Volgens mnr. Lategan is die mense op Pietersburg nie so verkramp as wat die "buitewêreld" dink nie. "Pietersburg gaan almal verbaas in die verkiesing," sê hy met die selfvertroue van 'n ware politikus.

Sommige NP-ondersteuners praat egter meer soos hulle KP-vriende. "Hulle is erger as Kaffers! Hulle is barbare. Dis verskriklik dat Afrikaners hulle so gedra," het 'n getroue NP-ondersteuner tydens die AWB se ontwrigtingsaksie uitgeroep.

"Die sukses van die regering se hervorminsplan hang af of ons die mense op Pietersburg met ons kan saamneem," meen mnr. Lategan. "Jy sit met gevestigde belange – of hulle nou juridies gefundeerd is of nie. Geen groep gaan sommer so sito-sito sy gevestigde belange afgee nie," verduidelik hy sy oënskynlike dilemma.

In 'n ondersoek wat onlangs deur die RGN op drie Transvaalse dorpe – Baberton, Delmas en Pietersburg – gedoen is, het twee keer soveel blankes gesê dat hulle éérder die dorp sal verlaat as swartmense tot die munisipale swembad toegelaat sou word, as wanneer daar 'n guerilla-oorlog om die dorp sou woed.

"Ons moet onthou dat die bevolkingsamestelling in die Noord-Transvaal uniek is deurdat die wit vis-a-vis swart verhouding een tot dertig is," verduidelik mnr. Lategan. "Die mense voel die sogenaamde swart verdrukking op hulle ergste hier. Stellenbosch is byvoorbeeld nie so aan Suid-Afrika se probleme blootgestel as Pietersburg nie. Sonder om voorspraak vir die verkramptes te maak wil ek tog vir 'n bietjie geduld pleit by mense wat nie aan die naaktheid van die probleme blootgestel is nie," sê hy. Ek wonder onwillekeurig hoe hierdie stelling in Crossroads en KayaMandi ontvang sal word.

Onlangs het die blankes van Pietersburg hulle strydbyle begrawe toe 'n redelike suksesvolle verbruikersboikot teen die dorp se besighede geloods is. Mnr. Piet Maré, die eienaar van twee besighede op die dorp, sê dat sy omset tydens die boikot met meer as sewentig persent gedaal het. "Waarom kan ons nie ook die Swartes boikot nie," vra hy. "Laat die 'comrades' vir die Swarte(sic) die noodsaaklikhede soos brood en meel lewer sodat ons kan sien hoe kom hy klaar."

Min inwoners op die dorp sal dit waag om 'n "oplossing" vir die verdeeldheid onder die blankes voor te stel, maar ongelukkig weerhou dit nie die amateur-politici daarvan om oor die swart gemeenskap se probleme te tob nie. Mnr. Maré stel byvoorbeeld voor dat die (swart) Universiteit van die Noorde geheel en al vir swart studente gesluit moet word "as een klip nog gegooi word. Herstel dan al die beskadigde geboue en omskep dit in 'n blanke universiteit. Ek glo ons sal dan minder probleme op ons voorstoep hê," doen hy selfversekerd aan die hand. (Die universiteit is 23 km buite die dorp geleë.)

Hierdie onkunde en ongevoeligheid vir die probleme in die swart gemeenskap laat baie buitestaanders glo dat konflik onafwendbaar is. Dr. Snyman stem hiermee saam, maar hy dink nie mens moet "hiervoor terugdeins nie. Ons (blankes) is al drie eeue aan die ontwikkel. Moet ons dit net so aan ander oorhandig weens die feit dat hulle 'n aandeel daaraan gehad het?" wil hy verontwaardig weet.

Dr. Snyman waarsku ook dat die "getalle oorwig" van swartmense nie vir hom en sy ondersteuners 'n rede is om moed op te gee nie. "Dit is nie die kwantiteit van die mense wat tel nie, maar die kwaliteit," sê hy terwyl hy selfversekerd glimlag –so asof hy homself ook probeer oortuig.

## KAMPUS-MENINGS

Kampus-menings verskyn nie in hierdie uitgawe van DIE MATIE nie. Regsverteenwoordigers het ons geadviseer dat sekere dele daarvan moontlik in terme van die noodregulasies as subversief beskou kan word. Die vraag wat gestel is, was:

Wat dink jy is die effek van die noodtoestand?

## MENINGS-AKTUEEL

Studente word uitgenooi om artikels aan die aktuele redaksie voor te lê vir publikasie. Belangstellendes moet asseblief die aktuele redakteur kontak voor of op die Donderdag nadat die vorige uitgawe van Die Matie verskyn het.

—Matie Art

MOVIE REVIEW

# Absolutely Disappointing

**ABSOLUTE BEGINNERS, directed by Julien Temple. Starring Eddie O'Connell, Patsy Kensit, David Bowie, James Fox, Steven Berkoff, Sade.**



Eddie O'Connell

Set in post-war Soho of 1958, at a time when the Teenage Miracle had reached full bloom, Absolute Beginners is alive and pulsating with images of charged youth. Teenagers became the new economic class with precocius young upstarts such as "Baby Boom" bursting forth on the scene as rock's answer to a youth cult musician. "Baby Boom" and his Blitz Baby friends push youth culture to its limits.

Don't let the impressive line-up of names such as David Bowie, Sade and James Fox lead you to overestimate the strength of this movie. It had been Julien Temple's avowed intent to hoist the British film industry from the doldrums with Absolute Beginners. If David Bowie was supposed to make this plan take off, he appears too late to do so.

Patsy Kensit, a unquestionable success in her role as Europe's latest sex-kitten, definitely lacks credibility as an actress. However, her visual attributes are such that they succeed in carrying her through the jumbled events of the film.

Based on the youth cult novel by Colin MacInnes, there are two major themes running through the film. The first deals with the love affair between Colin (Eddie O'Connell) and his "Sooz" (Patsy Kensit). Both lovers dream of success, Colin as photographer and "Sooz" as a fashion designer. And, wait for it - their dreams come true.

By running amok at a somewhat sedate and ostentatious fashion show, "Sooz" soars to instant success. Ripping garments to shreds and appearing on stage in a micromini, she becomes London's leading designer of youth couture. Henly, "Sooz's" mentor (who just happens to be coutourier to the Queen) woos "Sooz" and marries her. (Shame, poor Colin, its not easy being a wimp.)

Colin, the ever faithful beau and mumbling narrator of events, eventually becomes the photographer of his dreams. Brought to the attention of Vendice Partners (David Bowie), he wins acclaim by capturing the youth of London on film.

There is even a bit of racial unrest in the maelstrom of events, to bring the movie closer to home. A Hitler-like performance by Stephen Berkoff, in his role as a fanatic leader of a racist group, is a gem. This is where the second theme arises. A white property development is planned for a predominately black neighbourhood. Berkoff and his cronies are responsible for driving "the niggers" out. Guess who the property developers turn out to be?

The cinematography is excellent throughout. With an emphasis on colour and mood, the atmosphere and seediness of London's West End with its basement clubs, sex shops and cosmopolitan air is well evoked.

There are some brilliant scenes in the run of the film, most noteworthy of which is the doll's house eye-view of Colin's West End home. This comes complete with an assortment of lodgers, a becurlered Mum and a downtrodden Dad. (Dad, by the way, is played by ex-Kinks member, Ray Davies.)

The belated appearance of the ageing idol, David Bowie, picks up the second half of the film. Equally impressive on screen as on disc, he is cast as a wealthy and sophisticated enterpreneur. The soundtrack, undoubtedly the strong point of the film, is proof of Bowie's sustained triumph as a musician. Sade's appearance, although brief, is stunning as usual. (She is heavily disguised in a face-hugging wig, so don't miss her.) Had these two figures been cast in the leading roles as the publicists befool you to believe, the movie might well have been a box-office sell-out.

KELLIE WESTON

# Teaterhoogtepunte by Grahamstad '86

WEER het dit vanjaar tyd geword om op Grahamstad te gaan kyk hoe skoon die gewete van die skone kuns in Suid-Afrika.

Op die hoofprogram het kwaliteit nie ontbreek nie, maar die grootte van gehore het gewissel weens hoër teaterpryse. Die randfees was vanjaar die grootste ooit. Feesgangers kon daagliks uit sowat 150 vertonings kies wat gewissel het van pottebakkery-uitstallings tot katedraaluitvoerings.

En die name was nie so klein nie: Pieter-Dirk Uys, Daniele Pascal en Deon Opperman was 'n paar wat hulself op die randfees bevind het.

'n Vriend waarsku my vooraf: die mense daar anderkant is soos uitgevrete gaste wat vir ete genooi word en burp ná 'n koppie koffie. Dit beteken: jy kan nooit enigiemand ten volle tevrede stel nie. Al die dilettante, die teaterMENSE was daar om te kom kyk, maar veral om te kritiseer.

Stellenbosser Chris Goetsch se "Mime Matters II" was gewild en mense het steeds van hom gepraat as die land se voorste mimiekkunstenaar. USAT se liggie het ook geskyn met 'n produksie van Robert Patrick se Broadway-treffer "Kennedy's Children". Die regisseur vir die produksie was Nico de Beer, 'n professionele akteur wat onlangs te sien was in die Baxterproduksie van "Send for Dolly". Die akteurs in dié ambisieuse produksie het hulle almal goed van hulle taak gekwyt, en veral Altus Schreuder het beïndruk met sy sensitiewe vertolking van Mark, die opgeneukte Vietnamsoldaat. Die produksie is ook verlede week in die Ou Conserve opgevoer as een van USAT se hoofgeleenthede van die jaar.

Casper de Vries se "Hallo Suid-Afrika" het die studente-produksies oorskadu. Om drie staande ovasies te kry, was nie alle produksies beskore nie. Hulle sê my belangrike manne in swart pakke het na die tyd tou gestaan om Casper se regte weg te teken wat blykbaar na die tyd gebeur het, aangesien "Hallo Suid-Afrika" in September Baxter toe gaan vir twee speelvakke.

Tukkies het beïndruk met hulle produksie van "Echoes of Anger" geskryf deur Damon Galgut, 'n dramastudent aan die Universiteit van Kaapstad. Die spel was goed, die beligting effe oorweldigend, maar tog treffend genoeg. Die dramaturg het, deur 'n voorstelling te gee van Tsar Nicholas II se bewind net voor die Rooi Revolusie, parallelle deurgetrek na moderne Suid-Afrika. Daar sal hopelik nog baie van die jong Galgut gehoor word.

Mens moet liefs nie te veel oor die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se "Wittebrood vir vier" sê nie."Skoolproduksie" is goed genoeg. Volgens mnr. Anton Welman, die plaaslike hoof van die dramadepartement daar, het Kovsies "'n gehoor geteel". Mens kan nie help om te wonder wat met die bevrugtingsproses skeef geloop het nie.

Wits het met "Laagerhythms" 'n weergawe gegee van hoe swartes hul apartheid-bestaan beleef. Die kunstenaars het hulle almal goed van hulle taak gekwyt en die voorstelling was realisties.

'n Groep Kapenaars, "Cape Town Theatre Project" het beïndruk met verskeie uitstekende produksies, veral "Valesa" en "Stil Born" van Andrew Buckland. In "Woman Alone" en "On the Blue Train" het Nadia Bilchik beïndruk. Isodora Verwey ('n boorling van Stellenbosch se dramadepartement en tans 'n finalejaar dramastudent by Ikeys) se sterk uitbeelding van die legendariese figuur Gilgamesh in 'n eenmansvertoning "The Adventures of Gilgamesh" het wyd lof ontvang.

Die Afrikaanse gees van die fees was voelbaar by 'n paneeldiskussie oor die Afrikaanse teater. Dit het grootliks in Engels plaasgevind. Die esoteriese Pieter Fourie (ATKV) was voorsitter van die paneel met onder andere Pieter-Dirk Uys (geklee in Sondagswart) en Reza ("Diepe Grond") de Wet daarop. Die loop van die bespreking het vir my die vorm aangeneem van 'n agtermiddaggesprek tussen ou geselsmaats wat dit nie oor die laaste glasie rooiwyn kon klaarmaak nie. Pierre van Pletzen (SUKOVS) en Margot Luyt (Radioteater) het so af en toe iets te s&e gehad. Daarna was dit nie vir my moeilik om 'n vriendin te oortuig dat ons liefs nie van nou af elke jaar 'n Afrikaanse Grahamstad in die Paarl onder die Taalmonument moet hou nie.



ISADORA VERWEY
FOTO: PHILIP DE VOS

DAAN MOSTERT

## Sangprys aan singende student

'n SPESIALE studietoekenning is deur die Vriende van die Nico Malan Opera aan 'n finale jaar B Mus-student aan die Universiteit van Stellenbosch, André Potgieter, toegeken.

Potgieter, 'n liriese tenoor, het onder prof. George van der Spuy gestudeer en is tans 'n student van Petrus van Heerden. Hy het in 1983 meestersklasse van prof. Schlawsky en prof. Egger in Salzburg, Oostenryk bygewoon.

Hy het reeds professioneel in Haydn se Nelson Mis, die Sint Johannes Passie van Bach en Brahms se Liebeslieder-walzer gesing. Hy het in Maart sy debuut in KRUIK se Opera Miniature gemaak.

Hy sal op Saterdag 2 Augustus as solis met die KRUIK-Orkes optree in KRUIK se Jeugmusiekfees en sal op 30 September in die Kaapstadse Stadsaal die tenoorrol sing in die KRUIK se Philharmonia-koor se aanbieding van Mozart se Requiem.

# Two New Art Schools Hit Town

FOR all aspiring artists who are itching to put their talents to the test, here are two noteworthy solutions: an art school and a pottery studio have recently been established in the Stellenbosch area.

Pieter Vermaak's art school opened in November 1985 in Laubser House, 157 Dorp Street. The school caters for all levels of experience.

The charming and co-operative Pieter is trained in both graphic and fine arts. He studied in both Stellenbosch and Paris. He deals with a large variety of media and plans for sculpture classes are in the offing.

When asked about his teaching philosophy teaching, he explained that he works according to a basic plan, concentrating on the individual. Groups are small so that interaction between teacher and pupil is established. Pieter feels it increases skill in communication, the basis of any art work.

Milene Rust's pottery studio opened last Monday. The studio caters for all levels of experiences with a specially formulated plan for beginners. Situated at the top of the Helshoogte Pass, the spacious studio is in a beautiful setting. There is a working space outside for use in summer.

Milene, who studied art education at Stellenbosch, prefers to concentrate on personal qualities rather than pure technique. All forms of pottery, such as coiling, hand-building and the wheel, are dealt with. At R 10 for two to three hours, the cost of the lessons is reasonable.

LISA MARRINER

# Strykensemble in Natal

DIE US Strykensemble het tydensdie Junie-vakansie 'n suksesvolle toer na Natal onderneem, waar hulle onder leiding van Eric Rycroft weer groot sukses behaal het.

Die groep, wat verlede jaar deur Europa getoer het, het konserte in Durban se nuwe Skouburg en in Pietermaritzburg se Churchill-teater gegee. Hulle is geesdriftig ontvang, en het met hul hoë standaard en professionele en vitale spel beïndruk. Die klarinettis Oliver de Groote, deeltydse dosent aan die US-konservatorium, het tydens hierdie konserte as solis opgetree.

Die groep het ook vir twee weke saam met die Natalse Philharmoniese orkes opgetree in werke soos Mahler se Derde Simfonie, Ritus van der Lente (Stravinski), en Don Quixote (Richard Strauss), onder leiding van die besoekende Spaanse dirigent, maestro Enrique Garcia Ascensio. Die orkesbestuur en -lede het die professionele houding en hoë standaard van die jong spelers raakgesien en die ensemble is reeds uitgenooi om Natal volgende jaar weer te besoek.

Die Strykensemble het reeds bewys dat dit een van die beste groepe van daardie soort in die land is. Dit sal binne die volgende dekade of wat dalk nie meer nodig wees om spelers van oorsee af in te voer om die Suid-Afrikaanse orkeste te vul nie.

BERTHINE VAN SCHOOR

# Blind Faith Really Does Pay

WHEN asked to do an article on Zelda Truter I was slightly apprehensive. A blind actress – the mind boggles! It is certainly an unusual vocation for a blind person in our society of light. Such people are usually relegated to the dark corners to be trapped in unchallenging and mundane careers. But Zelda is an unusual lady with a mission that would make Joan of Arc's look like a whim.

So I bravely set out to the Keller Theatre where Zelda is at present rehearsing for the role of Winnie in Beckett's "Happy Days". I found Zelda trapped to her waist in a "mound of earth" in the setting for this absurd Beckett play.

At the risk of sounding sentimental, I was swept off my feet by her charm and warmth. Zelda's story is one of determination and an inspiration to all of us dreaming seemingly impossible dreams.

Zelda was born in Pretoria and matriculated at the School for the Blind at Worcester. She appeared in some school plays and dreamed sweet dreams of acting. However, harsh reality stepped in and Zelda was trained in one of the "traditional" careers for blind people – switchboard-operator.

She spent some time answering telephones at the Department of Welfare, but the muses would not allow the entrapment of such a talented lady. In 1980 she applied for the first time to study drama but was turned down. She started studying acting at the "Akademie vir Dramakuns" and on the strength of her talent was accepted at Stellenbosch in 1982. She has since proven herself capable of overcoming all obstacles and is now in her fourth year.

I asked her about some of the problems a blind actress experiences on stage. I have always thought a blind person would be lost and vulnerable under the glaring stage lights. In view of Zelda's optimism the problems seem trivial. She seems to have an amazing memory which makes the stage as familiar as her own room and allows her to locate props by sense of touch. She does admit to feling vulnerable at times but seems to cope very well.



ZELDA TRUTER as Winnie

At present all seems to be well in the sheltered society of the Stellenbosch Drama Department, but what about the future in the cut-throat world of professional theatre? Zelda is very realistic about her goals but retains a tinge of disarming idealism. She does not plan to act professionally at this stage but is interested in radio work, speech training, voice development and perhaps helping blind black children experience the wonderful world of theatre.

Zelda is a normal, uncomplicated woman who loves classical and folk music, playing the guitar and dancing till dawn. She has a sense of humour and loads of charm. She also has determination, dedication and talent. I wish her a Midas future.

THEO ERASMUS

# Hallo, Casper!



Die Kabaretspelers: Jozua van der Lugt (voor). Agter, v.l.n.r. Talita de Villiers, Illse Roos, Casper de Vries, Linda Pienaar en June van Merch

DIE verhoog se gordyne is oop. Agter is 'n klein orkes. Voor staan 'n paar bankies, kapstokke, mikrofone en ander rekwisiete. 'n Witkop meisie kom ongemerk op en begin op die klavier speel. Ander musikante neem hul plekke in – skielik is die verhoog vol, standbeelde staan gereed. 'n Stil stem begin praat, identifiseer homself as Suid-Afrika, die land.

Linda Pienaar, slank, elegant en effens androgien, gryp 'n mikrofoon en begin sing. Dis 'n inleiding tot die kabaret, gewaagd en vol humor. Die gehoor begin ontspan.

Dan sit Jozua en Ilse swart boksies op hul koppe en begin met 'n skets oor die SAUK (gespel SAUK...K). Geen instelling in die land word onaangeraak gelaat nie: die media, die regering, Waterkloof tannies, "gays" en popmusiek...(die dominee op die TV, gespeel deur Casper, sê: "Rock me Amadeus" agterstevoor is Noord-Russies vir "be a homosexual"!)

Die vyf spelers werk deurgans saam soos 'n goedgeoliede masjien, met geeneen wat buitensporig die gehoor se aandag trek nie. June van Merch is'n nuwe gesig met 'n kragtige sangstem.

Die kabaret se inhoud is altyd ter sake, soms ernstig, maar meestal skreeusnaaks – sekere tonele het my letterlik laat huil van die lag. Hoewel ek geen politieke kenner is nie, het alle politieke verwysings binne my ervaringsveld gelê.

Casper de Vries, die skrywer-komponis-regisseur en medespeler in die stuk, het letterlik met kabaret grootgeword omdat hy kleintyds gretig geluister het na sy (Hollandse) ma se kabaretplate. Hy het na 'n Suid-Afrikaanse ekwivalent gesoek en niks gekry nie. Toe hy in 1983 by Stellenbosch kom Drama swot het, het hy begin om klein "one-man shows", wat hy "Dramarette" genoem het, in die Dramadepartement op te voer. So het hy geleer watter materiaal in 'n kabaret werk en wat nie. Sy klein Dramarette het geleidelik groter geword. Vanjaar het hy Hallo Suid-Afrika vir die Grahamstadse toneelfees geskryf en dit daar opgevoer.

Hallo Suid-Afrika is tweetalig, omdat die Grahamstadse gehoor oorheersend Engels is, en omdat Engels en Afrikaans saam meer ruimte vir dubbelsinnighede bied.

Casper beskryf die Grahamstadse gehoor se reaksie op sy stuk as "fenomenaal". Die opvoering het drie staande toejuigings ontvang en hulle het vanwee die oorweldigende aanvraag 'n ekstra opvoering gegee.

Omdat die stuk so gewild was, het die Baxter, asook TRUK dit gekoop om later vanjaar op te voer. Die Baxter-opvoerdatums is 9–13 en 22–27 September. Aan die einde van die jaar tree hulle in die "Statusteater" in Pretoria en die Windybrowteater in Johannesburg op.

Casper voltooi vanjaar sy B.Dram-graad (hy sou dit verlede jaar al gekry het, maar is weerhou deur die Departement Afrikaans-Nederlands). Volgende jaar voer hy in die Kaap 'n kabaret op. Hy beplan iets wat minder polities en meer menslik is, sê hy. Dan gaan hy Holland toe vir 'n paar maande om 'n persoonlike studie van die kabaretwêreld daar te maak.

Casper is al beskryf as die belowendste jong kabarettalent in die land. Daarom is hy beslis iemand om dop te hou.

LINDA BORCHERDS

RECORD REVIEW

# Sigue, Siguer, Sokkie!



The Sputniks... Sick bag, anyone?

**Sigue Sigue Sputnik: Flaunt It**

DAT man Martin Degville and his band Sigue Sigue Sputnik are a right scream, I tell ya! Wadda riot! Wadda hoot! They wear fishnet stockings over their faces! They have two drummers! They start their songs with Bach's Toccata and Fugue in D minor! They speak Japanese in between songs! They were paid R10 million by EMI before learning to play a single note! Degville lifts his glove, then slowly drops it to the floor (clue: a Russian leader!). Can you believe it??

The sound is rather bori- (no I'm only joking, you'se guys, heh heh) I mean cute and interesting: blabbering, blistering and lambasting through a barren wasteland of synthesized fallout! These jerks are doing their utmost to give the newly respectable synthesizer a bad name! In Iran people can get their hands chopped off for playing machines this badly and boringly; being a humanist, I prescribe a dose of Epsom salts and hours of listening to Yello! It's a kind of sickly soul sung in smurf voices; soul for people who've never been allowed to listen to real soul – soul for South Africans!

When Degville talks to the press, he does a Princess Anne: "I say one, f-off!" Or he goes from inanity to insanity by mouthing things like "I hate all women – especially fat ones!" Now watch your mouth, sonny! Any more loose talk like that and I'll be around to measure your nose!

MARINUS VON RAVENSTEIN!!

# KUNS kalender

## MUSIC

**Sondag 10 Augustus:** Die Hongaarse sigeunerkomponis **Franz Liszt** is honderd jaar gelede oorlede en in 'n gedenkprogram bring Hubert du Plessis hulde aan hom. 19h34 in die **Endlersaal**, toegang R1.




Die Kaapstadse simfonieorkes se **Mozartfees** begin vanaf **10 Augustus** in die **Kaapse Stadsaal**. Tyd: 20h30.

**Donderdag 14 Augustus:** gryp 'n toebroodjie en haas jou na die **Conserve**, waar musiekstudente elke Donderdag 'n **etensuurkonsert** om 13h15 aanbied.



Die **U.S. Blaasorkes** o.l.v. Paul Loeb van Zuilenburg blaas op **Saterdag 16 Augustus** om 20h00 sy eie beul in die **Conserve**. Besprekings by Computicket, prys R2.

On **Sunday 17 August**, **Oliver de Groote** will let his clarinet do the talking with **Albie van Schalkwyk** whispering sweet nothings on the accompanying piano. At 20h15, **Endler**.

## KUNS

'n Uitstalling van **Swart-en-Wit** keramiekwerke deur elf Suid-Afrikaanse pottebakkers open op **18 Augustus** in die **Dorpstraatgalery** op die hoek van Ryneveld- en Dorpstraat.



**Cameo** in Kerkstraat bied tans 'n uitstalling van handgeweefde bokhaarartikels deur die **Rosecraftwewers** van Swaziland. Die uitstalling open op **Saterdag 9 Augustus** en lede van die Stellenbosse wewersgilde sal tydens die geleentheid 'n demonstrasie van verskeie weeftegnieke lewer.

## FILM

'n Dokumentere reeks, **The Christians**, word tans **elke Maandagaand** om 6 nm in kamer 230 in die **B.J. Vorstergebou** vertoon. Die reeks van 13 episodes beeld die geskiedenis van die Christendom oor die afgelope 2 000 jaar uit.




**Absolute Beginners**, a new musical starring David Bowie, Sade and James Fox, is to be screened at the **Cine 1** from **8 – 14 August.**



Split your sides at the hilarious antics in **Police Academy Part 3**. At **Cine 1** from **15 August.**

The Kleenex brigade will adore **Violets are Blue**, a movie so beautiful that you would hate to see it end. **Cine 2, August 8 – 14.**



On **Saturday 9 August**, Walt Disney's classic animated film **The Jungle Book** will be screened at **Cine 2**. At 10.30 am and 12.30 pm.

Catch **Highlander**, a mystical fantasy with Christopher Lambert and Sean Connery. At **Cine 2** from **August 11 – 14.**

## DRAMA

Don't miss Samuel Beckett's black comedy, **Happy Days**. In the **Keller** theatre at the Drama department from **7 – 9 August** at 19h00. Tickets at R2,50 available at the door.





**Die Italiaanse Strooihoed**, 'n heerlike Franse klug deur Eugene Labiche, word van **7 tot 9 Augustus** om 20h00 in die **Libertasteater** opgevoer. Bespreking by Computicket.



**Royal Hunt of the Sun** is on at the **Playhouse Theatre** in Somerset West. **7 – 23 August.**



**Fiela se Kind**, Dalene Matthee Matthee se blitsverkoper, is nou 'n verhoogaanbieding met bekende name soos Shaleen Surtie-Richards, Babs Laker en Gavin van den Berg in die hoofrolle. Vanaf **15 Augustus** tot 13 September in die **Nico Malanteater.**



## NOTA BENE

BYDRAES vir **Penseel** word nog ingewag: gedigte en kort prosa. Bydraes kan by dr. Gilfillan se assistent in die Wilcoxgebou ingehandig word voor einde Augustus.

The **USAT** drama festival will be held at the Old Conserve from 18 - 22 August. Entry forms can be obtained from Liebe Verster tel. 4o83.

**USAT** benodig alle trofees wat aan vorige dramafees pryswenners oorhandig is. Kontak Liebe Verster by tel. 4083.

# matie munch

AS daar twee restaurante op Stellenbosch is wat beslis ver bo die res uitstyg, wat pryse én kwaliteit aanbetref, is dit Mama Roma en Bernard's Bistro.

As jy 'n pasta-maniak is, is Mama Roma in die Stelmark Sentrum eenvoudig 'n moet. Mens word by die deur ontvang deur een van die vriendelike Italiaanse eienaars en jou bestelling word feitlik onmiddellik geneem. Die uitstekende diens val mens dadelik op.

Die spyskaart bied 'n verskeidenheid disse waarvan die pasta die hoogtepunt is. Lasagne, Spaghetti, Canneloni, Rigatoni, Ravioli, Tortelinni, Tagliatelle – noem dit en dis daar! En vir so min as R6,00 kry jy 'n reuse porsie. Diegene wat bang is dat die hoofgereg te min gaan wees, kan gerus Mama Roma se aspersiesop probeer – dis heerlik.

Vooraf word varsgebakte brood bedien en die wyn-lys bied 'n goeie verskeidenheid teen billike pryse. Die gesondheidsbewustes kan gerus ook hul Italiaanse en Griekse slaai probeer. As jy dink pasta is darem te skadelik vir die figuur – daar is ook 'n verskeidenheid vis- en vleisgeregte om van te kies.

Mama Roma se pizzas is enorm en as jy een bestel, kan jy dit as 'n uitdaging beskou om klaar te maak.

## Mama Roma en Bernard's Bistro

Ongelukkig is hulle nie altyd so geurig as wat mens van 'n egte Italiaanse pizza sou verwag nie.

Die gesellige atmosfeer, vriendelike eienaars en uitstekende diens maak Mama Roma 'n restaurant om weer en weer te besoek. Onthou net om vooraf te bespreek!

As jy iemand is wat moeilik besluit wat om te bestel, moet jy liewer wegbly van Bernard's Bistro in die Drostdysentrum, want hier gaan jy lank sit en wonder.

Bernard's Bistro vorm saam met die Die Dros een restaurant. Die Dros is bloot die meer informele deel. Die verskeidenheid geregte wat mens hier aantref kan moeilik geëwenaar word.

Die spyskaart is letterlik 'n boek met voorgeregte, tussengeregte, hoofgeregte, ligte maaltye en nageregte om van te kies en te keur. Die porsies is meer as voldoende en mens kan met 'n geruste hart 'n voorgereg as hoofgereg bestel. Vooraf word heerlike tuisgebakte brood bedien.

Die wynlys is egter die grootste verrassing. Alles wat jy oor die restaurant se wyne wil weet, soos oesjaar en oorsprong, word weergegee en die verskeidenheid is wat jy op 'n wyntoer sal verwag.

Van die gewildste geregte op die spyskaart is die artisjokvoorgereg, die eend met lemoensous en die besondere calamarigereg (laasgenoemde is 'n moet vir seekoshebbers). Dié restaurant se pizzas verdien spesiale vermelding. Wat prys en smaak aanbetref is hulle onverbeterlik.

'n Puntjie van kritiek teen die "Franse restaurant", soos Bernard's Bistro algemeen bekendstaan, is die diens. Mens wag soms te lank vir jou kos, veral as jy buite op die stoep sit. Bestellings word ook nie altyd korrek geneem nie, maak dus maar seker van jou bestelling voor dit afgehandel word.

Besoek gerus Bernard's Bistro vir 'n Franse straatkafee-atmosfeer en geregte wat so bietjie anders is as die gewone, maar tog jou sak sal pas.

Deur LIEBE VERSTER

# Aerobics – the what, when and where



Aerobics can keep you fit and trim, but it can also be dangerous, the experts say. The best advice is: Be careful!

AEROBICS, the fun exercise fad of the 80's, is alive and kicking in Stellenbosch.

The two organizations are the "Stellenbosch Health Studio" and the University's Ontspanningsklub.

The "Stellenbosch Health studio" charges R19,50 per month, These classes are from Monday to Thursday between nine o'clock and 6.30. All the classes are run by qualified instructors. To find the class which suits you best, it is advisable to attend different classes. The classes are small (no more than 17). This ensures adequate control and individual attention. The classes start slowly at the beginning of each term and build up in intensity.

The Ontspanningsklub also presents classes in aerobics and trimgym. The classes are 50c per lesson (paid monthly). You must, however, enrol beforehand. For the dates please check the Ontspanningsklub notice board (above Neelsie).

I you don't feel like joining one of these establishments, there are various tapes and books available, such as the new Jane Fonda Workout.

Aerobics is based on the principle of continual motion and is an excellent form of exercise, particularly for those who are not good at other sports. However, it is not a quick way to lose weight. The only way to lose weight, is by combining exercise with a sensible diet.

Aerobics can in fact be a dangerous form of exercise. However, the danger stems from the individual and not from the instructor, as is popularly believed. According to a report in the Cape Times, Dr Neil Goodwin of Durban's Addington Hospital has warned that there are going to be aerobics deaths, "just as there have been jogging deaths", because people try to do too much in too short a time, and therefore the risk of injury is higher.

The key to a successful and safe class is to do only what you can and inform your instructor of all medical history. Moderation is the way to a healthy mind and body.Happy sweating!




# THRILLING NEW GAME FOR THE FAINT-HEARTED

HEY listen! Are you feeling aggro? Wanna shoot somebody? Wanna see the blood trickle over your foe as you pump another round of shots into his body? Hold it! Before you reach for your grandfather's Martini Henri and stalk off to gun down somebody at Admin or in the Neelsie kitchen, read on because an exciting new fad has just blown over from America which will certainly change a few lives instead of terminating them.

Survival Games Incorporated works like this: Two teams are assembled in a woody area. Each player is issued with a pair of goggles, a specially-designed air-pistol which fires a capsule containing paint, and ten such capsules. Each team puts up its flag at a given point, and you try to capture the other team's flag. The idea is that you can fire these pellets at a person without injuring him while leaving a clear mark on his clothing. So you use all available cover and try to eliminate as many enemy players as possible while evading their fire, at the same time working towards the objective of capturing their flag. It is a game of strategy and stealth which is always challenging and never boring. Surely the only way in which you can actually shoot someone also trying to shoot you, and talk about it afterwards over a couple of beers! (Moviegoers who saw the film Gotcha will have had a foretaste of the perilous delights the game has to offer.)




You've probably gathered that not only is this good fun, it is also excellent practical training since it's a tactical rather than a simple shooting exercise. The former is very difficult to simulate on a range, since cardboard targets do not shoot back. You may wear virtually anything, except of course South African military issue equipment, since nice uncle Magnus will box your ears if you do. However, some sort of camouflage is important so stay away from blue jeans and brightly-coloured T-shirts. The paint washes out very easily but all the same your long-suffering mother might welcome a pack of Omo along with your bundle of paint-soaked rags every once in a while.

Locales where people can indulge to their hearts' content in synthetic blood and gore are sprouting like mushrooms all over the country, the one closest to Stellenbosch being in Gordon's Bay. Enquiries as to gun and ammunition hire can be made to Tobie Openshaw at tel. 75857 or P. de Vries at tel. 024-562703, and don't blame me if you have barrels-full of fun. Happy shooting!

By MARINUS VON RAVENSTEIN

# radio matie top 20



| | | |
|---|---|---|
| 1. | Robert Palmer | Addicted to love |
| 2. | David Kramer | Going Away |
| 3. | Amazulu | Too good to be forgotten |
| 4. | Peter Gabriel | Sledgehammer |
| 5. | Queen | A kind of magic |
| 6. | Johnny Clegg | Asimbonanga |
| 7. | Jean-Michel Jarre | First Rendezvous |
| 8. | Dire Straits | Your latest trick |
| 9. | David Bowie | Absolute Beginners |
| 10. | Johnny Clegg | Don't walk away |
| 11. | Falco | Vienna calling |
| 12. | Queen | One vision |
| 13. | ELO | Calling America |
| 14. | OMD | If you leave |
| 15. | Genesis | Invisible touch |
| 16. | Chris de Burgh | Fire on the water |
| 17. | Johnny Clegg | Thirdworld child |
| 18. | Joan Armatrading | Kind words |
| 19. | Falco | Rock me Amadeus |
| 20. | Latin Quarter | No rope as long as time |

# Die 'toe' monster het slegte smaak gelaat

**CAROLIEN SAAYMAN, Serruria, skryf:**

Ek was een van die nagenoeg 400 studente wat op 31 Julie teleurgesteld buite die Stadsaal moes wag terwyl die veel-gepubliseerde "monstervergadering" plaasgevind het.

Die hele storie laat 'n slegte smaak in die mond, veral in die lig van die emosionele beroep wat in DIE MATIE van 31 Julie gedoen is, naamlik dat "diegene wat nie die moeite doen om te gaan stem nie, afstand doen van hul reg om 'n sê in hul toekoms en hul kampus te hê".

Wat moet 'n mens nou sê van dié wat wel 'n sê in hul toekoms wil hê, maar nie toegelaat word om te stem nie?

'n Monstervergadering is per slot van rekening 'n "verteenwoordigende vergadering met die reg van besluit, dikwels met 'n baie groot opkoms". Dit wil voorkom asof die organiseerders, ten spyte van bogenoemde beroep, nie eintlik 'n baie groot opkoms verwag het nie, of soos die gerug die rondte doen, dat hulle seker wou maak dat net die "regte" elemente teenwoordig is.

Mnr. Phillip Verster se argument dat daar nie 'n ander lokaal beskikbaar was nie, hou ook nie veel water nie. Die vergadering kon eenvoudig na 'n ander aand verskuif geword het – die sake waaroor gestem is, is belangrik genoeg om 'n bietjie meer moeite te regverdig.

Tog laat die uitslag, veral in verband met die oopstelling van koshuise, 'n mens nadink. Dit blyk dat 'n groot aantal studente steeds gekant is teen oopstelling. Dit is bitter jammer, want so 'n eng houding help beslis nie om vir Suid-Afrika 'n vreedsame toekoms te verseker nie. Apartheid is nie net 'n historiese regeringstelsel nie, dit is ook iets wat in die harte van mense gesetel is. Eers wanneer die indiwidu van dié houding verlos is, sal Suid-Afrika waarlik 'n vrye en demokratiese land wees.

Dit is die student se plig om alles in die stryd te werp om jong mense se houding teenoor rasseverhoudinge te verander. Ek haal weer aan uit DM, 31 Julie: "Dit is waar dat studente minimale invloed in die nasionale politieke arena het. Ons kan wel help besluit tot watter mate apartheid op ons kampus geld."

Dit lyk asof sommige van ons studenteleiers dit nie in ag neem nie. In plaas daarvan dat hulle werk maak van die rasseverhoudinge op kampus, skryf hulle eerder aan die Staatspresident 'n ope brief waarin hulle onder meer vir die vrylating van Nelson Mandela vra.

Hoewel die brief "in hul persoonlike hoedanigheid" geskryf is, blyk dit dat hulle nie seker van hul prioriteite is nie. Hulle eerste plig lê op kampus en dit is ook hier waar hulle die grootste invloed kan uitoefen en die grootste bydrae kan lewer tot 'n beter toekoms vir alle Suid-Afrikaners.

Daar is 'n spreekwoord wat lui: "Doen eers die klein dingetjies in die lewe, die grotes kom vanself".

# Skerp Casper kerf en knyp deurentyd

**RONEL NEL skryf:**

Ja, sê ons redakteur, daar is ook eintlik nie meer rede vir Rejoicing nie. Nee, sê ek toe, daar is – het jy dan vergeet van Casper!?

Hallo Daar, Stellenbosch – et attention! Regardez Artistice Bruant 1986! Dis KABARET! Dis pret! Dis skerp, dit kerf, knyp en giggel deurentyd. Dit vat ongemaklik styf onder die oksels, aan die hart vas – dis trouens 'n "tug of war" tussen die kieliebakkie, gewete en traankliere. Dit laat jou stik, regop sit van skok en afsak in jou HB Thomstoel van hulpelose lag.

En knyp dit nie stewig in die band nie! Geen wonder 'n paar geskoktes het hardop na asem gehap en solitêr en stewig na buite gemarsjeer nie . . . (dit het vir my só emfaties aan die Kappiekommando in opmars herinner, dat so 'n kleinlike stukkie in my stilweg gekriewel het van die lekkerte!) Wel, te midde van soveel skalkse vingerwysings na die pynpolitiek en die pseudoses van ons volkie, sal enige een wat homself as "eerlik" bestempel, ongemaklik in sy nou sitplekkie begin rondskuiwe! "Hoe harder die krap, hoe vinniger die uitstap", is klaarblyklik die motto van die morriges . . .

Iemand het tereg opgemerk dat Casper skynbaar nege hande met tien vingers elk het en ELKE vinger lê ongemaklik stewig op 'n sensitiewe plek in ons seer-seer midde. As jy nie hyg vir die ho-hoë-g-hóóó-moseksuele -Shirley-en dominee konfrontasie nie, lag jy met mag een maag vir die krulkop-Les Franken-cum-Ilse Roos se o só realistiese nuusbulletin . . .

# What radicals want

**JUSTIN M. HUGHES writes:**

WHAT is a radical?

Is it someone who thinks what he believes or is it someone who believes what he thinks?? Too many questions? No, I am about to explain myself.

In my mind a radical does not know what he believes in. He looks for attention. Everyone has an image, but at this phase in society the image is that of a radical!! Radicals believe in human rights and freedom of choice, yet if a black (during consumer boycotts) wants to buy from a shop, he is prevented from doing so because one cannot support the "white regime" – therefore no white shops. Radicals believe in "freedom of speech", yet when moderates speak at Wits University they are threatened. Yet, they call for democracy? Equal rights surely! We don't have this, nor do they.

At this stage people think I am pro-government, but is that true?? No, I am realistic! I have met people who believe in something they don't understand. I ask: Is this possible?

**GRATIS REKLAME**

IF you have any printing to be done in English or German, would you please let me do it for you at very competitive prices and of course always to your dealines. MRS W. ESSIG. Tel. (024) 51 3863 or (024) 21 444 and leave message.

MOTORS
DIERE
BOEKE
LIEFDES
HUISE
RAAD
VIDEOS
FIETSE
MEUBELS
KOOP
VERKOOP
HUUR
SOEK
VIND

DOEN
DIT
HIER

# Studente moet ander help vir self-help

**ROBERT BRICOUT, Karnavalvoorsitter, skryf:**

EEN van die vernaamste oogmerke van die 1986/1987-Karnavaltermyn is die uitbouing van ons skakeling met USKOR (Universiteit van Stellenbosch se Kliniekе Organisasie) en om USKOR beter onder die breë gemeenskap en veral die studente van Stellenbosch te bemark.

Die hele winsbedrag deur Karnaval ingesamel word aan USKOR vir hul projekte beskikbaar gestel. USKOR is hoofsaaklik 'n STUDENTE-VRYWILLIGER-organisasie wat afhanklik is van die bereidwilligheid van studente om by USKOR se diensleweringsprojekte betrokke te raak.

USKOR se werksaamhede berus op die beginsel van self-help onder die minderbevoorregte gemeenskappe van die Stellenbosch-Paarl-Kuilsrivier-Belville-Goodwood-omgewing. Die self-help-beginsel lui dat die gemeenskappe bygestaan word om self die opheffingswerk onder hul eie gemeenskappe te doen.

USKOR se hulp berus op verskillende bene: maatskaplike, mediese, tandheelkundige, regshulp en aanvullende dienste. Dit is juis oor die laasgenoemde been dat ek 'n beroep op die studente van Stellenbosch doen om by USKOR betrokke te raak. Enige student in enige studierigting (bv. wiskunde, ingenieurswese of landbou) kan by USKOR betrokke raak en sy akademiese kennis en vaardighede tot praktiese uitvoering bring. Die moontlikhede is legio en projekte word aangepak na aanleiding van die behoeftes van die gemeenskappe en die beskikbaarheid van studente-vrywilligers wat bereid is om by sulke projekte betrokke te raak.

Indien jy belangstel om betrokke te raak in 'n projek waar jy jou vaardighede nuttig kan gebruik, skakel die uitvoerende direkteur van USKOR, mnr. Van Wyk, by tel. 70245 of 70293. Sy deur is altyd oop vir belangstellendes. Die USKOR-hoofkantoor is net agter die Buro vir Studente-voorligting geleë.

In tye waarin studente daarvan beskuldig word dat hulle te maklik uitsprake maak en nie bereid is om betrokke te raak by prysenswaardige praktiese projekte nie, bied USKOR die ideale geleentheid vir studente om wel by só 'n projek betrokke te raak. Dit bied jou boonop die praktiese ervaring wat jy nie in 'n klas kan opdoen nie. Die behoeftebevrediging en vreugde wat die gemeenskap verkry, sal dit vir jou die moeite werd maak.

# Die aparte NG Kerk

**G.R. skryf:**

Die kerk is die liggaam van Christus.

Dekades lank het die NG Kerk homself egter daaraan skuldig gemaak dat hy homself verbind het aan 'n stelsel waarin slegs blanke ledemate van di@e kerk toegelaat is.

Kan Die Matie nie iets oor die sonde van apartheid, asook die NG Kerk se aandeel daaraan plaas nie?

*DAAN MOSTERT, Nuusredakteur, antwoord: In die volgende uitgawe van Die Matie word 'n volledige artikel geplaas waarin die NG Kerk se aandeel aan Apartheid aan die orde gestel word. Dit sal u ook baat om die nuutste uitgawe van Polumnia, die jaarblad van die Kweekskool, onder oë te kry. Daarin verskyn onder meer twee artikels wat die Kerk, en meer spesifiek die NG Kerk, se rol in die politieke opset van die land van naderby bekyk.*



McCann-DeVilliers 202751

# PROFIEL

DIT is nie elke vrou wat ewe gemaklik van "lights out" skop en bloed trek kan praat nie. Maar vir Olga Keinhans kan dit die verskil tussen wen of verloor beteken.

En glo vir my, enige vrou wat tweede in die Nasionale Karate Kampioenskappe eindig, kan jou voete maklik onder jou uitskop.

Sy het in 1982 vir die eerste keer met karate kennis gemaak toe 'n vriendin haar soontoe gesleep het om gewig te verloor. Op die ou end het sy gebly en die vriendin het weggeloop.

Volgens Olga is sy nie goed in sport nie, eerder baie sportief. Daarom is sy bly dat sy uitgevind het sy die aanleg vir karate het.

Sy beoefen 'n kragstyl van karate. Die Kynkushin Kai is 'n styl in karate waar aanvanklikbepaal was dat die wenner die vegter is wat die ander op die mat laat beland het. Dit het egter die styl ongewild onder vroue en jong kinders gemaak.

Daar is toe later bepaal dat slegs mans oor agtien volgens die reëls sou veg. Dit het steeds 'n kontak-styl gebly, maar as jy jou opponent nou op die grond laat beland of so slaan dat hy van pyn rondkrul, verloor jy. Daar word ook net punte vir kombinasie-houe toegeken.

Olga was in Pretoria op skool en het die Noord-Transvaal titel verower. In April vanjaar het sy die WP-titel gewen. Olga neem die afgelope drie jaar aan die Nasionale Kampioenskappe deel en het elke keer nog teen dieselfde vrou verloor.

Sy neem dié drie jare elke keer in die ope-afdeling deel, omdat sy nie in enige van die ander gewigafdelings val nie. Olga is al in die eindstryd gedwiskwalifiseer, omdat sy haar opponent disnis geskop het.

Olga sê egter dat sy nog elke jaar verbeter en is vol vertroue dat sy volgende jaar met die vrou, wat sy net as Willi ken, gaan afreken.

Omdat haar opponent soveel langer as sy is, moet sy elke keer vinnig inbeweeg, 'n kombinasie van houe uitvoer, en dan buite die bereik van die vrou se lang arms kom.

Olga werk nou aan haar spoed. In die verlede het sy baie op krag gekonsentreer. Om vinniger te slaan beteken om baie meer beheer agter jou houe te sit, sodat jy nie bloed trek nie, en so gediskwalifiseer word nie.

Op die oomblik oefen sy in Bellville, want afrigting in haar styl bestaan nie op Stellenbosch nie. Dit beteken dat sy nou net twee keer elke week kan oefen, alhoewel sy dit eintlik elke dag sou wou doen.

Sy beplan om aan die einde van die jaar haar eerste Dan te verwerf en wou daarom nie 'n nuwe styl nou aanleer nie.

Olga is 'n eerstejaar B.Sc (LO) student en woon in Harmonie.



foto: DEON SONNEKUS

Olga Kleinhans het vanjaar tweede in die Nasionale Karate Kampioenskappe geëindig en mik aanstaande jaar na die goue medalje.

# KORTSPORT

## VLUGBAL

STELLENBOSCH se mans-vlugbalspan het vanjaar by die SAU-toernooi 'n groot verrassing gelewer deur vir die eerste keer in die geskiedenis tot die eindstryd deur te dring.

Dit is 'n besonderse prestasie as in ag geneem word dat die span verlede jaar slegs vierde kon eindig.

Die toernooi, om die Barclay's Bank Trofee, is vanaf 7 tot 10 Julie in Kaapstad beslis.

Agt mans- en sewe vroue spanne het vir dié gesogte toernooi ingeskryf. Die toernooi het teen 'n vinnige tempo begin en teen die einde van die eerste uitdunronde het Stellenbosch slegs twee wedstryde verloor.

Dié twee wedstryde is teen die kampioene, Kaapstad, en die naasgunstelinge, Durban, verloor.

Hierna moes die Maties weer teen Durban speel om 'n plek in die eindstryd.

Stellenbosch het almal verras deur Durban met 3-1 te klop.

In die eindstryd was die Ikeys, wat die hele toernooi onoorwonne was, net een te veel vir die Maties.

Stellenbosch kon nie daarin slaag om 'n stel te wen nie, en is met 15-11, 15-12 en 15-2 geklop.

Daar is ook vir die eerste keer 'n vroue-span ingeskryf. Alhoewel die span baie gemotiveerd was, moes hulle met die sewende plek tevrede wees.

## HOKKIE

IN die SAU-kampioenskappe wat by die Universiteit van Kaapstad gehou is, het Stellenbosch se vroue- en manspan onderskeidelik eerste en derde geëindig.

Die vrouespan het vir die tweede agtereenvolgende jaar die Lourierkrans met die Universiteit van Potchefstroom gedeel.

Maties wat in die SAU-span ingesluit is: Manspan (A-span): Kelly Fairweather en Andy Teddar.

Vrouespan (A-span): Cathy Cox en Marlise de Klerk, (B-span): Lisa Alcobia, Cathy Lanz en Annelette Lüttig.

## TAFELTENNIS

DIE SAU-kampioenskappe is die wintervakansie in die D.F. Malan-gedenksentrum gehou.

Hoewel die Stellenbosse manspan deurgaans gesukkel het, het die vrouespan daarin geslaag om derde uit sewe spanne te eindig. Die manspan het sewende geëindig.

Daar was agt manspanne wat aan die kampioenskappe deelgeneem het.

Sureta Odendaal, wat ook in die SAU-span ingesluit is, was die enkelspelkampioen.

# Branders maak SAU's moeilik

DIE Stellenbosse branderroeispan het uitstekend gevaar in die eerste amptelike SAU-kampioenskappe op Jeffreysbaai.

Die Universiteit van Kaapstad het in 'n titaniese stryd die Maties naelskraap uitgeskakel om die kampioenskappe in te palm.

Vanweë die swak toestand van die branders het dit baie daarvan afgehang of jy gelukkig genoeg was om die regte brander te ry.

Die ander deelnemers, wat die Universiteite van Port Elizabeth, Natal en Rhodes ingesluit het, het gesukkel om die mas teen die Ikeys en Maties op te kom.

Nie minder nie as vyf Maties is onder die beste agt deelnemers in die semi-finaal van die kompetisie aangewys.

Johan Visser, die Maties se Suid-Afrikaanse senior-kampioen, het algeheel tweede geëindig ná 'n spannende finaal teen verlede jaar se kampioen, Mark Jarvis van Ikeys.

Ná afloop van die kampioenskappe is 'n SAU-span saamgestel wat in die Winston Challenge teen die Oostelike Provinsie te staan gekom het.

Die volgende Maties is opgeneem in die SAU-span: Johan Visser, Pedro Crous, Brian Groom (kaptein), John Wilkinson en Tertius Swanepoel.

Die eerste agt lede van die SAU-span, wat vier Maties ingesluit het, is genomineer vir die Proteakleure ter erkenning van hul goeie en konstante vertonings.


# BEURSE

**"Ons bied gelyke geleenthede aan almal — op meriete."**

- **B.Sc Ingenieurswese**
  - ★ Elektriese Ingenieurswese (Swaarstroom)
  - ★ Meganiese Ingenieurswese
  - ★ Bedryfsingenieurswese
- **Handelswetenskappe**
  - ★ Bedryfsekonomie
  - ★ Ekonomie
  - ★ Rekeningkunde
- **Ander spesialisrigtings**
  - ★ Fisika
  - ★ Rekenaarwetenskap (B.Sc/B.Com)

Ons belangstelling in die ontwikkeling van Suid-Afrika se mannekrag word slegs oortref deur ons taak om elektriese krag aan die land te voorsien. Ons organisasie is gebou op individuele prestasie en ons is van plan om so voort te gaan. Om die waarheid te sê, dit is noodsaaklik vir ons voortbestaan dat jou toekoms verseker is. En daarom belê ons op groot skaal in opvoeding en opleiding. 'n Evkom-beurs verseker jou nie net van universiteitsopleiding nie, maar beteken ook 'n lonende loopbaan vanaf die dag wat jy gradueer. Ons standaarde is hoog, maar met ons ondersteuning sal jy beslis die loopbaanuitdagings die hoof kan bied. Besluit self in watter dissipline jy wil spesialiseer.

Die beursbedrag sal bepaal word deur jou kursus en die universiteit wat jy bywoon, **maar maak voorsiening vir studiegelde, koshuisgelde en 'n vaste bedrag vir boeke en sakgeld.**

Benewens bevredigende vordering, is ons enigste voorwaarde dat jy in ons diens bly vir 'n tydperk gelyk aan die duur van die beurs.

Indien jy nadere inligting wil bekom, vul gerus die koepon in en pos dit vandag nog.

**Aan: Die Personeelbestuurder, Evkom (Beursskema), Posbus 1091, Johannesburg 2000. Tel. (011) 800-4265, 800-5537, 800-5927, 800-2613, 800-5882, 800-3666.**

*Stuur my asseblief meer inligting oor die Evkom-beursleningskema.*

Naam en Van:..........

Adres:..........

Poskode:.......... Tel:..........

Ek stel belang in:..........

Ek beskik oor universiteitsvrystelling of gaan binnekort daaroor beskik:

Ja ☐ Nee ☐

Merk asseblief die vakke uit die onderstaande wat by u vakkeuse ingesluit is met 'n kruisie in die betrokke ruimte:

| Vak | | Verwagte simbool |
|---|---|---|
| Afrikaans | ☐ | ☐ |
| Wiskunde | ☐ | ☐ |
| Natuur- en Skeikunde | ☐ | ☐ |
| Rekeningkunde | ☐ | ☐ |

**LW.** Heg asseblief 'n afskrif van u jongste beskikbare uitslae aan.

EVKOM

Al ons energie vir u

# Atlete maak skoonskip by SAU

STELLENBOSCH het vanjaar skoonskip gemaak in die SAU-landloop kampioenskappe deur die afdeling vir mans en vroue te wen.

Die mans het verras deur eerste te eindig, want verlede jaar kon hulle slegs die agste plek haal.

'n Goeie spanpoging het egter gewys waartoe hulle in staat was, en hulle het Wits met ses punte en die spankompetisie gewen.

Pieter Kloppers het die aanslag gelei met sy vyfde plek, Corrie Müller was sesde, Gouws Wilson 22ste, Ashley van Blerk 23ste en Michael Meyer 24ste.

Die eerste ses atlete se posisies is vir die bepaling van die wenner in ag geneem. Selfs as hulle die sewende persoon se posisie vir die bepaling van die spanwenner in berekening sou gebring het, sou Stellenbosch steeds gewen het.

Die vrouespan het ná 'n swak jaar goed gedoen deur eerste te kom. Verlede jaar kon hulle slegs 'n vierde plek behaal.

Elana van Zyl, die SAU kampioen, het eerste geëindig, met Tanya Peckham tweede. Soekie van Heerden, van die PU vir CHO het derde gekom.

Marinda Lambrechts was sesde en Leslie Taylor tiende.

Vyf van die Maties is in die SAU-span opgeneem. Hulle is: Peckham, Van Zyl, Lambrechts, Müller en Kloppers. Die span bestaan uit ses vroue en nege mans.



Die atlete is v.l.n.r. Pieter Kloppers, Corrie Müller, Mnr. Thiart, Gerhard Joubert, Ashley van Blerk, Kobus du Plessis, Ian Lewis, Vaughn Ulyate, Michael Meyer en Gouws Wilson.

## Mainstay

MATIES het in die jaarlikse Mainstay-padaflos in Port Elizabeth op 5 Julie 'n briljante vertoning gelewer. Gouws Wilson se dramatiese vyfde skof het sake lelik deurmekaar gegooi.

Dit was 'n koel oggend met warmer weer later.

Dit het die moontlikheid van dehidrasie vergroot. Gouws Wilson het die vyfde skof gehardloop en het sesde gelê. Hy het ver bo sy vermoë gehardloop en met 'n kilometer oor was hy vierde, net agter die mynspanne en ver voor die ander Universiteitspanne.

As hy die pas sou volgehou het, sou hy 'n nuwe skofrekord kon opstel.

Met 600 m oor voor die volgende oorgeee het hy skielik voor 'n motor geval, weer opgestaan, voortgestrompel en neergeslaan.

Met die Maties se vrouespan het dit net so goed gegaan. Leslie Taylor het 'n goeie skof gehad en het tweede aan Marinda Lambrechts oorgegee, wat die tweede plek behou het en vir Elana van Zyl gegee het.

Elana was 68 sekondes agter die voorloper en het op die ou end 'n skofrekord gehardloop om die gaping te laat krimp.

Tanya Peckham het die vierde en laaste skof gehardloop. Sy het ook 'n rekord afglê en so is die aflos in 'n nuwe rekord gehardloop.

## Inter-Res

A SUCCESSFUL HAUM Inter-Res Cross-Country competition came to an end last semester. A feature of the men's division was the tussle for the first place between Majuba and Helshoogte.

Harmonie can be proud of having both their A and B teams in the first five of the women's division. Both winning teams showed how to produce spirited team performances throughout the season.

This year's competition was undoubtedly a big success, due to the thorough organization by the club, and the keen support of the runners every week.

# Maties 2e in vryval

MATIES het gedurende Julie in die jaarlikse SAU-kampioenskappe vir valskermspring op Klerksdorp die algehele tweede plek behaal.

Die span van agt het in twee afdelings meegeding – akkuraatheid en relatiewe werk (vryval).

Nege universiteite het aan die kampioenskap deelgeneem.

Die akuraatheid-kompetisie behels die spring met slegs ronde valskerms na 'n teiken op die grond.

Punte word toegeken volgens die aantal sekondes wat dit die deelnemer neem om te hardloop tot by die teiken. Die span met die minste punte (sekondes) wen.

Die relatiewe werk bestaan uit 'n vryvalsprong vanaf 8 500 voet (ongeveer 2 500 meter). Die span bestaan uit vier lede en 25 sekondes vryval word toegelaat om die vooraf uitgewerkte formasies te bou.

Punte word toegeken vir elke formasie wat suksesvol gebou word. Die kompetisie bestaan uit ses kompetisiespronge per span.

Die akuraatheidspan het bestaan uit Werner Strauss (Helshoogte), Theuns Myburg (Helshoogte), Hannes van Wyk (Helshoogte), Koos Pretorius (Pieke).

In die akuraatheidsafdeling het Koos Pretorius die beste tyd van al die deelnemers aan te teken.

Indien jy belangstel of by valskermspring betrokke wil raak, kontak enige van die volgende persone:

Jean Rossouw, Helshoogte, (71312) (Voorsitter)

Dawie Scheepers, East Lynn 25, (74637) (Tesourier)

Koos Pretorius, Die Laan 32, (73781) (Sekretaris).

# Stoeiers tweede na Tukkies

DIE stoeispan van Stellenbosch het tweede in die nie-amptelike SAU-toernooi geëindig. Die Maties was ook die span wat die meeste medaljes verower het.

Die kompetisie is op 2 Julie vanjaar by Pretoria se Sportinstituut gehou. Die spanne van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, en Potchefstroom het nie vir die toernooi opgedaag nie. Daar is toe besluit om 'n kompetisie tussen die ander spanne te hou, alhoewel dit nie as SAU-kompetisie beskou kon word nie.

Die span van Tukkies het uiteiendelik die kompetisie gewen, terwyl RAU wat laasjaar se wenners was, slegs derde kon eindig.

Volgens Andy Turner, kaptein van die span, kon sake heelwat anders gestaan het as hulle stoeiers in die bo 90 kg- en onder 62 kg-afdeling gehad het. Hy meen die klub is in staat om die SAU-toernooi volgende jaar op Stellenbosch te wen, indien stoeiers van hierdie afdelings by die klub sou aansluit.

As voorbereiding vir die toernooi het die Maties op 30 Junie teen 'n baie sterk Noord-Transvaalspan gestoei. Die span het twee springbokke en 'n paar SA-kampioene ingesluit. Alhoewel Stellenbosch verloor het, is ses uit 'n moontlike vyftien gevegte gewen.

Die span het uitstekend gestoei, maar die dun lug het die stoeiers benadeel en van die stoeiers wat nie ten volle aan die strawwe oefeninge vooraf deelgeneem het nie, het gesukkel.

Hulle het daarna op 3 Julie teen die nasionale span van die Polisie te staan gekom. Die span word naas die SAW as die sterkste in Suid-Afrika beskou. Alhoewel die Matie geen gevegte kon wen nie, het hulle hul goed van hul taak gekwyt.





**Ou Mutual soek Matiewiskundiges**

*Ou Mutual is tans op soek na Maties met 'n belangstelling in 'n wiskundige loopbaan binne 'n versekeringsmilieu. Hoofvakke soos wiskunde, wiskundige statistiek of toegepaste wiskunde baan die weg tot 'n aktuariële beroep, en kwalifiseer u om te ontwikkel tot een van die land se 150 professionele wiskundiges.*

*Al Ou Mutual se aktuarisse, baie van hulle in hul laat twintiger- of vroeë dertigerjare, beklee bestuursposte. Hulle wend moderne wetenskaplike tegnieke aan vir die oplossing van sakeprobleme op byna elke gebied, van produkontwerp tot finansiële beheer en bedryfsbeplanning.*

*Indien u in hierdie uitdagende beroep belangstel, kom gesels met ons Personeelverteenwoordigers op die 12de Augustus, tussen 09h00 - 12h30 en 14h00 - 16h00, by Studentevoorligting.*

*Personeelkeuring*
*Ou Mutual*
*Posbus 66*
*KAAPSTAD*
*8000*

*Telefoon: 509-9111*

# Wilgenhof troef kampioen

WILGENHOF het Vrydag die grootste verrassing van die seisoen gelewer deur die kampioenspan van verlede semester, Helshoogte, in hulle eerste wedstryd met 4-2 te klop.

Dit was van die afskop duidelik dat Wilgenhof van plan was om die seisoen op 'n hoë noot te begin. Met vasberade wenrugby het Wilgenhof hulle kritici se monde gesnoer. Die goed gemotiveerde span het sake van die begin gedikteer.

Die wedstryd is deur harde rugby, hoofsaaklik tussen die voorspelers, gekenmerk. Hier het Wilgenhof se lostrio uitgeblink in veral die los en vaste los. Die hele wedstryd deur is daar eerder op wenrugby as vertoonrugby gekonsentreer.

Wilgenhof het sy oorwinning te danke aan 'n goeie gemotiveerde pak voorspelers wat gedurig met die bal gedryf het. Helshoogte het moontlik die wedstryd te gerus benader ná sy onoorwonne eerste semester. Baie hanteerfoute en ongeoorloofde spel het ook tot hulle ondergang gelei.

Vir Wilgenhof het Ikes Augustyn twee strafdoele behaal teenoor Helshoogte se een.

### Dagbreek 16, Majuba 0

DAGBREEK, wat al die hele seisoen sterk vertoon, het die Majuba-span met 16-0 geklop in 'n taamlik eensydige Sau-erliga-wedstryd.

Die eerste helfte is deur aanvallende spel van Dagbreek gekenmerk. Ná goeie dryfspel deur hulle losvoorspelers het die regterflank, Ean Smith, 'n drie in die 10de minuut van die eerste helfte gedruk.

Ná 23 minute is Majuba vir onkantspel in 'n losskrum gestraf. Marthinus Barnard het 'n tikskoppie geneem wat tot 'n mooi agterlynbeweging en 'n drie deur regtervleuel Tobie van Schoor gelei het.

Barnard het dit gedoel en die telling op 10-0 te staan gebring. Dit was dan ook die rustydtelling.

Barnard se goeie skopwerk het baie veld vir Dagbreek gewen en die Majubaspelers telkens op die verdediging geplaas. Van Schoor, wat deurentyd beïndruk het met sy vaart, het sowat 10 minute voor die einde 'n tweede drie gedruk wat deur Barnard gedoel is.

Dit het die Dagbrekers met 16-0 laat voorloop.

Dit het nooit werklik gelyk asof Majuba in beheer van die wedstryd was nie. Slegs teen die einde kon hulle druk op Dagbreek toepas en het hulle ook baie beter as vroeër geskrum. 'n Gulde geleentheid vir Majuba om punte aan te teken is verbrou weens swak skakeling tussen die losvoorspelers en agterspelers.

### Helderberg 6, Pieke 16

PIEKE deservedly ran out winners against Helderberg by 16 points to 6 in a match marred by numerous mistakes from both teams.

Pieke ran in three tries, two of which were converted, to Helderberg's solitary try and penalty.

Both sides struggled to find momentum and there was a lack of cohesion amongst the players. Helderberg were hard pressed by Pieke throughout the first half and Pieke led 6-2 at the change-over.

Helderberg made fewer mistakes in the second half, but still failed to use good balls, frequently won by their strong set of forwards.

For Pieke tries were scored by wing André van der Merwe (2), who had a relatively good game, and flyhalf Anton Nel. Flanker Wimpie Vermaak scored Heldergberg's only try.



foto: DEON SONNEKUS

Francois du Bois, senter van Eendrag, stuur die bal na sy spanmaat, Derick Wesson, terwyl Johan Rheeder van Majuba sy bes doen om die beweging te fnuik.

# Maties ongelukkig by SAU's

MET die pas afgelope SAU o-20 rugbyweek in Pretoria het die Maties weer eens die diepte van rugby op Stellenbosch getoon. Gielie Vermeulen is as die beste agterspeler van die toernooi aangewys.

Die eerste toernooi-wedstryd was teen Tukkies. Die wedstryd, wat beslis langer as die gewone wedstryd was, is eers aan die einde deur die Tukkies – wat die voordeel van hulle eie veld gehad het – gewen.

Die telling was tot twee minute voor die eindfluitjie nege elk. Die span van Tukkies het met 18-9 gewen, terwyl die rustydtelling 9-6 was.

As Stellenbosch nie hierdie wedstryd verloor het nie, kon sake vorentoe heelwat anders verloop het.

Die losvoorspelers en veral die Matie-lostrio onder leiding van Fanie Roux het hier geskitter, terwyl die agterspelers teleurgestel het en nie tot hulle volle potensiaal gespeel het nie.

Die daaropvolgende wedstryd teen die Vaaldriehoek het Stellenbosch die geleentheid gebied om vir die eerste keer sedert 1978 van al hul reserwes gebruik te maak.

Alle punte in die wedstryd is deur agterspelers aangeteken en drieë is deur Vermeulen (2), Rawcit (2) en Ciolli gedruk.

Die laaste wedstryd teen UPE het Stellenbosch ook maklik met 41-13 gewen. Die Maties het in hierdie wedstryd nie minder as sewe drieë gedruk nie. Nicky Hanekom het een van sy beste wedstryde op toer gehad en 'n persoonlike puntetotaal van dertien aangeteken. Gielie Vermeulen was die groot uitblinker.

Vyf spelers van Stellenbosch het in die SAU-span teen SAW o-20 gespeel. Die eindtelling was 24-24. Hulle was Fanie Roux, Henk Lourens, Guy Kebble, Gielie Vermeulen en Stef Nel (o-19).

Volgens mnr. Chummy Chenkelson, bestuurder van die Maties en SAU-span, het al vyf die spelers puik vertoon.

Stellenbosch word ook sterk verteenwoordig in die SAU o-19 span, wat eersdaags op Cradock teen die SA-skolespan te staan kom.

Stef Nel (ook o-20), Kobus van der Merwe en Ross Kerkhoff is in die span, terwyl Chris Roets as reserwe gekies is.

# Julie wen gekeurdes

DIE agtienjarige Julie Burger het in die Junie-vakansie vir 'n groot verrassing gesorg toe sy as ongekeurde die Suid-Afrikaanse nasionale tenniskampioenskappe op Ellispark gewen het.

Julie is die eerste WP-speler wat die o.18-enkelspeltitel kon wen en sover vasgestel kon word, ook die eerste ongekeurde.

Om Suid-Afrikaanse kampioen te wees beïnvloed haar tennisloopbaan positief, en sy het nou ook meer selfvertroue vir die toekoms, sê sy.

Sy was deeglik voorbereid en gemotiveerd om te wen. "Omdat hulle my nie gekeur het nie, is ek verder aangespoor," het sy gesê.

Nadat sy die Noord-Transvaler Lucille Weyers maklik met 6-3 6-0 in die eerste ronde verslaan het, het sy die sesde gekeurde Liezel Botha met kragtige spel uitgeskakel (4-6 6-3 6-0).

In die derde ronde het sy sterk teenstand van die ongekeurde Bolander, Nelia Kruger, ondervind. Burger het haar met 6-3 en 6-2 gewen.

Haar sterkste teenstander in die toernooi was ongetwyfeld Zelda Kühn van die Vrystaat.

In die taai halfeindstryd van 3½ uur het Julie vier wedstrydpunte afgeweer om uiteindelik met 6-7 (10-12) 6-3 en 7-6 (7-5) te wen.

In die eindstryd het Julie haar WP-spanmaat, Jackie Booth (vierde gekeur), baie oortuigend met 6-2 en 6-0 geklop.

Julie skryf haar oorwinning daaraan toe dat sy aan die begin feitlik foutlose tennis gespeel het, wat Booth klaarblyklik só ontsenu het dat sy onnodige foute gemaak het.

Saam met Lizanne Selley (OVS) het Julie Burger ook die eindstryd van die meisies-dubbelspel gehaal.

Hulle het met 6-3 en 6-2 teen Paulette Roux (Boland) en Carolyn Tregoning (S-Tvl) verloor.

Julie het ook onlangs die senior toernooi op Mosselbaai, die WP-klubkampioenskappe en die WP junior kampioenskappe gewen.

Julie studeer B Admin met die oog op promosiewerk. Haar daaglikse oefenprogram beïnvloed wel haar studies, maar sy probeer om die twee te balanseer.

"Ek sal nie nét kan werk sonder om sport te beoefen nie", sê die aanvallige blondekop.

Ná sy haar studies op Stellenbosch voltooi het, wil sy in Amerika verder gaan studeer en tennis speel.

Sy voel dat daar nie genoeg geleenthede vir jong tennisspelers in Suid-Afrika is om hulle talente ten volle te ontwikkel nie. "As jy regtig goed wil wees, moet jy oorsee gaan."



foto: DEON SONNEKUS

Julie Burger het vanjaar Stellenbosch se meesterskap in tennis bevestig deur die Suid-Afrikaanse o-18 titel op verrassende wyse as ongekeurde speler in te palm.

# Akkers toer landswyd

**Deur 'n Akker**

DIE Akker XV, die veelrassige Stellenbosse span wat in die SARA-liga meeding, het die wintervakansie 'n uiters geslaagde landswye toer onderneem.

Die swart en wit Akkerstreeptruie (dankie aan Morné du PLessis!) is vir die eerste keer gedra in Tukkies se L.C. de Villiers-stadion, waar die Stellenbossers teen 'n gemengde Tukkiespan gespeel het.

Hoewel die Akkers van die begin af gebiedsvoordeel geniet het, het hul bra temperamentele benadering tot die spel daarvoor gesorg dat hulle net een drie kon aanteken en uiteindelik onverdiend die harde, spannende wedstryd met 9-6 verloor het.

Van Pretoria na Orkney, en van die Holiday Inn se gerief na smal bedjies in Vaal Reefs se rugbypawiljoen.

Die Akkers het hier kragte gemeet met die onbetwiste top-klub in die SARA-liga, en was 15-14 voor ná tagtig minute se sprankel rugby, toe die skeidsregter 'n stuk of drie twyfelagtige beslissings na mekaar gemaak het wat Vaal Reefs in staat gestel het om 17-15 te wen.

Welkom was die volgende halte, en ons kon raai hier kom moeilikheid toe mnr. Clive Ulyate, keurder van die sogenaamde AAC Nuggets voor die tyd by ons wou weet hoeveel gereelde Matie-spelers in ons span sou uitdraf.

Die Akkers–Nugget kragmeting was 'n voorwedstryd vir die OP-Noord-Vrystaat Curriebeker wedstryd, en die Akkers is met 22-3 gevoeter. Twaalf van die Nuggets se drieë was onderskepdrieë.

Daarna was daar 'n wedstryd teen die Kilkarchan-myn in Newcastle se steenkooldampe. Met 'n skeidsregter om van te huil en met jöllers harte, wat op daardie stadium van Durban gedroom het, verloor die Akkers 10-4.

Uiteindelik tussen al die ander plesiere van Durban het die Akkers ook 'n oorwinning gesmaak. Hulle het 'n Durban Collegians-uitnodigingspan, wat deur Tommy Bedford saamgestel is, met 19-9 geklop. Hiervandaan het die Akkers nie weer verloor nie.

Die Akkers het in Transkei teen Umtata se Shooting Stars gespeel en danksy die skeidsregter se manewales met 19-16 gewen.

Maar met die heel laaste wedstryd teen Ciskei B in Bisho, het alles vir die Akkers reg verloop. Almal het hul humeure vir tagtig minute beteuel, en die eindtelling van 31-6 het eintlik die tuisspan gevlei.


Clinton Kroon, haker


Vaatjie Nell, stut


Hans Scriba, senter


Johan Blaauw, skrumskakel


Chris Smit, losskakel


Goggie van Heerden, senter


De Waal Nigrini, slot

## ...nge

...ik by die vleuels Niël Bur... Jaques du Plessis te kry. ...stad se grootste bate is ...beweeglikheid en die puik ...eunende spel tussen voor... ...erspelers. Die Ikey-agtal ...rlik daarop gestel wees om ... so lank as moontlik te rek ...ende die besoekers se ge... lengte in die voorspel te ...seer.

...ie spanne mekaar so vasvat ... drieë skaars bly, kan doels... ...moontlik die uitslag bepaal. ...psig is albei spanne taam... ...k.

...die oorwinnig sal foute tot ...imum beperk en alle kanse ...moet word. Die span wat ... die vereiste kan voldoen ...'n buitengewone wenkans

...ugter voorspelling is 'n Ma..., maar dit is Intervarsity, ...wat elke Ikey homself op ... oortref.


Attie Slabber is in Saterdag se span ingesluit en kan waardevolle balle besorg.

# Boodskap aan Maties

**Intervarsity-tyd is die beste tyd van die jaar. Dit is 'n tydperk van geesvang, sing-songs en groot plesier. Vir my is dit 'n voorreg om alle Maties te nooi om deel te hê aan dié tradisieryke gebeurtenis.**

**Die uitdaging van 1986 aan die Ikeys sluit nie net die rugbyveld in nie, maar ook die sing-songs, pawiljoene, geesvang en down-downs – kortweg die hele Intervarsity.**

**Aan alle persone wat betrokke was by die organisering van al die aktiwiteite rondom Intervarsity, 'n spesiale woord van dankie. Die rugbyspanne moet weet dat die hele Matieland agter hulle sal wees op die groot dag. Namens die Maties wens ek hulle alle sterkte toe vir die taai stryd wat voorlê.**

**Geniet dus die Intervarsity en onthou: Rom, Rom, Rom, Stellenbosch kom . . .**
**Robbi Roberts**
**(Voorsitter, Intervarsity-komitee)**

# ...speler môre

## ...o kan groot ...ol speel

...an Wilgenhof as sen... in die eerstejaarstoer... verteenwoordig en ...arna na flank geskuif, ...ar hy die res van die ...r vir dié koshuis ge...el het.

In die daaropvolgende ...r het Tiaan vir die ...atie o-20 span uitge... en ook die SAU-...rnooi bygewoon. Na ...oop van die toernooi ... dinge net begin beter ...k en het hy homself in ... WP o-20 span inge...el.

Dit het dus vir nie-...nd verbaas toe Tiaan ...n die begin van die jaar ...plek in die Victoriane-...n kry nie en net daar-... in die Matie-span, wat ... klubtoernooi in Dur... gaan speel het, opge-...m word nie.

Sy puik vertoning dáár ... hom 'n plek in die ...P-span besorg en in sy ...rste wedstryd teen ...OK druk hy ook sy eer-... drie vir die streep-...ie. Ses wedstryde later ... WP, en die jong spe... word in dieselfde klas as Jan Boland Coetzee en Jan Ellis genoem. Kenners meen hy is die volgende Matie wat die Groen-en-Goud oor sy kop gaan trek.

Tiaan is vanjaar 'n derdejaar regstudent en woon in Wilgenhof. Sy ambisies strek oor 'n wye spektrum en hy sal graag sukses met sy studies sowel as sy sport wil behaal. Hy glo dat mens niks ontvang sonder dat mens daarvoor werk nie en daarom oefen hy voor en binne die seisoen baie hard. Hy draf meestal in die oggende en in die aande na 'n harde oefening. Wanneer die ander manne uitspan met 'n lager sal jy vir Tiaan kry waar hy besig is om tallose optrekke en opstote te doen.

Volgens Tiaan is daar net 'n handjievol dinge wat op die rugbyveld werk en dit is konsentrasie, krag, om altyd eerste by die bal te wees en om soos hy baie keer al gewys het – vir niks bang te wees nie.

# Ikey het Maties rugby geleer

IN 1879 het 'n klomp jong plasseuns op die Braak 'n skop-en-hardloop spel gespeel, wat hulle "association football" (sokker) genoem het. 'n Oud-student van die South African College (SAC'S, nou UCT), ene De Vos, het die studente van die Victoria College dopgehou.

Dit was hy, 'n oud-Ikey, wat hulle van 'n nuwe spel vertel het wat hulle in die Kaap speel:

"Dis amper soos 'Association', maar ons tel die bal op en hardloop daarmee in ons hande. Jy teken punte aan deur die bal agter die doelpale neer te sit. Die ander span moet jou keer. As hulle die bal kry moet jy die kêrel wat die bal het vang en op die grond neergooi."

Op daardie stadium nog is drieë net onder die pale toegelaat. Toe spanne in Engeland hulle verdediging daarop toespits dat hulle al hulle spelers tussen die pale instop om te verhinder dat die ander span punte kon aanteken, is hierdie reël later uitgebrei en 'n doellyn geskep.

Daar was toe al ander klubs in die Kaap wat hierdie spel gespeel het, onder meer Villagers, Hamiltons en natuurlik die SAC'S.

'n Wedstryd is toe tussen Stellenbosch en Kaapstad gereël. Die SAC'S het dit as 'n grap beskou. Hoe kon plattelanders die spel van die stad speel?

Stellenbosch het maroen en wit truie aan sonder krae, lang wit broeke, terwyl die SAC'S swart en wit gestreepte truie gedra het.

Stellenbosch was te sterk vir die SAC'S en het hulle deeglik gewen. Dié bitter pil kon hulle nie sluk nie en nog 'n wedstryd is vir dieselfde jaar gereël. Toe hulle weer verloor is die naam Stellenbosch gou met rugby verbind.

Daar is egter eers in 1911 eintlik 'n Intervarsity gespeel. Dit het as 'n "Intercollegiate" wedstryd bekend gestaan.

# Ikeys se taktiek deur agent ontbloot

SPIOENASIE-METODES is gister deur die speurtak van die Buro vir Intervarsity Dienste gebruik om die bestaan van verskeie verdenklike taktiese planne aan Ikey-kant te ontbloot.

Sersant Snywie Daman het in 'n persverklaring die metodes agter hierdie briljante stukkie speurwerk bekendgemaak.

Die Buro se agent op die vyandelike kampus, mnr U.C. Tee, was besig om die oefenveld van die Ikeys te myn, toe hy toevallig 'n gesprek tussen die spelers, wat besig was om taktiek in hulle hoofkwartiere te bespreek, gehoor het.

Hy het dadelik sy kortgolf afluisterapparaat (standaard toerusting vir die Buro) buite die kleedkamers in werking gestel. Op die manier kon hy vasstel watter monsteragtige planne die Ikeys beraam het om die wedstryd Saterdag te wen.

Plan A was maar 'n eenvoudige plan, en Stellenbosch kon maklik 'n teenvoeter daarvoor vind. As hulle ons Kampus sou bombardeer, sou ons dit aan hulle terug doen. Sersant Daman het bevestig dat hulle sulke dade in gelyke munt sou terugbetaal.

Maar dit was nie die ergste nie Plan B was nog meer verskriklik as enigiets wat die Buro nog van gehoor het. Die Ikeys sou dubbeltruie aantrek. In die skrums moes die Ikey voorspelers hulle moue oprol om nog 'n mou te ontbloot. Hierdie mou was Matie-maroen! Hulle sou dan met die moue ontbloot soveel as moontlik die bal in die skrum hanteer om uiteindelik die wedstryd met strafskoppe te wen.

Hierdie plan was moeiliker om teen te werk, maar uiteindelik iewers in die doolhowe van Admin het hulle op 'n ou dame afgekom.

Alhoewel sy effens kranksinnig was, (sy het kort-kort gegrinnik en die volgende woorde gemompel "Ek is tog in beheer..hê-hê..") het sy ingestem om soortgelyke truie te maak. Sersant Daman het beaam dat met die tegnologiese vooruitgang wat in die ingenieursfakulteit gemaak word, die plan tog met 'n redelike mate van sukses geneutraliseer sou word.

Ons agent het egter hom onder die omstandighede in toom gehou en verder geluister.

Sersant Daman vertel: "Ons het ons agent later in die hospitaal opgespoor, waar hy vir akute skok behandel was.

" Die nuus is egter van sulke aard dat ek eers moet vra dat alle fyngevoelige mense die kamer moet verlaat. (sulke lesers moet hier ophou lees.)

"Die vermetele Ikeys gaan... ", toe bars hy in trane uit.

Nadat hy homself reggeruk het, het hy verder gegaan en gesê: "Menere, ons sal ons nie laat intimideer nie. As die Ikeys hulle dreigemente gaan uitvoer sal ons geen alternatief hê as om op soortgelyke wyse op te tree nie."

Toe hy niks verder wou sê nie, het 'n verslaggewer van die Tamatie hom oor die Ikey-plan gepols.

"Menere.. " het Daman begin, "as die Ikeys van plan is om ons met harde eerlike hardloop-rugby te wen, sal ons geen alternatief hê as om self harde, eerlike hardlooprugby te speel nie."

Op hierdie stadium het die helfte van die joernaliste flou geval.


Bright Leaf vir geur.
Burley vir smaak.
Solouk vir aroma. Keurtabak deskundig vermeng vir diep bevredigende rookgenot.
Geurvol · Smaakryk
Die keur van tabak
REVERE
AMERICAN CIGARETTE COMPANY
1775
PAUL REVERE
PAUL REVERE
Ontdek egte rookgenot
PRT128/2AU